

University of Pretoria etd – Marais, J (2004)

**'n MAATSKAPLIKEWERKONDERSOEK NA DIE OPLEIDINGSBEHOEFTE VAN
DIE KINDERVERSORGER VAN DIE KLEUTER IN DIE KINDERHUIS**

deur

Juanita Marais

Voorgelê ter vervulling as deel van die vereistes vir die graad
MAGISTER ARTIUM IN MAATSKAPLIKE WERK – SPELTERAPIE
MA (Maatskaplike Werk) Spel terapie

FAKULTEIT GEESTESWETENSKAPPE

(Departement Maatskaplike Werk)

Universiteit van Pretoria

Pretoria

Studieleier: Dr. C.E. Prinsloo

Januarie 2004

Opgedra aan:

Sorgbehoewende kleuters wie weens omstandighede totaal buite hul beheer, afhanklik is van dié wie oor hul aangestel is, vir die heling van hul pyn en die vorming van hul menswees in 'n kritiese tydperk van hul lewe.

Dankbetuigings:

Opregte dank en waardering word aan die volgende persone en instansies betuig wat die voltooiing van hierdie studie moontlik gemaak het:

- Dank en waardering aan my studieleier, Dr. C.E. Prinsloo, wie my oor 'n lang tydperk gelei en bygestaan het in hierdie werk.
- Waardering, liefde en dank aan my mentor en pa, Fanie, vir sy ondersteuning in die voltooiing van die studies en ook sy onuitputbare bron van liefde, geduld en praktiese hulp.
- Liefde en waardering aan my suster, Lizelle en my ma, Gwen vir hul deurlopende ondersteuning en begrip.
- Opregte waardering en dank aan Pieter, vriende en familie wat my deurgaans bygestaan en gemotiveer het tot die voltooiing van hierdie studie.
- 'n Spesiale dankie aan my neef, dr. Frans Colesky, vir die bystand op die tegnologiese gebied.
- Dankie aan Lana Bakkes vir die taalversorging van die studie.
- Dank aan my Hemelse Vader wat my gelei het tot die keuse van hierdie onderwerp en ook die voltooiing daarvan.
- Opregte dank en waardering aan my kollegas van Durbanville Kinderhuis, wat deurlopende belangstelling getoon het in my studies en wie my ook tot die voltooiing hiervan gemotiveer het.
- Dank aan Moné, mede-studente en kollegas wie hul besondere kennis, insigte en vaardighede met my gedeel het en my ook hierdeur geïnspireer het in die verloop van hierdie studie.
- Dank en diepe bewondering aan elke kinderversorger, maatskaplike werker, onderwyser, sielkundige, administratiewe beampte, skoonmaker, drywer, faktotum, kok, voorradeklerk, vrywilliger, donateur, leraar en ander persone wie hulself in nederigheid bereidwillig verklaar om na die behoeftes en lewens van ons sorgbehoewende kleuters om te sien.
- Opregte dank aan elke persoon wat deelgeneem het aan die voltooiing van hierdie studie met spesifieke verwysing na mede-kinderhuise van BADISA.

OPSOMMING

‘n MAATSKAPLIKEWERKONDERSOEK NA DIE OPLEIDINGSBEHOEFTE VAN DIE KINDERVERSORGER VAN DIE KLEUTER IN DIE KINDERHUIS

deur

Juanita Marais

Studieleier: Dr. C.E. Prinsloo
Departement Maatskaplike werk
Graad: MA (MW) - Speltherapie

Die ondersoek bestaan uit twee afdelings. Eerstens ‘n literatuurstudie en tweedens ‘n empiriese ondersoek, wat uitgevoer is deur die voltooiing van ‘n vraelys. Die navorser se ondersoek is verkennend van aard, en kan as fondament vir verdere navorsing op hierdie gebied dien.

Die literatuurstudie het die saamstel van ‘n vraelys moontlik gemaak en bied sodoende die konteks waarbinne die empiriese ondersoek gedoen is. Die volgende aspekte is bespreek:

- Die ontwikkelingsfase van die kleuter
- Die ontwikkelingskenmerke van die kleuter
- Die implikasie van sorgbehoewendheid op die sorgbehoewende kleuter se ontwikkeling.
- Die rol en take van die kinderversorger binne die konteks van lewensruimte behandeling

Die empiriese ondersoek behels die samestelling van ‘n vraelys wat die kinderversorger wat omsien na die kleuter, se opleidingsbehoefte bepaal. Vanuit die data wat verkry is uit die empiriese ondersoek, is die gevolgtrekking gemaak dat die kinderversorger wat omsien na die kleuter omvattende opleidingsbehoefte ten opsigte van hul versorgingstaak beleef.

Aanbevelings is gemaak omtrent wyses waarop organisasies wat met kinder- en jeugsorg werk bemoei is, kan toesien dat kinderversorgers die regte opleiding ontvang en vervolgens toegerus word om hul taak suksesvol deur te voer.

SUMMARY

'N SOCIAL WORK INVESTIGATION ON THE TRAINING NEEDS OF THE CHILD CARE WORKER THAT CARES FOR THE TODDLER IN THE CHILDREN'S HOME

By

Juanita Marais

Study leader: Dr. C.E. Prinsloo
Department of Social Work
Degree: MA (SW) - Play therapy

The research comprises of two divisions. Firstly a literature study and secondly an empirical research which was performed by the compiling and completion of a questionnaire. The researcher's investigation was a reconnoitring study and can be the foundation of further research in this field.

The literature study made the compilation of the questionnaire possible and thus provides the context within which the empirical study was conducted, by means of discussing the following:

- The developmental phase of the toddler
- The developmental characteristics of the toddler
- The implication of being in need of care on the development of the toddler.
- The role and tasks of the child care worker in the context of lifespace work with children.

The empirical study comprised of the completion of a questionnaire that determined the training needs of the child care worker who works with the toddler. Based on the data received through the empirical study the conclusion was made that child care workers, working with the toddler experience numerous training needs.

Recommendations are made concerning ways in which organisations who are involved in child and youth care can see to it that the child care workers receive adequate training that will equip them to execute their task successfully.

INHOUDSOPGAWE**BLADSY****HOOFSTUK 1: ALGEMENE INLEIDING**

1.1	Inleiding	1
1.2	Motivering vir die keuse van die onderwerp	1
1.3	Probleemformulering	2
1.4	Doelstelling en Doelwitte van die studie	4
1.4.1	Doelstelling	4
1.4.2	Doelwitte	4
1.5	Navorsingsvraag	4
1.6	Navorsingsbenadering	5
1.7	Soort navorsing	5
1.8	Navorsingsontwerp	6
1.9	Navorsingsprosedure en werkswyse	7
1.10	Voorondersoek	7
1.10.1	Literatuurstudie	8
1.10.2	Konsultasie met kundiges	8
1.10.3	Uitvoerbaarheid van die studie	9
1.10.4	Toetsing van meetinstrument	9
1.11	Omskrywing van die universum, afbakening van die steekproef en wyse van steekproefneming	10
1.12	Etiese aspekte	10
1.13	Definisies van hoofkonsepte	13
1.13.1	Kinderhuis	13
1.13.2	Kinderversorger	13
1.13.3	Kleuter	14
1.14	Indeling van die navorsingsverslag	14

HOOFSTUK 2:**BLADSY****KLEUTERONTWIKKELING EN DIE INVLOED VAN PLASING IN
'N KINDERHUIS**

2.1	Inleiding	15
2.2	Die kleuterjare as 'n ontwikkelingsfase	16
2.3	Fisiese ontwikkeling	17
2.3.1	Kenmerke van die kleuter se fisieke ontwikkeling	17
2.3.2	Kenmerke van die sorgbehoewende kleuter se fisieke ontwikkeling	19
2.4	Kognitiewe ontwikkeling	20
2.4.1	Kenmerke van die kleuter se kognitiewe ontwikkeling	20
2.4.2	Kenmerke van die sorgbehoewende kleuter se kognitiewe ontwikkeling	23
2.5	Emosionele ontwikkeling	25
2.5.1	Kenmerke van die kleuter se emosionele ontwikkeling	25
2.5.2	Kenmerke van die sorgbehoewende kleuter se emosionele ontwikkeling	28
2.6	Normatiewe en sedelike-religieuse ontwikkeling	30
2.6.1	Kenmerke van die kleuter se normatiewe en sedelike-religieuse ontwikkeling	30
2.6.2	Kenmerke van die sorgbehoewende kleuter se normatiewe en sedelike-religieuse ontwikkeling	31
2.7	Sosiale ontwikkeling van die kleuter	32
2.7.1	Kenmerke van die kleuter se sosiale ontwikkeling	32
2.7.2	Kenmerke van die sorgbehoewende kleuter se sosiale ontwikkeling	34
2.8	Selfkonsepontwikkeling by die kleuter	35
2.8.1	Kenmerke van die kleuter se selfkonsepontwikkeling	35
2.8.2	Kenmerke van die sorgbehoewende kleuter se selfkonsepontwikkeling	36
2.9	Samevatting	37

HOOFSTUK 3:**BLADSY****DIE ROL EN TAAK VAN DIE KINDERVERSORGER IN 'N RESIDENSIËLE
OPSET**

3.1	Inleiding	38
3.2	Kinder- en jeugsorg in die praktyk	38
3.3	Die kinderversorger as persoon	39
3.4	Die onderskeid tussen nie-terapeutiese en ontwikkelingsgerigte terapeutiese kinder-en jeugsorgpraktyke	40
3.4.1	Nie-terapeutiese kinder-en jeugsorgpraktyke	41
3.4.2	Ontwikkingsgerigte terapeutiese kinder-en jeugsorg praktyke	42
3.5	Lewensruimte behandeling	42
3.5.1	Fisiese spasie	43
3.5.2	Sosiale spasie	44
3.5.3	Organisasie	44
3.6	Kenmerke van kinder-en jeugsorgwerk	45
3.7	Persoonlike en professionele ontwikkeling van die kinderversorger	50
3.7.1	Die self	50
3.7.2	Kennis	51
3.7.3	Vaardighede	52
3.8	Samevatting	52

HOOFSTUK 4:**BLADSY****‘n EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE OPLEIDINGSBEHOEFTE VAN DIE KINDERVERSORGER WAT OMSIEN NA DIE KLEUTER**

4.1	Inleiding	54
4.2	Resultate verkry vanuit die kwantitatiewe vraelys	55
4.2.1	Geslag en huistaal	55
4.2.2	Die tydperk wat die respondente reeds die beroep beoefen	56
4.2.3	Ouderdomsverspreiding	56
4.2.4	Opleidingsvlak van die respondente	58
4.2.5	Formele opleiding wat die respondente ontvang het om hulle toe te rus vir hulle taak as kinderversorger	59
4.2.6	Opleiding wat spesifiek die hantering van die kleuter aanspreek	61
4.2.7	Indiensopleiding	64
4.2.8	Supervisie	65
4.2.9	Moeilikhedsgraad van kinders	67
4.2.9.1	Die invloed van die groepgrootte	67
4.2.9.2	Die invloed van groepsamestelling	70
4.2.9.3	Respondente se belewenis ten opsigte van die moeilikhedsgraad van kinders se gedrag	71
4.2.9.4	Respondente se voorkeur ten opsigte van groepsamestelling met verwysing na ouderdom en die aantal kinders	74
4.3	Opleidingsbehoefte van kinderversorgers	76
4.3.1	Begrip en hantering van die effek van verwydering	79
4.3.2	Kennis omtrent die rouproses en die hantering daarvan	80
4.3.3	Begrip vir en hantering van uitdagende gedrag en die dissiplinering van die sorgbehoewende kleuter	81
4.3.4	Hantering van ontwikkelingsagterstande	83
4.3.5	Konkrete aanbieding van gedragshanteringsmeganismes	85
4.4	Aanbieding van programme	90
4.5	Samevatting	91

HOOFSTUK 5:**BLADSY****ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS**

5.1	Inleiding	92
5.2	Doelstelling	92
5.3	Kleuterontwikkeling en die invloed van plasing in 'n kindershuis	92
5.3.1	Algemene Samevatting	92
5.3.2	Gevolgtrekkings	93
5.3.3	Aanbevelings	94
5.4	Die rol en taak van die kindersversorger in 'n residensiële opset	94
5.4.1	Inleiding	94
5.4.2	Gevolgtrekkings	95
5.4.3	Aanbevelings	96
5.5	'n Empiriese ondersoek na die opleidingsbehoefte van die kindersversorger wat omsien na die kleuter	97
5.5.1	Algemene Samevatting	97
5.5.2	Gevolgtrekkings	98
5.5.3	Aanbevelings	100
5.6	Toetsing van doelstellings en doelwitte	102
5.6.1	Doelstellings	102
5.6.2	Doelwitte	102
5.6.2.1	Doelwit 1	102
5.6.2.2	Doelwit 2	102
5.6.2.3	Doelwit 3	103
5.7	Navorsingsvraag	103
5.8	Slotopmerking	103
6	Bibliografie	104

LYS VAN TABELLE:**BLADSY**

Tabel 1	Opleidingsvlak van respondente	58
Tabel 2	Formele opleiding wat die respondente ontvang het om hulle toe te rus vir hulle taak as kinderversorger	59
Tabel 3	Motivering van respondente ten opsigte van watter opleiding hul ontvang het om hul taak as kinderversorger uit te voer	61
Tabel 4	Respondente se motivering omtrent die waarde wat opleiding tot hul werkverrigting ten opsigte van die kleuter toegevoeg het	63
Tabel 5	Respondente se redes waarom die moeilikheidsgraad van die versorgingstaak verhoog namate die groepgrootte toeneem	69
Tabel 6	Respondente se redes waarom die moeilikheidsgraad van die versorgingstaak nie verhoog namate die groepgrootte toeneem nie	70
Tabel 7	Respondente se motivering van waarom kinders se gedrag oor die afgelope paar jaar moeiliker hanteerbaar geraak het	73
Tabel 8	Respondente se motivering vir hul keuse van groepsamestelling	75
Tabel 9	Motivering van opleidingsbehoefte om die rouproses te verstaan en te kan hanteer ten opsigte van die kleuter	81
Tabel 10	Motivering vir opleidingsbehoefte om uitdagende gedrag van 'n kleuter te hanteer	82
Tabel 11	Motivering vir opleidingsbehoefte omtrent die dissiplinerings van die kleuter	83
Tabel 12	Motivering vir opleidingsbehoefte omtrent konkrete aanbieding van gedragshanteringsmeganismes	88
Tabel 13	Spesifieke opleidingsbehoefte soos deur respondente weergegee	88
Tabel 14	Spesifieke opleidingsbehoefte ten opsigte van die hantering van die kleuter teenoor die ouer kind.	89
Tabel 15	Tipe programme/aktiwiteite wat deur respondente aangebied word	90

LYS VAN FIGURE:**BLADSY**

Figuur 1	Taal van die respondente	55
Figuur 2	Geslag van respondente	55
Figuur 3	Tydperk wat respondente die beroep beoefen	56
Figuur 4	Ouderdomsverspreiding van respondente	57
Figuur 5	Mate waartoe opleiding ontvang, die taak van die kinderversorger vergemaklik	60
Figuur 6	Opleiding ontvang spesifiek oor die versorging van kleuters	61
Figuur 7	Die mate waarin die opleiding ontvang die kinderversorger se versorgingstaak ten opsigte van die kleuter vergemaklik	63
Figuur 8	Aantal resondente wat indiensopleiding ontvang	64
Figuur 9	Die waarde van indiensopleiding	64
Figuur 10	Aantal respondente wat supervisie ontvang	65
Figuur 11	Frekwensie van supervisie	66
Figuur 12	Die mate waartoe supervisie respondente toerus om hul taak te verrig	66
Figuur 13	Persone van wie supervisie ontvang word	67
Figuur 14	Groepgrootte van kinders wat versorg word	68
Figuur 15	Die mate waartoe die groepsgrootte die moeilikheidsgraad van die versorgingstaak beïnvloed	68
Figuur 16	Groepsamestelling ten opsigte van ouderdomsgroepe	70
Figuur 17	Respondente se keuse ten opsigte van groepsamestelling	71
Figuur 18	Beskrywing van kinders se gedrag	71
Figuur 19	Mate waarin kinders se gedrag oor die afgelope paar jaar moeiliker hanteerbaar geword het	72
Figuur 20	Voorkeur van respondente ten opsigte van groepsamestelling met verwysing na ouderdom en die aantal kinders per groep	74
Figuur 21	Respondente se behoefte aan opleiding in die hantering van die gedragsmoeilike kleuter	78
Figuur 22	Opleidingsbehoefte soos bepaal vanuit vraelys	79
Figuur 23	Respondente se vermoë om 'n onderskeid te kan tref in die hanteirng van die kleuter en die ouer kind	89
Figuur 24	Aantal respondente wat programme aanbied	90

LYS VAN BYLAES:

Bylaag 1 Vraelys

Bylaag 2 Ingeligte toestemmingsvorm

HOOFSTUK 1 ALGEMENE INLEIDING

1.1 INLEIDING

Jennings (1993:28) meld dat die wyse waarop 'n kind ontwikkel, afhanklik is van sy interaksiepatrone binne 'n gesin en ondergeskik is aan kulturele invloede. Die aktiwiteit tussen die ouer en die kind is volgens Jennings (1993:28) dus krities in die ontwikkeling van die kind se liggaamsbeeld en ook die selfbeeld. Die kind leer die self dus in der waarheid deur die oë van die versorger ken.

Die sorgbehoewende kind word vanuit sy ouers se sorg verwyder weens die ouers se onvermoë om na die welsyn van die kind om te sien. Dit het volgens verskeie skrywers (Porter, 1983:78; Van der Merwe, 1987:5; Roberts, 1990:33, Fouche en Nieuwoudt, 1991:165 en Kroon, 1993:54) 'n drastiese implikasie vir die kind se ontwikkeling en ook die wyse waarop die kind homself, ander en die wêreld beskou. Die versorging van die sorgbehoewende kind is volgens die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Kinder en Gesinswelsyn (1987:6) 'n baie gekompliseerde taak.

Kinders word slegs as 'n laaste uitweg uit hulle ouers se sorg verwyder en in residensiële sorg geplaas (Harvey, 1994:9). Die verskynsel beteken volgens Barnes (1985:7) dat die kind wat in residensiële sorg geplaas word, ernstig getraumatiseerd is en die implikasie hiervan is dat die uitdaging wat aan kinderhuispersoneel gestel word, verander het.

1.2 MOTIVERING VIR DIE KEUSE VAN DIE ONDERWERP

Van der Merwe (1987:3) meld dat 'n normale huisgesin gewoonlik bestaan uit 'n ouerpaar en twee tot vier kinders. Die ouerpaar voorsien in die gesin se basiese behoeftes en vorm ook 'n samebindende faktor waarbinne kultuur, waardes en norme aangeleer word. Die gesin bied aan die kind 'n veilige hawe teen aanslae van die wêreld deurdat dit as 'n leerskool funksioneer waarbinne die kind vaardighede aanleer.

Die sorgbehoewende kind word volgens Van der Merwe (1987:3) blootgestel aan multi-problematiese gesinne waar die ouers nie oor die nodige interne of eksterne

hulpbronne beskik om aan die kind die nodige struktuur, veiligheid, sekuriteit of leiding te bied tot voordeel van sy of haar ontwikkeling nie. As gevolg van die gesinstruktuur se funksionering beleef die kinders verskeie emosionele, sosiale, kognitiewe, fisiese en morele uitdagings wat hulle ouers en die gemeenskappe waarvandaan hulle afkomstig is nie onafhanklik kan aanspreek nie. Die kind wat uit sy ouers se sorg verwyder word se emosionele ervaringswêreld is volgens Van der Merwe (1987:5) vol onsekerheid, dualisme en konflik.

Daar is volgens die Witskrif vir Maatskaplike Welsyn (1997:59) 'n toename in die aantal kinders wat weg van die huis versorg word. Volgens die Departement van Welsyn is daar tans 29 000 kinders in residensiële sorg en 39 204 kinders in pleegsorg (Witskrif vir Maatskaplike Welsyn, 1997:59).

Vanuit die navorser se praktykervaring as maatskaplike werker by die kleuterafdeling van 'n kinderhuis het dit geblyk dat die kinderversorgers nie oor genoeg kennis of vaardighede beskik ten opsigte van die kleuter se ontwikkelingsfase, die implikasie van verwydering op die kind se gedrag en die rouproses wat die kind beleef as gevolg van verwydering en plasing in 'n kinderhuis nie. Kinderversorgers ontvang opleiding in kinderversorging, maar die opleiding is nie voldoende om die kinderversorger toe te rus om toepaslik op te tree in die hantering van die kleuter se gedrag nie.

1.3 PROBLEEMFORMULERING

'n Kinderversorger is volgens Lloyns (1993:4) die persoon wat die sorgbehoewende kind bemagtig tot onafhanklike, selfversekerde en verantwoordelike optrede binne 'n gesin of gemeenskap. Die kinderversorger is vir die grootste gedeelte van die dag in kontak met die kind binne die kind se leefwêreld. Trieschman (1969:3) motiveer dat die tyd wat die kinderversorger op 'n daaglikse basis met die kind spandeer, dien as 'n terapeutiese instrument wat 'n geweldige impak op die kind het. Deur optimale benutting van hierdie tyd kan die kinderversorger alledaagse lewensaktiwiteite gebruik om vir die kind 'n rolmodel te wees en sodoende sy gedrag te beïnvloed, asook om hom nuwe vaardighede aan te leer en in te oefen.

Dit is die taak van personeel in 'n kindershuis om die behoeftes en ontwikkelingsagterstande van die sorgbehoewende kind aan te spreek en Van der Merwe (1987:5) meld tereg dat dit 'n moeilike taak asook 'n besondere roeping is wat volharding verg.

Van der Merwe (1996:6) meen dat kliniese werk met die kind binne maatskaplike werk 'n spesialiteitsrigting is en dat spesifieke kennis, vaardighede asook die juiste houding nodig is ten einde suksesvolle intervensie deur te voer. Daar word geargumenteer dat die kinderversorgers ook spesialiteitskennis benodig in hul werk met kinders.

Die versorging van sorgbehoewende kinders in 'n kindershuis word behartig deur kinderversorgers wat omsien na die daaglikse versorging van die kind deurdat hul betrokke is by die kind se lewensruimte en 'n verskeidenheid van rolle, soortgelyk aan die rolle van 'n ouer, vervul. Wanneer 'n kind in inrigtingsorg geplaas word, meld Fouche & Niewoudt (1991:165) dat die kind se sielkundige skade herstel moet word en begeleiding ten opsigte van aanpassing in die nuwe milieu ook moet plaasvind. Die kind se persoonlike reaksie op die redes vir verwydering, die rouproses, asook die aanpassing in 'n nuwe milieu kom nie net na vore tydens 'n terapeutiese sessie nie, maar intendeel eerder tydens spel en ander alledaagse aktiwiteite. Die alledaagse aktiwiteite in die kind se lewensruimte staan onder leiding van die kindersversorger en daarom huldig die navorser die opinie dat dit juis hierdie persoon is wat spesialiteitskennis, vaardighede en die regte houding benodig wat op 'n professionele wyse aangewend moet word om die sorgbehoewende kind suksesvol te hanteer.

Steenberg (1995:35) en Van der Merwe (1987:3) meld beide dat die trauma van verwydering groter raak hoe jonger die kind is. Verwydering gedurende die vroeë kinderjare inhibeer volgens Steenberg (1995:35) primêre behoeftebevrediging en gevolglik ook persoonlikheidsontwikkeling. Die versorging van die kleuter in inrigtingsorg is dus uiters belangrik in die persoon se totale menswording en vereis spesifieke vaardighede weens die unieke kwaliteite gekoppel aan hierdie ontwikkelingsfase. Vanuit die navorser se betrokkenheid as maatskaplike werker by kinderversorgers wat kleuters versorg, het dit geblyk dat die kindersversorger sukkel om die dinamika van die spesifieke ontwikkelingsfase te verstaan. Daar is ook deur die navorser gevind dat die kindersversorgers se kennisbasis nie sterk genoeg is om

aan hulle 'n verwysingsraamwerk te bied waarvolgens die implikasies van die kleuter se verwydering op sy gedrag begryp en hanteer kan word nie.

In die lig van die opleidingsbehoefte bepaal vanuit die empiriese studie, behoort daar dringend aandag geskenk te word aan die opleidingsbehoefte van die kinderversorger wat omsien na die sorgbehoewende kleuter in residensiële sorg.

1.4 DOELSTELLING EN DOELWITTE

1.4.1 Doelstelling

Om ondersoek in te stel na die opleidingsbehoefte van die kinderversorger, werksaam in kinderhuise van Badisa in die Wes Kaap, wat na die versorging van die kleuter in die kinderhuis omsien.

1.4.2 Doelwitte

Die volgende doelwitte is geïdentifiseer ten einde die bogenoemde doelstelling te bereik:

- Om ondersoek in te stel na kleuterontwikkeling en die effek van plasing in 'n kinderhuis op die kleuter se ontwikkeling en gedrag.
- Om ondersoek in te stel na die aard van die opleidingsbehoefte van die kinderversorgers van kleuters in kinderhuise.
- Om aan die hand van die ondersoek gevolgtrekkings en aanbevelings te maak vir verdere optrede ten opsigte van opleiding aan die kinderversorger wat met die kleuter in die kinderhuis werk.

1.5 NAVORSINGSVRAAG

Volgens Fouche en De Vos (1998b:124) verken die navorser in 'n verkennende studie 'n navorsingsvraag waarvan min of geen kennis beskikbaar is nie. Die doel van die studie is om veralgemenings omtrent 'n onderwerp te identifiseer en daarna 'n hipotese te ontwikkel wat later ondersoek en getoets kan word met meer presiese en komplekse navorsingontwerpe en datainsamelingstegnieke.

Die navorsingsvraag wat vir die doel van die studie geformuleer is, is die volgende:

Wat is die aard van die opleidingsbehoefte van die kinderversorger wat na kleuters in 'n kinderhuis omsien?

1.6 NAVORSINGSBENADERING

Volgens Mouton en Marais (in De Vos 1998:357) is kwantitatiewe navorsing 'n benadering wat formeel, duidelik en gekontroleerd plaasvind en waar die omvang bekend is. Reid en Smith (in De Vos 1998:357) gaan verder en noem ook dat so 'n studie gefokus is deurdat spesifieke vrae deur die verloop van die ondersoek gestel word en die rol van die navorser deurgaans objektief bly. Die data-insamelingsprosedures en die tipe meetinstrumente is ook vooraf bepaal en word op 'n gestandaardiseerde manier toegepas. Veranderlikes word gekwantifiseer deur frekwensie- en rangorde tabelle. Die resultate word verkry deur middel van statistiese ontleding.

Vir die doeleindes van hierdie studie het die navorser van die kwantitatiewe navorsingsbenadering gebruik gemaak. Beide oop en geslote vrae is deur middel van 'n vraelys aan die respondente gestel. Die geslote vrae is gekwantifiseer. Die oop vrae het die navorser in staat gestel om temas van ooreenstemming al dan nie te bepaal, wat ook gekwantifiseer is.

1.7 SOORT NAVORSING

Huysamen (1993:35) huldig die standpunt dat toegepaste navorsing gedoen word met die spesifieke doel om 'n oplossing te vind vir die een of ander psigologiese, opvoedkundige of maatskaplike probleem in die kliniese-, voorligtings-, opvoedkundige-, bedryfs-, militêre-, forensiese sielkunde of maatskaplike werk.

Toegepaste navorsing word volgens Fouche en De Vos (1998:69) gedoen wanneer die navorsing lig wil werp op 'n onderwerp of moontlike oplossings wil voorstel vir praktiese probleme. Vir die doeleindes van hierdie studie wil die navorser lig werp op die opleidingsbehoefte van die kinderversorger wat omsien na die kleuter in 'n kinderhuis en bepaal of die opleiding wat hulle tans ontvang hulle toerus met die juiste kennis, vaardighede en houding om hulle taak suksesvol te kan deurvoer.

1.8 NAVORSINGSONTWERP

Huysamen (1993:11) en Thyer (in De Vos, 1998:123) stem ooreen dat die navorsingsontwerp die bloudruk of die plan is waarvolgens die studie deurgevoer word. Dit is bepalend van die wyse waarop data ingesamel word, veranderlikes geoperasionaliseer word sodat hulle gemeet kan word, steekproewe gemaak word, die hipotese getoets word en die data op die mees ekonomiese manier geanaliseer word.

Die doel van verkennende navorsing is volgens Grinnell en Williams (1990:140) om 'n relatiewe onbekende navorsingsarea te ondersoek. Die navorser ondersoek 'n navorsingsvraag oor 'n tema waarvan min of geen kennis bestaan.

Die ontwerp is buigbaar, informeel en klein steekproewe word gebruik wat nie noodwendig verteenwoordigend hoef te wees nie. Die bogenoemde skrywers identifiseer die volgende uitkomst vir verkennende navorsing, naamlik:

- om nuwe insigte ten opsigte van 'n verskynsel te bepaal en veralgemenings omtrent 'n verskynsel te identifiseer;
- om 'n voorlopige studie te doen oor 'n verskynsel alvorens 'n meer gestruktureerde ondersoek aangepak word;
- om die sentrale konsepte en konstruksie vir 'n studie te identifiseer;
- om prioriteite vir toekomstige navorsing te bepaal; en
- om 'n nuwe hipotese omtrent 'n wesenlike verskynsel te formuleer.

Die navorser wil ondersoek instel na kinderversorgers se behoefte aan opleiding ten opsigte van wyses waarop die kleuter in hulle sorg hanteer kan word. Vir hierdie doeleindes sal 'n verkennende ontwerp gebruik word aangesien daar geen inligting omtrent die onderwerp bestaan nie.

1.9 NAVORSINGSPROSEDURE EN WERKWYSE

Volgens Strydom (1998:142) is die essensie tot suksesvolle intervensie die vermoë om te kan demonstreer dat die toegepaste intervensietegnieke effektief is. Daar word deur Strydom (1998:142) gemeld dat sekere stappe algemeen is in maatskaplikewerkspraktyk en -navorsing. Hierdie stappe het 'n logiese volgorde en dien as 'n skakel tussen die teorie en die praktyk.

Kinderversorgers ontvang wel formele opleiding asook indiensopleiding. Die navorser wou egter vasstel of die opleiding die kinderversorger, na hulle opinie, toerus en bemagtig met die nodige kennis en vaardighede om suksesvol na die kleuter om te sien.

Inligting is verkry deur middel van 'n selfontwikkelde vraelys wat aan die respondente gepos is en weer deur die navorser by die verskillende kinderhuise afgehaal is. Huysamen (1993:132) meld dat vrae in 'n vraelys oop of geslote kan wees afhangende van die doel van die studie en die inligting wat vervolgens bekom moet word. Met 'n oop vraag kry die respondent geleentheid om 'n eie antwoord te formuleer en met 'n geslote vraag kan respondente tussen twee of meer alternatiewe die een kies wat op hulle van toepassing is. Vir die doeleindes van die studie is beide oop en geslote vraagstelling benut ten einde inligting te bekom. Die kwantitatiewe data is numeries verwerk (Van Zyl & De Vos, 1998:271).

1.10 VOORONDERSOEK

'n Voorondersoek word volgens Huysamen (1993:205) uitgevoer vóór die deurvoering van die werklike navorsing. 'n Voorondersoek word gedoen op 'n beperkte aantal proefpersone wat aan dieselfde kriteria voldoen as dié van die respondente van die studie en van dieselfde populasie afkomstig is. Die doel van 'n voorondersoek is volgens Huysamen (1993:205) om die uitvoerbaarheid van die navorsingsprojek te ondersoek en om die doeltreffendheid en effektiwiteit van die meetinstrument te toets.

1.10.1 Literatuurstudie

Volgens De Vos (1998:64 - 71) help 'n literatuurstudie die navorser om te bepaal watter veranderlikes relevant is tot die studie, wat die verband tussen die veranderlikes is asook wat die beste manier is om verandering in die veranderlikes te bewerkstellig.

Die volgende weë is met die hulp van die personeel by die Akademiese Inligtingsdiens van die Universiteit van Pretoria benut om inligting in te samel:

- HRSC - uitdruk van die huidige voltooide navorsing in Suid-Afrika
- CD-Rom databasis vir internasionale artikel en tydskrifte
- SABINET – vir al die Suid-Afrikaanse artikels en boeke
- Literatuur versamel vanuit die teoretiese gedeelte van die kursus

Beide nasionale en internasionale literatuur is vir die doel van die aanvanklike literatuurondersoek gebruik.

1.10.2 Konsultasie met kundiges

Literatuur oor 'n spesifieke onderwerp dek volgens Strydom (1998:180) slegs 'n gedeelte van die kennisbasis in 'n veld. In 'n uitgebreide veld soos maatskaplike werk spesialiseer mense outomaties en beskik hulle volgens Strydom (1998:180), as kundiges op 'n terrein, oor 'n breë kennisbasis wat waardevol is om te ontgin.

Gesprekke is met die volgende kundiges in die veld gevoer:

In gesprek met die hoof van die kindershuis, me. A Bezuidenhout, asook die navorser se praktyksupervisor, me K.L. Louw, het beide aangedui dat daar waarde is in die uitbouing van die vaardighede van die kinderversorger. Hulle dui aan dat die kinderversorger 'n groot verantwoordelikheid het ten opsigte van die versorging van die kind en in 'n posisie is om waardevolle insette te lewer. Baie kinderversorgers ontvang egter geen opleiding vir die uitdagende taak van die versorging van emosioneel getraumatiseerde kinders nie.

Gesprekssessies met die onderwyseres van die pre-primêre skool, me. A Linde en die speelskoolonderwyseres, me. A Van Niekerk, wat die kinders van die kindershuis akkommodeer, dui daarop dat hulle ervaar dat kindershuiskleuters geweldig baie

gedragsprobleme openbaar wat selfs vir hulle moeilik is om te hanteer ten spyte van hulle opleiding. Hulle meld albei dat die tradisionele hanteringsmeganismes geen invloed het op die kinderhuiskleuter nie en soms net hulle gedrag vererger. Hulle openbaar 'n groot behoefte aan leiding in die hantering van die kinderhuiskleuter ten opsigte van spesifieke tegnieke wat in spanverband met veral die kinderversorger en dan ook die maatskaplike werker toegepas kan word.

Twee sielkundiges, me A Louw en me. S Schoeman, wat kinders van die kinderkuis vir terapie neem, het die gebrek aan ouerskapsvaardighede, veral in 'n veranderende wêreld, bevestig. Vanuit hulle werk met die kleuters van die kinderkuis het dit duidelik geblyk dat daar juis as gevolg van onkunde by die kinderversorger 'n gebrek is aan die vermoë om die kind se gedrag tot voordeel van beide partye te hanteer.

Die basiese kwalifikasie in kinderversorging fokus slegs op die kind vanaf die ouderdom van ses jaar. Die hoër kwalifikasie in kinderversorging wat aangebied word in samewerking met die Nasionale Vereniging van Kinderversorging en die Technikon SA verskaf wel inligting rondom die ontwikkelingsfases van die kleuter asook die ontwikkelingsteorieë. Dit is egter 'n relatiewe nuwe kursus waaraan min kinderversorgers blootgestel is.

1.10.3 Uitvoerbaarheid van die studie

Weens die feit dat die navorser werksaam was by die kinderkuis, is die uitvoerbaarheid van die studie vergemaklik. Die studie word as waardevol beskou deur die bestuur van die kinderkuis en die nodige toestemming is verleen. Koste was minimaal en tyd vir die studie was nie 'n probleem nie aangesien dit as deel van die navorser se werksaamhede geag is.

1.10.4 Toetsing van die meetinstrument

De Vos (1998:158) meen dat dit ten alle tye belangrik is om nuut saamgestelde vraelyste in hulle semi-finale vorm deeglik deur middel van 'n voortoets te toets. Grinnell en Williams (1990: 93 – 95) brei verder hierop uit deurdat hulle meld dat die evaluering van die voortoets bepaal of die meetinstrument effektief is om te meet wat dit veronderstel is om te meet. Vanuit die voortoets bepaal die navorser ook of die instrument prakties, betroubaar en geldig is.

Die voortoets is gedoen met twee kinderversorgers wat op daardie tydstip of voorheen werksaam was met kleuters. Hierdie kinderversorgers het nie deel uitgemaak van die finale respondentegroep nie. Op grond van die evaluering van die vraelys tydens die voortoets was geen aanpassings gemaak aan die vraelys nie.

1.11 OMSKRYWING VAN DIE UNIVERSUM, AFBAKENING VAN STEEKPROEF EN WYSE VAN STEEKPROEFNEMING

Die universum vir hierdie studie is alle kinderversorgers van kleuters. Die populasie is alle kinderversorgers van kleuters in die Wes Kaap se kinderhuise onder leiding van Badisa, die Nederduits Gereformeerde Kerk Maatskaplike Dienste. Huysamen (1993:46) noem dat navorsers doelgerigte steekproewe neem wanneer respondente verteenwoordigend moet wees van 'n sekere populasie. Volgens Strydom en De Vos (1998:198) is hierdie tipe steekproef gebaseer op die oordeel van die navorser wat die respondente kies wat oor die meeste kenmerke en eienskappe tipies aan die populasie beskik. Die enigste twee kriteria waaraan die respondente vir hierdie studie moes voldoen, is die volgende:

- Hulle moes in diens wees van een van die kinderhuise onder leiding van Badisa, die Nederduits Gereformeerde Kerk Maatskaplike Dienste in die Wes Kaap.
- Hulle moes verantwoordelik wees vir die versorging van kleuters.

Die respondente was 15 kinderversorgers, werksaam met kleuters, in al drie kinderhuise van die Nederduits Gereformeerde Kerk Maatskaplike Dienste in die Wes Kaap. Een van die vier kinderhuise het nie toestemming verleen om die navorsing te voltooi nie.

1.12 ETIESE ASPEKTE

Etiek word deur Strydom (1998:24) beskryf as: “ *a set of moral principles which is suggested by an individual or group, is subsequently widely accepted, and which offers rules and behavioral expectations about the most correct conduct towards experimental subjects and respondents, employers, sponsors, other researchers, assistants and students*”. Dit is die navorser se primêre verantwoordelikheid om eties en korrek op te tree (Strydom, 1998:23). Die navorser is aanspreeklik vir die positiewe en negatiewe gevolge van elke besluit wat geneem word.

Vir die doeleindes van die studie sal sekere etiese aspekte beskryf word soos dit deur Strydom (1998: 25 – 34) omskryf word.

➤ **Voorkoming van skade aan die respondente**

Die navorsing was van so 'n aard dat geen fisiese en/of emosionele skade aan die respondente berokken is nie. Indien die repondente egter enige teken van ongemak getoon het en die behoefte aan verdere ondersteuning uitgespreek is, is die betrokke respondent vir hulp na die maatskaplike werkers en/of hoofde van die kinderhuise verwys.

➤ **Die bevoegdheid van die navorser**

Die navorser is gekwalifiseer as 'n maatskaplike werker en geregistreer by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoep. Die teoretiese en praktiese vereistes van die MA (MW) Spel terapie-graad is reeds suksesvol voltooi.

➤ **Ingeligte toestemming**

Die navorser is in die uitvoering van hierdie studie ondersteun deur die personeel van die kinderhuis, onderwyseresse werksaam met kinderhuiskleuters, sielkundiges wat dienste lewer aan die kinderhuiskleuter asook die bestuur van die Nederduits Gereformeerde Kerk Maatskaplike Dienste wat goedkeuring gegee het vir die onderneming van die studie. Drie van die vier kinderhuise het toestemming tot die navorsing verleen.

Andrew Murray Kinderhuis het egter nie toestemming tot die navorsing toegestaan nie op grond van die feit dat hulle geweldig baie aansoeke om navorsing kry en volgens hulle nie terugvoering of erkenning van die navorsers kry nie. Dit kan gemeld word dat hulle in Wellington gestasioneer is waar 'n opleidingsinstansie vir onder andere maatskaplike werkers en onderwysstudente is en daar word vermoed dat die kinderhuis om hierdie rede baie aansoeke om navorsing kry. Die kinderversorgers van kleuters in hierdie kinderhuis is dus nie as respondente betrek nie.

Die respondente is gevra om 'n ingeligte toestemmingsbrief te onderteken waarin hulle ten opsigte van die aard en verloop van die studie ingelig is asook ten opsigte van die vertroulike aard van gegewens.

➤ **Misleiding van respondente**

Die doel van die studie is skriftelik met behulp van 'n dekbrieff aan die respondente uiteengesit. Respondente kon die navorser enige tyd kontak indien meer inligting verlang is. Geen respondent is mislei deur die studie nie en die respondente se toestemming tot deelname aan die studie is skriftelik verkry. Respondente kon enige tyd van die ondersoek onttrek.

➤ **Beskerming van privaatheid**

Die vraelyste is anoniem voltooi en respondente kon die ingevulde vraelys in 'n koevert verseël voordat dit aan die navorser beskikbaar gestel word. Die inligting wat verkry word, is as vertroulik gehanteer en geen identifiserende besonderhede is bekend gemaak nie.

➤ **Bekendmaking van resultate**

Die resultate is in die vorm van 'n mini-verhandeling soos deur die Departement Maatskaplike Werk, Universiteit van Pretoria, vereis, gepubliseer. Die betrokke kinders, asook die Nasionale Vereniging van Kinderversorgers, is van 'n kopie van die navorsingsresultate voorsien ten einde die opleidingsbehoefte wat geïdentifiseer is, aan te spreek.

➤ **Herstel van die respondente**

Geen respondent het 'n opvolggesprek versoek met die navorser nie die afleiding word gemaak dat hul nie negatief beïnvloed is deur die voltooiing van die vraelys nie.

1.13 DEFINISIES VAN HOOFKONSEPTE

1.13.1 Kinderhuis

Die Wet op Kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) beskryf 'n kinderhuis as enige woning of huis wat onderhou word vir die opname, beskerming, versorging en opvoeding van meer as 6 kinders weg van hulle ouerhuse af. 'n Kinderhuis is volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:32): "Enige fasiliteit kragtens die wet op kindersorg, 1983 (Wet 74 van 1983) wat in stand gehou word vir die opname, beskerming, versorging en opvoeding van meer as ses kinders weg van hul ouerhuse af".

Die kinders wat vir die doel van die studie bestudeer is, is kleuters wat ingevolge artikel 14 van die wet op kindersorg (Wet 74 van 1983) sorgbehoewend gevind is en gevolglik in residensiële sorg geplaas is. 'n Kinderhuis is volgens die navorser 'n eenheid waar versorging deur opgeleide personeel aan die sorgbehoewende kind voorsien word ten einde hulle maatskaplike funksionering te verhoog.

1.13.2 Kinderversorger

Volgens die Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk (1995:33) is 'n kinderversorger 'n professionele of paraprofessionele persoon wat in direkte aanraking kom met behoeftige- of probleemkinders met die oog op die bevrediging van hulle daaglikse versorgings- en opvoedingsbehoefte. 'n Kinderversorger is volgens Marks en De Bruyn (1992: 250 – 252) 'n ekspert wat primêre versorging bied aan kinders in 'n inrigtingsopset. Volgens Lloyns (1993:4) is die rol van die kinderversorger sentraal en fundamenteel in die bemagtiging van die kind om onafhanklik, vol selfvertroue, verantwoordelik en positief in die gemeenskap waarvan hulle deel is, te funksioneer.

Die navorser is van mening dat 'n kinderversorger daardie persoon is wat in samewerking met ander rolspelers primêr verantwoordelik is vir die fisiese, emosionele, sosiale, morele en kognitiewe funksionering en ontwikkeling van 'n sorgbehoewende kind en wat gevolglik oor spesifieke kennis moet beskik om hierdie taak tot uitvoering te bring.

1.13.3 Kleuter

Die kleuter is volgens die HAT (1994:537) 'n kind bo die leeftyd van 'n suigeling en onder dié van 'n skoolkind. Louw (1990:243) beskryf die kleuter as 'n kind van ongeveer twee tot sesjarige ouderdom. Dit is 'n tydperk waartydens aansienlike kognitiewe en fisieke motoriese ontwikkeling plaasvind. Nuwe vaardighede word aangeleer en dit word beïnvloed deur die onmiddellike huishouding, sosiale invloede en die kultuur waarin die kleuter opgroei.

Vir die doeleindes van die studie word 'n kleuter beskou as 'n kind tussen die ouderdom van twee tot sewe jaar. Sorgbehoewende kinders beleef ontwikkelingsagterstande en daarom word die kind tot en met sewejarige ouderdom geïnkorporeer.

1.14 LEEMTES EN BEPERKINGE

Daar is 'n beperking van resente bronne met verwysing na empiriese navorsing wat gedoen is omtrent kinderversorging en die invloed daarvan op die sorgbehoewende kind. Hier word daar veral verwys na die invloed van kinderversorgers op die ontwikkelingsfases van die sorgbehoewende kind en hul vermoë om ontwikkelingsareas te kan aanspreek. Geen literatuur is gevind aangaande vorige studies wat gedoen is omtrent die spesifieke navorsingsonderwerp van hierdie studie. Die veld van kinder- en jeugsorg is besig om te professionaliseer en so ook die opleiding van kinderversorgers.

Die studie omvat slegs 'n klein populasie van kinderversorgers in Suid – Afrika en verdien dus om herhaal te word op 'n groter populasie.

1.15 INDELING VAN DIE NAVORSINGSVERSLAG

Hoofstuk 1: Omskrywing van die aard van die navorsing.

Hoofstuk 2: Ontwikkelingsteorieë van die kleuter en die wyse waarop die kleuter se normale ontwikkeling belemmer word omdat hy of sy sorgbehoewend gevind is en in 'n kindershuis geplaas is.

Hoofstuk 3: Die rol van die kinderversorger binne die kindershuis en opleidingsmoontlikhede om hulle toe te rus vir hulle taak.

Hoofstuk 4: Empiriese studie

Hoofstuk 5: Gevolgtrekkings en aanbevelings

HOOFSTUK 2

KLEUTERONTWIKKELING EN DIE INVLOED VAN PLASING IN 'N KINDERHUIS

2.1 INLEIDING

Santrock (1997:19) definieer die term "ontwikkeling" as: "...the pattern of movement or change that begins at conception and continues through the lifespan". 'n Ontwikkelingsfase word deur Bender (1999:1) beskryf as 'n leeftydperiode waartydens fisieke, kognitiewe, affektiewe, sosiale en normatiewe ontwikkeling plaasvind. (Vgl. ook Santrock 1997:19.) Tydens 'n spesifieke ontwikkelingsfase is sekere karakter- eienskappe en ontwikkelingskenmerke identifiseerbaar wat impliseer dat duidelike gedragspatrone waargeneem kan word.

Volgens Louw (1990: 243) en Porter (1983:26) strek die kleutertydperk van ongeveer twee- tot sesjarige ouderdom. Vir die doeleindes van hierdie studie sal kinders vanaf die tweede tot die sewende lewensjaar geïnkorporeer word aangesien duidelike agterstande by die sorgbehoewende kind bestaan wat hulle oorgang na die volgende lewensfase belemmer.

Graham, Turk & Verhulst (1999:12) meld dat daar 'n verskeidenheid van ontwikkelingsteorieë bestaan en dat elkeen sekere prosesse wat in die kind ontvou, beskryf. Deur die proses van kritiese evaluasie van die teorieë het dit duidelik geblyk dat elkeen van dié teorieë slegs 'n gedeelte van die mens se ontwikkelingsproses beskryf. Om hierdie rede noem Graham, *et al.* (1999:12) dat 'n persoon wat met kinders werk al die kind se lewenservaringe en verhoudings in ag moet neem. Die vraag is dus nie "...hoe ontwikkel die kind?" nie, maar "...wat het met die kind gebeur?".

Die kleuter is grotendeels afhanklik van sy of haar ouers vir opvoeding en volgens Bowlby in Van Der Merwe (1987:3) bepaal die kwaliteit van ouerlike liefde en sorg die kind se geestesgesondheid en in sommige opsigte ook die liggaamlike gesondheid.

Gesonde psigo-sosiale ontwikkeling is volgens Santrock (1997:253) en Graham, *et al.* (1999:12) nie net afhanklik van die tipe gesinsstruktuur waarin 'n kind grootword nie, maar ook van die kwaliteit van die gesinsverhoudinge en die ouer/s se houding jeens die kind wat waargeneem word in die ouer se opvoedingspraktyke.

'n Studie gedoen deur Graham, *et al.* (1999:23) het aangetoon dat afwykende gedrag meer gereedlik voorkom by kinders waar gesinsverbrokkeling as gevolg van verlating of egskeiding plaasvind as by gesinne waar 'n ouer afsterwe. Daar bestaan 'n verskeidenheid van riskante gesinsfaktore wat aanleiding gee tot afwykende gedrag by kinders en dit kan grootliks toegeskryf word aan swak ouerskapsvaardighede en praktyke. (Vgl. Van Der Merwe, 1987:3; Roberts, 1990::34 en Venter & Schoeman, 1999:322.)

Vervolgens word die ontwikkelingsmylpale van die kleuter beskryf, asook die implikasie van 'n gebrek aan positiewe ouerskap en die effek van verwydering.

2.2 DIE KLEUTERJARE AS 'N ONTWIKKELINGSFASE

Louw (1990:243) beskryf die kleuterfase as 'n tydperk waartydens aansienlike kognitiewe, fisieke en motoriese ontwikkeling plaasvind (Vgl. Porter, 1983:26–27). Dit is ook 'n tydperk waartydens die kleuter nuwe vaardighede aanleer en die ontwikkeling hiervan word beïnvloed deur die onmiddellike huishouding, sosiale invloede en die kultuur waarin die kleuter opgroei.

Volgens Smith (1981:14) is die kleuterfase 'n tydperk waartydens die ouers 'n baie belangrike rol speel. Daar word van die kleuter verwag om hom of haarself met die ouers te identifiseer. Daar word egter ook deur Smith (1981:14) genoem dat die kleuter ook al hoe meer by maats betrokke begin raak en leer hoe om met hulle te sosialiseer. (Vgl. Porter, 1983:26.)

Bender (1999:7) en Smith (1981:14) noem dat die kleuter baie aktief is en begin om sosiale verhoudinge buite die gesin te vorm. Die kleuter leer hoe om saam met ander maats te speel. Sy/haar konsentrasievermoë verbeter ook geleidelik wat krities is vir die inwinning van nuwe inligting.

Fisiese ontwikkeling by die kleuter gaan gepaard met die ontwikkeling van die senuweestelsel wat belangrike implikasies inhou vir die inwinning en vaslegging van nuwe inligting. (Vgl. Porter, 1983:27 en Santrock, 1997:218.)

Die verskillende areas van ontwikkeling word vervolgens beskryf. Die navorser wil die leser se aandag daarop vestig om nie uit die oog te verloor dat die verskillende ontwikkelingsareas interafhanklik is nie. Dit beteken dat gebalanseerde ontwikkeling

in elke ontwikkelingsarea belangrik is vir gebalanseerde funksionering wat die individu in staat stel om sy of haar volle potensiaal te bereik.

2.3 FISIESE ONTWIKKELING

2.3.1 Kenmerke van die kleuter se fisiese ontwikkeling

Met fisiese ontwikkeling word daar verwys na die ontwikkeling en bemeestering van fyn en groot-motoriese vaardighede. Ontwikkeling binne hierdie area stel volgens Porter (1983:26) en Louw (1990:243) die kind in staat om beheer oor sy liggaam te verkry.

Die kleuter se toename in lengte en massa is stadiger as dié van die baba (Louw,1990:245). Die liggaam van die kleuter rek geleidelik namate been en spiergroei by die kleuter plaasvind. Die spiere word tydens hierdie tydperk relatief langer in verhouding tot die liggaam. Toename in massa van die kleuter kan ook toegeskryf word aan die verandering van kraakbene na bene en die bene word dan ook harder. Vanaf vierjarige ouderdom ontwikkel die spiere egter vinniger en die kind begin dan sy mollige voorkoms verloor. (Vgl. Santrock, 1997:217.) Van ongeveer vyfjarige ouderdom kan 75% van die kind se liggaamsmassa aan spierontwikkeling toegeskryf word.

Die kind het teen twee-en-'n-half jaar 75% van sy brein se totale gewig bereik en tussen 5 tot 6 jarige ouderdom 90% (Santrock, 1997:218). Die serebrale korteks ontwikkel tydens hierdie tyd vinnig en hierdie ontwikkeling dien as verklaring waarom die kleuter relatief maklik inligting verwerf.

Fisiese ontwikkeling by die kleuter gaan gepaard met die ontwikkeling van die senuweestelsel wat belangrike implikasies inhou vir die inwinning en vaslegging van nuwe inligting (Vgl. Porter, 1983:27 en Santrock, 1997:218).

Op sintuiglike vlak noem sowel Porter (1983:29) as Kruger en Du Toit (1991:72) dat die kleuter leer deurdat hy sy wêreld sensories ontdek en leer ken deur dit wat hy sien, hoor, voel, ruik en proe.

Kruger en Du Toit (1996:76 – 78) asook Bender (1999:20 – 21) identifiseer aspekte wat in gedagte gehou moet word wanneer die fisiese ontwikkeling van die kleuter in

oënskou geneem word. Verhoging van die kind se liggaamlike ontwikkelingsvlak beteken dat die kind in sy totaliteit verander. Dit impliseer dat hy besig is om volwasse te word. Hierdie veranderinge kan vir 'n kind angswekkend wees en moet dus met die nodige volwasse begeleiding gepaardgaan, want die kind het 'n behoefte aan sekuriteit en geborgenheid. (Vgl. Porter, 1983:29 – 30.)

Klein kinders ervaar intense behoefte aan fisiese aanraking en by ontbering daarvan word die opvoedingsituasie geïnhibeer. Die ouers, onderwysers en kinderversorgers van klein kinders speel dus 'n belangrike rol in die vervulling van hierdie behoefte. Santrock (1997:248) meen ook dat ouers hulle gedrag by die kind se ontwikkelingsvlak moet aanpas.

Soos wat die kleuter ouer word, verhoog sy waaghouding en streef hy na toenemende onafhanklikheid. Die kleuter se weetgierigheid motiveer hom tot verkenning van sy leefwêreld. Die sameloop van hierdie aspekte stel die kleuter bloot aan gevare en dit vereis dat die versorger die kleuter moet begelei rondom moontlike gevare (Santrock, 1997:216).

Kleuters ervaar vinnig spiervermoeidheid. Aktiewe spel moet met rustige spel afgewissel word. Santrock (1997:219) noem egter dat daaglikse oefening vir die voorskoolse kind van belang is, as gevolg van hoë aktiwiteitsvlakke en die ontwikkeling van groot spiere. Die kleuter se metabolisme is hoog en verbrand dus vinnig energie. Die versorger moet dus genoegsame voedsel en vloeistof aan die kleuter voorsien.

Die voedingswaarde van voedsel moet ook in ag geneem word aangesien dit bydra tot die gesonde ontwikkeling van die kleuter se skelet, liggaamsvorm en weerstand teen siektes (Santrock, 1997:220). Die kleuter se groot-spierontwikkeling is vinniger as dié van sy fyn-spierontwikkeling en gebalanseerde inoefening van beide hierdie spiere is noodsaaklik vir die inskerping / vaslegging van neurobane.

Wanneer kleuters siek word, is hulle gepreokkupeerd met hulle liggame en verloor hulle belangstelling ten opsigte van hulle omringende wêreld. Dit kan aanleiding gee daartoe dat hulle onveilig voel. Fisiese versekering om 'n gevoel van geborgenheid by die kleuter te bewerkstellig, is dus belangrik en die versorger kan ook hulle aandag van die siektetoestand aflei.

Volgens Santrock (1997:219 – 220) is dit noodsaaklik dat die kleuter gesonde eet-, oefen- en slaapgewoontes ontwikkel. Blootstelling aan roetine oefen dit in en verleen geborgenheid aan die kleuter.

2.3.2 Kenmerke van die sorgbehoewende kleuter se fisiese ontwikkeling

Die liggaam se groeitempo word nie net deur voedsel en fisiese versorging beïnvloed nie. Fisiese groei ten opsigte van gewig, lengte en intellektuele ontwikkeling word volgens Roberts (1990:4) deur emosionele en fisiese mishandeling geïnhibeer.

Armoede is volgens Le Roux (1994:29) 'n toestand wat mense vasvang in 'n bese kringloop van probleme wat die individu inhibeer om optimale selfaktualisering te bereik. Santrock (1997:249) noem, met betrekking tot ouers in die lae-inkomste huishoudings, dat hulle meer geneig is om hulle kinders fisies te straf en te kritiseer, terwyl ouers in die middelinkomste huishoudings meer geneig is om aspekte te verduidelik, verbaal te beloon, redes vir straf te verduidelik en vir hulle kinders vrae te vra. Die gesinsomstandighede verminder die individu se kans in die lewe om 'n aanvaarbare standaard van lewe te bereik. Die meeste sorgbehoewende kinders handhaaf hierdie status as gevolg van armoede wat hulle vasvang in swak gesondheid, magteloosheid, weerloosheid en isolasie binne die kultuur waarin hulle funksioneer en dus word die kinders se fisiese ontwikkeling ook deur hulle omstandighede beïnvloed.

2.4 KOGNITIEWE ONTWIKKELING

2.4.1 Kenmerke van kleuter se kognitiewe ontwikkeling

Volgens Bender (1999:8) verwys kognisie na die prosesse wat betrokke is wanneer die kind sy leefwêreld leer ken. Hierdie prosesse staan bekend as waarneming, denkbeeldvorming en beredenering. Deurdat die prosesse deurgevoer word, verwerf die kind nuwe kennis wat bekend staan as kernstrukture. Die kernstrukture verwys na die kind se algemene wyse waarop hy sy fisiese en sosiale wêreld waarneem en ook die denkbeelde wat hy of sy daaromtrent vorm.

Louw (1990:254) en De Lange (1996:23) stem saam dat die kleuter se kognitiewe ontwikkeling afhanklik is van die inligting wat deur die sintuie ontvang word asook hoe dit geïnterpreteer word. Die sosiale en kulturele konteks waarbinne die kleuter ontwikkel, beïnvloed ook kognitiewe ontwikkeling.

Jean Piaget se kognitiewe strukturele teorie is volgens Louw (1990:75) een van die mees algemeen benutte teorieë om die verstandelike ontwikkeling van die kind te beskryf. Louw (1990:75) meld dat Piaget die mens se verstandelike funksionering as 'n wyse van interaksie met die omgewing beskou en dat dit as 'n belangrike oorlewingsfunksie dien. Piaget beskryf ook kognitiewe ontwikkeling met behulp van strukturele en funksionele konsepte wat vervolgens verduidelik sal word.

Piaget lê 'n verband tussen die mens se biologiese- en kognitiewe ontwikkeling en onderskei vier hoof-fases daarvan. Elkeen van die fases waardeur die kind ontwikkel, is noodsaaklik en 'n voorvereiste vir die totstandkoming van die daaropvolgende. Betekenisvolle verskille bestaan in elke fase, want met elke fase beskik die kind oor verhoogde kwalitatiewe intellektuele bekwaamheid (Murray Thomas, 1996:244). Volgens Piaget se teorie funksioneer die kleuter in die pre-operasionele fase. (Vgl. Murray Thomas, 1996:244.)

Piaget noem die tydperk tussen 2 en 7 jaar die pre-operasionele fase omdat operasionele denke nog afwesig is by die kleuter. (Vgl. Murray Thomas, 1996:244 – 248.)

Louw (1990:256) beskryf operasionele denke as denke wat operasies bevat. 'n Operasie is volgens Piaget 'n verinnerlike verstandhandeling wat ontwikkel vanuit 'n waargenome overte handeling. Die overte handeling is dan die operasie. 'n Operasie word verder deur Louw (1990:256) beskryf as onomkeerbaar. 'n Paar verskillende operasies vorm 'n geïntegreerde sisteem in 'n persoon se denke. Piaget in Murray Thomas (1996:246) omskryf operasies as: *"...actions, since they are carried out on objects before being performed on symbols. They are internalizable, since they can also be carried out in thought without losing their original character of actions. They are reversible as against simple actions which are irreversible. Finally, since operations do not exist in isolation, they are connected in the form of structured wholes"*.

Die pre-operasionele fase word in twee tydperke verdeel, naamlik:

- Pre-konseptuele denke (+ 2 – 4 jaar)
- Intuïtiewe denke (+ 4 – 7 jaar) (Vgl. Murray Thomas 1996:246.)

Met prekonseptuele denke word bedoel dat die kleuter nog nie verstaan wat 'n konsep beteken nie, dit behels dat hy nie sekere dinge op grond van ooreenkomste in 'n groep kan klassifiseer nie. (Vgl. Santrock, 1997:221.) In die pre-operasionele fase begin die kind volgens Murray Thomas (1996:245) geleidelik sy kognitiewe vermoëns gebruik om kennis te verwerf en probleme op te los. Die kind begin nou ook sy verbeterde taalvermoëns gebruik om sy omgewing te verken en probleme daaromtrent op te los. Volgens Porter (1983:28) is dit van belang om in ag te neem dat die kleuter se eksperimentering met taal afhang van die fisiese en psigiese funksionering van die kleuter, 'n goeie identifikasiemodel, geleentheid om te oefen en aanmoediging/leiding. Die kind se vermoë om taal te gebruik word deur Louw (1990:254) beskryf as die faktor wat die kind in staat stel om tydens die pre-operasionele fase op 'n simboliese vlak te kan funksioneer.

Die kleuter se intuïtiewe denke is gebaseer op intuïsie en nie op logika nie. Louw (1990:256) verduidelik dat Piaget bedoel dat die kleuter se denke gebaseer word op sy of haar eie gevolgtrekkings van dit wat waargeneem word. (Vgl. Santrock, 1997:224.) Dit behels volgens Bloem (1995:21) en Murray Thomas (1996:247) dat dit vir die kind belangriker is hoe iets lyk en hoe hy of sy oor 'n saak voel as wat die werklike feite vir hom is.

Namate die kleuter intuïtiewe denke begin openbaar, ontwikkel hy die vermoë om konsepte aan te leer. Wanneer die kleuter begin om simbole in sy denke en handeling te gebruik, meld Bender (1999:8) dat hy begin omgaan met konsepte soos ouderdom, ruimte, sedelike oordeel en verhoudings. Die kleuter ontwikkel die vermoë tot verstandelike voorstellings soos uitgestelde nabootsing, verbale oproeping en simboliese spel waar die kleuter byvoorbeeld maak asof 'n klip 'n karretjie is. (Vgl. Santrock, 1997:223.)

Die kleuter se vermoë tot simboliese denke, taal en spel stel hom in staat om nuwe kennis oor die wêreld te bekom asook om sy leefwêreld so te konstrueer dat dit aan sy behoeftes voldoen. In hierdie fase vier fantasie, verbeelding en vrye assosiasie hoogty. Die kleuter se vermoë om konsepte aan te leer tydens die intuïtiewe fase is 'n voorvereiste vir die ontwikkeling van die kleuter se vermoë om te identifiseer, klassifiseer en te kategoriseer.

Met onlogiese redenering word bedoel dat die kleuter transdeduktief dink. Die kleuter beweeg van een besonderheid van 'n voorwerp of aspek na die volgende besonderheid (Santrock, 1997:225). Die kleuter ondervind vervolgens probleme om die verhouding tussen die geheel en die dele van die geheel te verstaan, want hy of sy fokus net op een aspek van 'n situasie en ignoreer die res.

Die kleuter kan nie beseef dat voorwerpe dieselfde bly indien hul transformasie ondergaan nie. Die kleuter se gedagtes is dus onomkeerbaar en kan gevolglik nie verstaan hoe 'n voorwerp kan verander en dan weer na hul oorspronklike toestand kan terugkeer nie. (Vgl. Murray Thomas, 1996:247 – 248 en Santrock, 1997:226.) Intuïtiewe denke is volgens Bender (1999:9) slegs 'n oorgangsfase tussen denke wat gebaseer is op persepsie, teenoor denke wat gebaseer is op logika.

Die kleuter se denke word gekenmerk deur egosentrisme. Dit behels dat die kleuter die wêreld slegs vanuit sy eie perspektief sien en dit word weerspieël op alle ontwikkelingsvlakke van die kleuter. (Vgl. Santrock, 1997:223.) Eienskappe van egosentriese denke is byvoorbeeld dat die kleuter dit moeilik vind om ander se standpunte in ag te neem en te waardeer (Murray Thomas, 1996:246.)

Alles in die kleuter se leefwêreld het betrekking op die self. Volgens Louw (1990:259) en Bender (1999:9) het Piaget gevind dat egosentrisme in die kind se spel en taal voorkom. Wanneer die kleuter met sy maats speel, noem Murray

Thomas (1996:246) dat 'n kollektiewe monoloog waargeneem word. Dit beteken dat beide gesprekke voer, maar dat hulle nie werklik met mekaar kommunikeer nie. Die kleuter is ook geneig tot selfspraak, wat private spraak genoem word, wanneer hy speel. Die gesprek word volgens Bender (1999:9) met homself oor homself gevoer sonder om sy doelwit oor te bring.

Die kleuter se taal word ook gekenmerk deur herhaling en nabootsing. Daar is volgens Louw (1990:259) gevind dat die kleuter van private spraak gebruik maak wanneer hy uitdagende kognitiewe situasies probeer oplos. Die ses- tot agtjarige sal byvoorbeeld met homself praat wanneer hy wiskunde doen. Soos wat die kind ouer word, mag hy dalk later eerder mompel.

Namate die kleuter ouer word, neem egosentrisme af en ontwikkel 'n "ek-in-die-wêreld-uitkyk" volgens Murray Thomas (1996:248). Die kind is nou instaat tot operasionele denke solank die voorwerpe of gebeure konkreet teenwoordig is. Met toename in ouderdom ontwikkel die kind ook 'n vermoë tot abstrakte denke. Porter (1983:29) noem dat slegs 'n omgewing gekenmerk deur stimuleringsgeleenthede in die kleuter se behoefte aan nuuskierigheid deur waar te neem, te voel, te luister, aan te raak en te ruik, kan voorsien.

Die kleuter se denke word ook gekenmerk deur nuuskierigheid en Bender (1999:9) meld dat hulle dan denkvrae stel in die soeke daarna om samehang en betekenis te verkry omtrent gebeure ten einde hulle begrip daaromtrent te verbeter. Dit is 'n aanduiding dat die kind self wil weet en dink. Die kleuter se konsentrasie en deursettingsvermoë verbeter ook namate ouderdom toeneem en kan soos volg uiteengesit word:

2.4.2 Kenmerke van die sorgbehoewende kleuter se kognitiewe ontwikkeling

Skrywers soos Jennings (1993:28) en Santrock (1997:231) stem saam dat die kind se omgewing 'n kardinale rol speel in kognitiewe ontwikkeling. Gebrek aan stimulering is 'n kenmerk van die sorgbehoewende kind se omgewing en dit lei tot gebrekkige kognitiewe ontwikkeling.

Agterstande in kognitiewe ontwikkeling lei tot swak skoolvordering en aanpassing in die samelewing en dit inhibeer ook insig tydens terapeutiese prosesse. Intensiewe insette word vereis om kognitiewe agterstande in te haal en die omstandighede binne 'n inrigtingsopset, met spesifieke verwysing na die hoë rasio kinders waarna 'n versorger omsien, laat dit gewoonlik nie toe nie. Die gevolg is dat die sorgbehoewende kind dikwels nie die agterstande bemeester nie.

Indien 'n kleuter sorgbehoewend bevind word, hou dit implikasies in vir die persoonlikheidsontwikkeling en volgens Steenberg (1995:35) kan dit selfs lei tot persoonlikheidsversteurings. Die pre-operasionele redenering van die kleuter impliseer dat geen konsepte bestaan wat dien as 'n verwysingsraamwerk vir verstandhandelinge nie en die kleuter funksioneer verder ook nog egosentrië. Die kleuter beleef dus die skuld vir die redes vir verwydering en vorm irrasionele denkpatrone.

Enige versorger van 'n sorgbehoewende kleuter moet dus nougeset te werk gaan om so konkreet moontlik met die kleuter te handel op 'n praktiese wyse ten einde deur middel van sintuiglike stimulering konsepte aan die kleuter te leer op al die areas van ontwikkeling. Hierdie werkswyse moet deurlopend gehandhaaf word, aangesien die kleuter deurgaans in 'n proses is om operasionele denke te ontwikkel en dit beïnvloed moet word. Dit is 'n komplekse vereiste wat aan 'n versorger en selfs 'n terapeut gestel word. Hierdie taak vereis nie net spesifieke kennis en vaardighede nie, maar ook 'n houding en ingesteldheid van geduld en onvoorwaardelike aanvaarding. Volgens die navorser is blote terapeutiese ingryping nie voldoende om hierdie doel te bereik nie, omdat vaardighede in 'n lewenswyse aan die kind geleer moet word en gedemonstreer moet word op 'n deurlopende basis. Die kleuter moet dus binne 'n terapeutiese milieu versorg word.

2.5 EMOSIONELE ONTWIKKELING

2.5.1 Kenmerke van die kleuter se emosionele ontwikkeling

Die affektiewe ontwikkeling van die kleuter word aan die hand van Erikson se psigo-sosiale ontwikkelingsteorie bespreek. Murray Thomas (1996:137) haal Erikson soos volg aan: *“Childhood is defined by [the characteristics] initial absence and by their gradual development in complex steps of increasing differentiation”*.

Louw (1990:60 – 61) asook Kruger en Du Toit (1991:86) verduidelik dat Erikson die mens se affektiewe en sosiale ontwikkeling in agt stadia oor die lewensloop verdeel. (Vgl. Kroon, 1993:49.) Elke stadium word volgens Louw (1990:62) en Murray Thomas (1996:136) deur 'n krisis gekenmerk. Dit impliseer dat 'n individu hom ten opsigte van twee teenoorgestelde pole moet oriënteer. Murray Thomas (1996:140) sluit hierby aan: *“Each crisis or stage is phrased as a struggle between opposite or conflicting personality characteristics”*.

Die wyse waarop die individu die krisis hanteer, is bepalend van die manier waarop interaksie tussen die individu en die sosiale omgewing deurgevoer sal word. Die sosiale omgewing speel 'n belangrike rol ten opsigte van die aard van die krisis tydens elke lewensfase, asook die sukses waarmee die kind die fase sal bemeester (Murray Thomas, 1996:138). Die wyse waarop die individu homself aanpas ten opsigte van die krisis in 'n bepaalde fase sal volgens Bloem (1995:26) sy hantering van die volgende fase van sosio-emosionele ontwikkeling beïnvloed. Daar word verder deur Bloem (1995:27) gemeld dat veral eksterne faktore in die vroeë lewensjare die suksesvolle afhandeling van 'n bepaalde fase beïnvloed.

Die kind se vertroue of wantroue in die samelewing word in die eerste agtien maande bepaal en is afhanklik van die omgewing se respons op die baba se behoeftes. Vanaf agtien maande tot twee jaar noem Murray Thomas (1996:139) dat die kind veronderstel is om 'n gevoel van selfvertroue, kontrole en outonomie te vestig. Indien die kind nie sy omgewing vertrou nie, sal hy wantrouig staan teenoor die persone wat hom hiertoe kan aanmoedig en mag die moontlikheid bestaan dat hy eerder gevoelens van onsekerheid en skaamte ontwikkel.

Tydens hierdie fase leer die kleuter dat sy of haar geslag konstant is en word geslagsrolidentiteit vasgelê. (Vgl. Porter, 1983:32 en Murray Thomas, 1996:142.) Interaksie met die ouer van dieselfde geslag is in hierdie verband baie belangrik. Die

kleuter is volgens Bloem (1995 :27) egter ook voortdurend op soek na erkenning van die teenoorgestelde geslag en indien dit nie bekom word nie, ontwikkel hy/sy skuldgevoelens. Dit is 'n tydperk waartydens die kleuter se identiteitsvorming plaasvind.

Die kleuter se toenemende indringing in die wêreld bring hom of haar volgens Louw (1990:63) in situasies waar hy aan die reëls van die samelewing en op die terrein van ander mense oortree. Om hierdie rede moet die kind dikwels skuldgevoelens hanteer. Daar word deur Louw (1990:64) gemeld dat hierdie fase belangrik is vir die ontwikkeling van die super-ego.

Seuns en dogters se funksionering verskil volgens Louw (1990:63 – 64) vir die eerste keer ten opsigte van sosiale modaliteite. Die seun poog om op 'n aktiewe wyse die wêreld en die sfeer van ander mense in te dring en konsentreer hoofsaaklik op die materiële wêreld van gereedskap en masjienerie. Die meisie daarenteen probeer om 'n innemende geaardheid te ontwikkel en mense op hierdie manier te verower (Santrock, 1997:226). Sy fokus dus op sosiale verhoudings met die doel om mense te verower deur vir hulle aantreklik te wees. Ter samevatting meld Louw (1990:63) dat die meisie poog om 'n innemende geaardheid te ontwikkel, terwyl die seun sy leefwêreld probeer binnedring.

Bloem (1995: 27) meld dat versorgers van kinders daarteen moet waak om nie die kind se geneigdheid tot skuldgevoelens te misbruik ten einde hulle tot gehoorsaamheid te manipuleer nie. Dit sal tot gevolg hê dat kinders se optrede gerig word deur skuldgevoelens eerder as inisiatief.

Ten einde die kind in staat te stel om hierdie periode suksesvol af te handel, is positiewe leiding van ouers en onderwysers van kardinale belang (Murray Thomas, 1996:142). Die kind se vermoë om inisiatief te neem, word volgens Bender (1999:11) en Murray Thomas (1996:142) toegeskryf aan groter bewegingsvryheid en selfstandigheid. Indien die kind nie gelei word om sukses te ervaar wanneer hy inisiatief aan die dag lê nie, sal hy volgens Bloem (1995:28) nie instaat wees om mag te hanteer nie. Die besef dat hy moontlik kan misluk, gee aanleiding tot skuldgevoelens en vrees vir straf, wat 'n negatiewe selfbeeld by die kind ontwikkel. Indien die kind egter aangemoedig word om inisiatief te neem, sal hy leer om sukses te geniet en dit verder na te jaag.

Murray Thomas (1996:142) noem in hierdie verband: “*The child’s mental and physical skills, unfettered by overbearing guilt, permit him or her to go after life in a self-confident way*”.

Die kleuter kan reeds, volgens De Lange (1996:26), op tweejarige ouderdom spontaan uiting gee aan positiewe en negatiewe emosies. Op hierdie stadium kan die kleuter egter nog nie die emosie benoem nie. Versorgers speel ‘n belangrike rol om die gepaste terme vir emosies aan die kind te leer. Dit is tydens hierdie fase belangrik dat die versorger van die kleuter die boodskap sal vestig dat alle emosies aanvaarbaar is, maar dat sekere maniere waarop daar aan emosies uiting gegee word onaanvaarbaar is. Dit is dan ook die taak van die versorger om aan die kleuter alternatiewe hanteringstrategieë te leer en te modelleer.

Die versorger en die kind is in daaglikse kontak met mekaar en om hierdie rede het die versorger ‘n baie groot invloed op die kleuter. Die kleuter sal slegs veiligheid en sekuriteit ervaar indien hy homself in ‘n omgewing bevind waar liefdevolle, onvoorwaardelike aanvaarding deur die versorger geopenbaar word. Dit vind plaas deur die versorger se stemtoon, die aard van die gesag of dissipline, die tyd wat aan die kleuter gespandeer word, die mate van opregte belangstelling wat in die kleuter getoon word asook die mate van erkenning en aanmoediging wat aan die kleuter gegee word.

Dissipline is baie belangrik in die kleuter se lewe, maar sal slegs ‘n die doel dien indien dit aangebied word in die vorm van duidelike reëls en met konsekwentheid toegepas word. Die basiese beginsel van dissiplinering is volgens De Lange (1996:26) om die wil te breek, maar nie die gees nie.

Die kleuterfase word volgens Porter (1983:29) gekenmerk deur verhoogde emosionaliteit. Kleuters beleef hulle wêreld uiters gevoelsmatig en gee spontaan uiting aan positiewe en negatiewe emosies. Emosies word dus in die uiterste of ongeremde vorms beleef en ‘n kleuter is agtereenvolgens woedend, verskriklik hartseer of baie opgewonde, soveel so dat hulle rondspring en hardloop. Namate kleuters se verstandelike kapasiteit egter ontwikkel, leer hulle om hul emosies beter te beheer en word die gevoelslewe meer genuansieer.

Taal bied volgens Bender (1999:10) en Murray Thomas (1996:248) aan die kleuter 'n nuwe manier om emosies uit te druk en dan word daar minder van fisiese maniere soos huil, skop, slaan en "tantrum"-gedrag gebruik gemaak om hulle doel te bereik. Deur die gebruik van taal is die kleuter by magte om behoeftes bekend te maak en sodoende die oorsaak van frustrasie aan te spreek.

In die kleuter se strewe om ongewenste emosies af te weer, meld Bender (1999:11) dat die kleuter verdedigingsmeganismes implementeer wat negatief kan wees vir selfstandige ontwikkeling asook die vermoë om selfbeheer toe te pas. Voorbeelde van verdedigingsmeganismes kan geopenbaar word in gedragsverskynsels soos ontkenning, verdraaiing, sterk negativisme, uitbarstings van die humeur, onttrekkings- of verwyderingshandelinge of direkte fisiese aggressie. Ongewenste emosies soos ang, vrees, woede of skuld moet volgens Bender (1999:11) deur rasionele verduidelikings hanteer word. Die meerderheid van konflikte wat deur die kleuter ervaar word, kan toegeskryf word aan emosies wat rondom die ego sentreer, byvoorbeeld regverdigheid, onregverdigheid en selfbewustheid. Die versorger van 'n kind kan in hierdie verband leiding verskaf en alternatiewe gedragswyses modelleer.

Die kleuter is volgens Bender (1999:10) ook ten opsigte van sy emosionele funksionering egosentries ingestel. Die kleuter doen alles vir homself en glo dat almal daar is ter wille van hom en dat ander aan sy wense moet voldoen. Die kleuter beoordeel ander ten opsigte van die waarde wat hulle kan toevoeg tot sy lewe asook die rol wat 'n persoon in sy lewe vertolk. Die kleuter neem nie ander mense se emosies en gedagtes in ag nie en doen wat hy wil.

2.5.2 Kenmerke van die sorgbehoewende kleuter se emosionele ontwikkeling.

Kroon (1993:54) is van mening dat die kinderhuiskind tekens van onvervulde / onvoltooide behoeftes openbaar as dit in terme van normale ontwikkeling beskou word. Laasgenoemde kan toegeskryf word aan die feit dat hy of sy in 'n gedepriveerde omgewing grootgeword het.

Fouche, *et al* (1991:165 – 167) het 'n studie volgens Maslow se behoeftehiërargie gedoen omtrent die mate waarin daar in 'n sorgbehoewende kind se behoeftes binne 'n kindersopset voorsien word.

Die navorsers het gevind dat kindersorg daarin slaag om in die sorgbehoewende kind se fisiologiese behoeftes te voorsien, maar nie in die kind se behoeftes aan veiligheid, affiliasie, liefde en aanvaarding, selfagting en selfaktualisering nie.

Dit blyk hieruit duidelik dat die sorgbehoewende kind reeds voor opname in 'n kindersorg onervulde behoeftes beleef ten opsigte van normale ontwikkeling. Dus word normale emosionele belewenis en vervolgens ook ontwikkeling op ander vlakke geïnhibeer en selfs in sekere opsigte afgestomp. Die fisiese en emosioneel mishandelde kind openbaar volgens Roberts (1988:34) tekens van emosionele afgestompheid, onstabiliteit, aggressiewe of passiewe aggressiewe gedrag, lae selfbeeld, ongelukkigheid en depressiwiteit, pogings tot selfmoord, onvermoë om gesonde verhoudinge te bou en geniet ook nie ouderdoms-ontoepaslike spel nie.

Die kind wat herhaaldelik aan bewustelike of onbewustelike pynvolle ervarings blootgestel word, sluit volgens Venter en Schoeman (1999:322) negatiewe emosies af en omdat hulle emosioneel afgestomp raak, beleef hulle uiteindelik ook 'n onvermoë om positiewe emosies te beleef.

Hierdie gedrag word geopenbaar in 'n poging tot selfbeskerming, maar lei ook tot die afbreking van emosionele kontak en lei volgens Venter, *et al.* (1999:322) tot funksionering op 'n emosionele bewussynsvlak onder die verbale grens. Deurdat die kind hom of haarself beskerm teen verdere seerkry en só kontak met ander en die self vermy, verloor die individu beheer oor homself en noem Venter, *et al.* (1999:325) dat ontoepaslike gedrag na vore tree.

Die sorgbehoewende kind gaan gebuk onder die bogenoemde proses van emosionele vermyding en/of afstomping en openbaar wel destruktiewe gedrag teenoor die self en ander. Venter, *et al.* (1999:329) stel egter stappe voor waarvolgens die versorger die kind tot emosionele bewussyn kan begelei.

Die aanleer van vaardighede om emosionele bewussyn te bereik, dien as basis vir die sorgbehoewende kind om in kontak te kom met emosionele pyn en dit voorsien die kind ook van tegnieke om normale emosionele belewenisse te kan hanteer.

Die kind ontwikkel dan die grondslag vir emosionele volwassenheid en kan 'n produktiewe lewe aandurf. Hierdie taak berus by die versorger van die kind.

Die emosionele funksionering van die sorgbehoewende kind kan grootliks toegeskryf word aan die redes waarom die kind sorgbehoewend bevind is en die kwaliteit van ouerlike versorging wat hiermee verband hou. Sowel Van Der Merwe (1987:30) as Fouche, *et al* (1991:167) meld egter ook dat kindershuisversorging weens die kompleksiteit van die kind se onvervulde behoeftes en finansiële beperkinge nie in al die sorgbehoewende kind se behoeftes kan voorsien nie. Weereens is dit noodsaaklik dat die kindersversorger beskik oor die nodige kennis, vaardighede en die regte houding sodat daar op 'n daaglikse basis optimale terapeutiese en ontwikkelingsgerigte insette gelewer kan word in die lewensruimte van die kind en nie net tydens 'n terapeutiese sessie nie.

2.6 NORMATIEWE EN SEDELIK-RELIGIEUSE ONTWIKKELING

2.6.1 Kenmerke van die kleuter se normatiewe en sedelik-religieuse ontwikkeling

Morele ontwikkeling word volgens Van der Zanden (in De Lange 1996:29) omskryf as die proses waardeur kinders beginsels aanleer wat hulle in staat stel om gedrag as “reg” en “verkeerd” te beoordeel, asook die kleuter se vermoë om eie gedrag volgens hierdie beginsels te rig. Kroon (1993:62) omskryf morele ontwikkeling as die “...*diskrepans tussen die individu se eie egoïstiese behoeftes en die behoeftes van ander*”.

Kruger en Du Toit (1991:100) meld dat die kleuter se waardebewussyn nie deur normvoorskrywing aangeleer word nie, maar eerder op grond van die gedrag wat deur die versorgers, ander belangrike persone en opvoeders aan die kind gemodelleer word. (Vgl. ook Porter, 1983:31.) Die jong kind ervaar aanvanklik die waardes en norme wat voorgelê word deur die versorgers sonder om dit te bevraagteken aangesien dit aan hom grense stel waarbinne hy veiligheid en geborgenheid beleef.

Namate hy groei en ontwikkel meld Kruger en Du Toit (in Bender 1999:12) dat die kleuter homself as apart van sy gesin begin sien en dan ontwikkel die kleuter geleidelik sy eie geïnternaliseerde waardesisteem.

Kohlberg (in Murray Thomas, 1996:465) bied 'n model ter verklaring van die fases in die proses van die mens se morele ontwikkeling. Murray Thomas (1996:461) beskryf dit soos volg: *“In this theory, Kohlberg traced the steps by which children grow toward making ‘truly moral judgements’. The steps ‘represents a progressive disentangling or differentiation of moral values and judgments from other types of values and judgments’”*.

Die kleuter funksioneer in die pre-konvensionele fase wat behels dat gesagsfigure die kleuter se aksies dikteer. Die kleuter gehoorsaam die gesagsfigure ten einde straf te vermy. Hierdie fase word die “goeie seun, goeie meisie” fase genoem en Murray Thomas (1996:465) verduidelik dit soos volg: *“...a person acts in ways that please or help others and are approved by them”*.

Die kleuter se beleving van godsdiens word volgens Bender (1999:13) sterk beïnvloed deur sy egosentrisme en emosionaliteit. Die kleuter se godsdiensbeleving handel dus eerder oor die gevoel wat hy daaromtrent ervaar as oor die feite en word baie sterk beïnvloed deur die voorbeeld wat die ouers aan hom hieromtrent stel. Die kleuter beleef God ook in sy fantasielewe en beskou God in menslike terme met menslike eienskappe, maar die omvang van hierdie wese word net as groter, sterker en magtiger beskou. Bybelverhale word deur die kleuter in dieselfde lig as feë- en sprokiesverhale gesien.

2.6.2 Kenmerke van die sorgbehoewende kleuter se normatiewe en sedelik-religieuse ontwikkeling.

Weens die feit dat waardebewussyn aangeleer word deur die versorgers en opvoeders se modellering van gedrag, ly die sorgbehoewende kleuter weereens 'n gebrek, want betroubare en positiewe rolmodelle ontbreek in hierdie kinders se lewe.

Tydens die pre-konvensionele fase dikteer die gesagsfiguur die kleuter se gedrag en pas die kleuter gedrag hiervolgens aan. Die ouer van die sorgbehoewende kind se toepassing van dissipline is gewoonlik nie gegrond op gesonde beginsels nie en die kleuter ontwikkel dus nie net 'n verwronge beeld van wat reg en verkeerd is nie, maar

ook 'n verwronge beeld van wanneer hy of sy 'n goeie seun of meisie is en dus aanvaar word. Weens die gebrekkige morele voorbeeld wat aan die sorgbehoewende kind gestel word, ontwikkel baie introjekte wat normale en gesonde ontwikkeling inhibeer.

Dissipline en gehoorsaamheid is dus dikwels 'n probleem vir die sorgbehoewende kind en moet op 'n baie kundige wyse aangeleer word. Hierdie taak berus weereens by die versorger van die kleuter.

2.7 SOSIALE ONTWIKKELING VAN DIE KLEUTER

2.7.1 Kenmerke van die kleuter se sosiale ontwikkeling

Louw (1990:299) handhaaf die standpunt dat sosiale ontwikkeling een van die belangrikste fasette in die kleuter se lewe is. Volgens Kruger en Du Toit (1991:94) is dit die proses waardeur die kleuter morele standaarde, rolverwagtinge en eise vir aanvaarbare gedrag aanleer. Sosialisering is volgens Louw (1990:299) 'n integrale deel van die kleuter se sosiale ontwikkeling ten einde die bogenoemde gedrag aan te leer.

Dit is volgens Louw (1990:299) deur middel van sosialisering dat die kleuter sy verskillende ontwikkelingstake bemeester. Sosialisering verskil van individu tot individu en ook van kultuur tot kultuur. Volgens Schell en Hall in Louw, (1990:300) is baie sielkundiges van mening dat die volgende basiese meganismes 'n rol speel in die sosialiseringproses, naamlik:

- Ontwikkeling van outonomie en inisiatief.
- Die begeerte om affeksie, agting, aanvaarding en erkenning te verkry.
- Die wens om die onaangename gevoelens wat op verwerping of straf volg, te vermy.
- Die neiging om die optrede van ander na te boots.
- Die begeerte om te wees soos spesifieke mense wat die kind geleer het om te respekteer, te bewonder of lief te hê – 'n proses bekend as identifikasie.

Sowel interne as eksterne faktore speel volgens Louw (1990:300) 'n rol tydens die sosialiseringproses. Die navorser is van mening dat elke versorger van 'n kleuter hiervan kennis moet dra en dit in perspektief plaas ten opsigte van die spesifieke kind ten einde die sosialiseringproses so effektief moontlik te begelei.

Interne faktore: Hier word daar verwys na die kind se temperament wat uit vier komponente bestaan, naamlik:

- emosionaliteit
- aktiwiteit
- impulsiwiteit
- geselligheid

Hierdie komponente van die kind word geneties bepaal en is ook bepalend van gedrag. 'n Kleuter met 'n aangebore gesellige temperament sal 'n vriendelike en samewerkende volwassene word. Verhoogde emosionaliteit sal egter 'n ongeduldige temperament tot gevolg kan hê. Die kleuter se IK sal bepaal hoe vinnig sekere vaardighede aangeleer word. Geslag speel ook 'n rol in die sosialiseringproses en is waarneembaar in die verskille tussen seuns en dogters se optrede waarin hulle gesosialiseer is.

Eksterne faktore: Hier word verwys na morele waardes, tradisies asook gedragsnorme wat deur sosiale agente aan die kleuter oorgedra word en waargeneem kan word in die kleuter se spel, nabootsing en verbale interaksie. Sosiale agente is die media, mense met wie die kleuter kontak het asook instansies soos die kerk en die kleuterskool. Die kleuter staan onder direkte invloed van sy ouers en die gesin waarvan hy deel vorm. Namate die kleuter ouer word, het sy portuurgroep en ander eksterne persone ook 'n invloed op die sosialiseringproses.

Die uiteindelige doel met sosialisering is volgens Louw (1990:301 – 302) prososiale gedrag, wat beteken dat sy gedrag gekenmerk word deur positiewe sosiale interaksie. Samewerking, hulpvaardigheid en bereidwilligheid om te gee is belangrike vaardighede wat die kleuter moet bemeester. Die kleuter moet leer hoe om in 'n groep saam te werk waar die insette van verskillende mense nodig is vir die afhandeling van 'n taak.

Die kleuter se egosentriese funksionering veroorsaak dat hy eerder langs mense in sy leefwêreld funksioneer as saam met hulle, maar met die verloop van tyd verander hierdie verskynsel. Die kleuter se toenemende betrokkenheid by ander en die betrokkenheid van ander by hom lei tot 'n verhoging van standarde ten opsigte van sy sosiale ontwikkeling.

Die kleuter tref 'n onderskeid tussen die mense wat belangrik is deur na hulle te verwys as "ons" en na die wat onbelangrik is te verwys as "hulle". Die kleuter is aanvanklik baie besitlik en openbaar grotendeels prososiale gedrag teenoor individue en lede van sy gesin en ander wat as deel van 'ons' beskou word.

Dit is onbekend of die kleuter se vermoë om wel prososiale gedrag te openbaar toegeskryf kan word aan 'n werklike moraliteitsbegrip en of dit eerder gedoen word om beloning te bekom en straf te vermy. Wanneer die kleuter antisosiale gedrag openbaar, meld Louw (1990:303) dat dit enige negatiewe sosiale aktiwiteit is wat antagonisme tussen die kind en sy omgewing veroorsaak. Tipiese gedrag is leuens, selfsugtigheid, die neem van ander se goed en aggressie. Daar moet gewaak word daarteen om nie die kleuter se aggressiewe gedrag te verwar met selfhandhawende gedrag nie. Die onderliggende motief van die kleuter se antisosiale gedrag moet volgens Louw (1990:303) altyd deur die versorger bepaal word aangesien die kind steeds in 'n leerproses is en leiding in hierdie verband benodig. Modelling van die versorger is nodig in hierdie verband.

2.7.2 Kenmerke van die sorgbehoewende kleuter se sosiale ontwikkeling

Die sorgbehoewende kleuter ontvang gewoonlik nie 'n goeie voorbeeld van prososiale gedrag van hul ouers nie. Konflik en probleme word opgelos deur op mekaar te skree en te vloek en alkoholmisbruik is 'n groot presipiterende faktor vir die gedrag of 'n hanteringsmeganisme vir die situasie. In baie gevalle word gesinsprobleme deur gewinsgeweld of straatgevegte opgelos.

Die sorgbehoewende kind is voortdurend in kompetisie met ander kinders om 'n bietjie aandag van die kinderversorger of ander mense in hul leefwêreld, te ontvang. 'n Tipiese voorbeeld hiervan is dat die kleuter enige besoeker van die kindershuis sal oorlaai met tekens van affeksie sonder om enige diskriminasie aan die dag te lê. Hierdie gedrag is nie abnormaal nie, want dit is 'n natuurlike instink van 'n kleuter om baie aandag te wil ontvang en dit ook te vereis. Die probleem is egter dat die inrigting nie in dié behoefte van die kleuter kan voorsien nie. Gevolglik bly dit altyd 'n onvervulde behoefte en 'n gemis in die kind se lewe, want die kind beleef net nooit 'n gevoel van "ek behoort aan" nie. Dit dien ook as 'n moontlike rede waarom soveel sorgbehoewende tienerdogters so maklik betrokke raak by voorhuwelikse seks en vroeg swanger word. Dit hou 'n implikasie in vir die inhoud wat aangeleer word tydens seksualiteitsopleiding.

Sosialisering hou dus vir die sorgbehoewende kind geweldige uitdagings in, want die kleuter bly vasgevang ten opsigte van sosialiseringsbehoefte van die vroeë lewensfase en hierbenewens is hul gewoonlik ook net anders as kinders in die omgewing van die gemeenskap waarbinne die inrigting geleë is. Die sorgbehoewende kleuter en later kind vind dit dus baie moeilik om buite die inrigtingsopset te funksioneer en daarom word daar dikwels gevind dat hulle nie positief sosialiseer met ander kinders in die gemeenskap nie. Op hierdie manier word hulle nog meer vervreem.

Dit is die taak van die inrigting waar die kind versorg word om soveel moontlik positiewe geleenthede te skep vir sosialisering binne en buite die kinderhuis deur byvoorbeeld naweek- en vakansievriende, 'n baie goed bestuurde vrywilligersprogram asook gesinsherenigingsprogramme. Die vraag ontstaan ook of groot residensiële versorgingsfasiliteite hoegenaamd gewens is vir 'n kind se ontwikkeling en of kleiner groepsbehuising binne 'n gemeenskap naby aan die kind se ouers en soortgelyk aan die kind se kultuur nie meer voordele inhou nie.

2.8 SELFKONSEPONTWIKKELING BY DIE KLEUTER

2.8.1 Kenmerke van die kleuter se selfkonsepontwikkeling

Santrock (1997:264) omskryf selfkonsep as: “...*the child's cognitive representation of self, the substance and content of the child's self-conceptions*”. 'n Persoon se selfkonsep is volgens Louw (1990:296) die innerlike siening of beeld wat hy van homself het. Dit sluit ook 'n mens se selfbeeld, selfagting en selfaanvaarding in. Selfagting verwys na 'n mens se evaluasie van sy eie persoonlike eienskappe. De Lange (1996:27) gaan verder en noem dat dit verwys na die mate waartoe individue hulself van waarde ag. (Vgl. ook Santrock, 1997:264.) Selfaanvaarding berus op die persoon se evaluasie van homself omtrent sy objektiewe siening van unieke talente, vermoëns, algemene waarde en ook beperkinge.

Die ontwikkeling van die selfkonsep is 'n deurlopende proses wat deur die hele lewe van 'n mens voortduur. Vanaf ongeveer ses tot agt maande leer die baba om homself van ander te onderskei (Louw, 1990:297.) Hierna moet die kind leer dat hy konstant is en voortduur. Dit hang ten nouste saam met kognitiewe ontwikkeling en vind op ongeveer drie jaar plaas wanneer die kleuter die konsep van voorwerppermanensie bemeester asook wanneer taal bemeester word.

Die kleuterjare bou voort op die basis wat tydens die babajare gelê is. Die kind begin nou 'n paar van sy persoonlike eienskappe identifiseer, soos sy ouderdom en geslag en kan homself begin evalueer ten opsigte van skaamte en trots (Santrock, 1997:264.) Selfuitbreiding vind ook nou volgens Louw (1990:297) plaas en 'n sin vir persoonlike eiendom begin ontwikkel.

Namate die kleuter ouer word, differensieër sy vaardighede en eienskappe al hoe meer soos wat kognitiewe vermoëns en ander ontwikkelingsareas uitbrei. Enige dramatiese verandering in die individu se liggaam, vermoëns of sosiale status het 'n groot invloed op die individu se selfkonsep.

Aspekte soos die vaardighede waaroor die kind beskik, die aard en dinamika van die gesinsfunksionering, die kleuter se sosiale kontak en status asook die kleuter se selfmotivering om die ideale self te wil bereik, is belangrike faktore wat 'n invloed het op die ontwikkeling van die selfbeeld.

2.8.2 Kenmerke van die sorgbehoewende kleuter se selfkonsepontwikkeling

Die kleuter se selfkonsepontwikkeling berus volgens Louw (1990:297) op ander mense se evaluering en sodoende ontwikkel 'n positiewe of 'n negatiewe selfgating. Dit kan inherente gevare inhou vir die kleuter se ontwikkeling van 'n positiewe selfkonsep, want verskillende mense maak volgens Louw (1990:297) van verskillende waardestelsels gebruik om eieskappe as positief of negatief te beskou.

Indien 'n kleuter aan verskeie versorgers se evaluasie van homself blootgestel word, kan

dit impliseer dat hy verskillende boodskappe oor homself verkry wat sy selfkonsepontwikkeling beïnvloed. Weereens is die kwaliteit van die ouerskap waaraan die sorgbehoewende kleuter blootgestel is, te betwyfel en impliseer dit dat die meeste sorgbehoewende kleuters nie oor 'n positiewe selfkonsep beskik nie.

'n Positiewe selfkonsep is 'n waardevolle hulpmiddel vir die kleuter om sukses te behaal en dit is die navorser se opinie dat enige versorger sover moontlik hulself moet vergewis van maniere waarop hulle elke individuele kind se selfbeeld positief kan beïnvloed en ontwikkel.

2.9 SAMEVATTING

Die kleuterfase is 'n belangrike ontwikkelingsfase wat dien as die basis vir verdere gesonde menslike ontwikkeling. Weens die gesins- en gemeenskapsomstandighede van die sorgbehoewende kind word agterstande nie net ten opsigte van enkele ontwikkelingsareas beleef nie, maar in alle areas. Dit is noodsaaklik dat die versorger 'n uiters goeie basis van kennis van die ontwikkelingsareas het alvorens hy/sy 'n poging kan aanwend om die agterstande aan te spreek. Benewens 'n kennisbasis benodig die versorger ook vaardighede en tegnieke waarvolgens die agterstande aangespreek kan word op 'n ouderdomstoepaslike wyse. Die versorging van 'n kind, nie net van 'n kleuter nie, vereis geweldig baie geduld en liefde. Soveel te meer moet die versorger van die sorgbehoewende kleuter 'n toepaslike houding hê wanneer hierdie taak aangepak word.

Die sorgbehoewende kleuter verstaan self nie die situasie waarbinne hy gebore is nie en beleef konflik en frustrasies wat deurlopend in interaksie na vore kom. Baie van die sorgbehoewende kleuter se energie word gespandeer op hierdie negatiewe gedragpatrone en dit vereis gespesialiseerde kennis en vaardighede, baie kreatiwiteit, geduld, herhaling en onvoorwaardelike liefde om die gedrag van die kleuter te beïnvloed, te verander en ook om normale ontwikkeling te laat geskied.

Die kleuterfase is egter 'n dinamiese fase en daar is ruimte om 'n groot verskil te maak in die ontwikkeling en funksionering van die sorgbehoewende kleuter. Die kinderversorger tree as substituut-ouer op en is in die belangrikste posisie om die versorgingstaak van die sorgbehoewende kleuter te behartig. 'n Terapiesessie van 'n maatskaplike werker of 'n sielkundige een maal per week is nie genoeg om volhoubare gedragsverandering teweeg te bring nie. Die vraag is egter of die kinderversorger tans voldoende opgelei is om hierdie taak deur te voer.

HOOFSTUK 3

DIE ROL EN TAAK VAN DIE KINDERVERSORGER IN 'N RESIDENSIËLE OPSET

3.1 INLEIDING

'n Kinderversorger is volgens Marks en De Bruyn (1992: 250 – 252) 'n ekspert wat primêre versorging bied aan kinders in 'n inrigtingsopset. Volgens Lloyns (1993:4) is die rol van die kinderversorger sentraal en fundamenteel in die bemagtiging van die kinders om onafhanklik, vol selfvertroue, verantwoordelik en positief in die gemeenskap waarvan hul deel is, te funksioneer.

Binne 'n inrigtingsopset word sekere rolle, take en persoonsvereistes van die kinderversorger verwag ten einde die doel van hul pos tot uitvoering te bring. Hierdie hoofstuk bied 'n omskrywing van die verwagtinge wat aan die kinderversorger gestel word.

3.2 KINDER-EN JEUGSORG IN DIE PRAKTYK

Volgens Rose (2001:1) slaag selfs die beste akademiese definisies van kinder-en jeugsorg nie daarin om die volle omvang van die werk te omskryf nie. Sy skryf dit toe aan die feit dat die definisies nie die persoon in ag neem nie, maar eerder die take, gedrag en aktiwiteite van die beroep beskryf. Alhoewel dié beskrywing nodig is, neem dit volgens haar nie die interaktiewe aard of proses van die beroep in ag nie. Die kinderversorger bereik juis sy of haar doel deur middel van interaksie tussen twee partye waartydens beide reageer, verander, groei en ontwikkel in reaksie op hul belewenis van die ander persoon.

Die interaksieproses tussen die kinderversorger en die kliënt is van kardinale belang, want alle tegnieke en vaardighede wat benut word in hierdie persoonsgeoriënteerde beroep word deur die kinderversorger toegepas en nie deur masjienerie of enige ander implement nie. Die kinderversorger sêlf is dus die grootste hulpverleningsagent wat verandering deur middel van interaksie kan bewerkstellig.

Die wyse en effektiwiteit waarop die kinderversorger interaksie met 'n kind of jeugdige beplan, uitvoer en evalueer berus egter op 'n teoretiese gefundeerde kennisbasis. Die mate waarin kinderversorgers oor hierdie basis van kennis beskik, is bepalend van die kwaliteit sorg wat hulle kan verleen.

3.3 DIE KINDERVERSORGER AS PERSOON

“...I find it very difficult to explain what it means to be a child and youth care worker. To me, it is the core of my being. It is reflected in how I live my life and how I value those human beings with whom I share the world. This notion of being a child and youth care worker is now integrated into my very existence...” (Rose, 2001:2)

Gerber en Slavin (2000:1) beskryf die eienskappe van die kinderversorger soos volg: *“The most important characteristic of a good Child and Youth Care Worker (CYCW) is knowledge and skills to deal with highly demanding children and adolescents...a CYCW needs to be flexible, non-judgmental and very self aware: A CYCW has to use her or himself as a tool to help heal”.*

Verskeie skrywers (Krueger, 2000: 5; Anglin's, 2000:1 en Henn, 2001: 22) huldig die standpunt dat selfinsig 'n voorvereiste is vir 'n suksesvolle kinderversorger. Daar word van die standpunt af uitgegaan dat kinderversorging 'n verskeidenheid van komplekse vaardighede van die werker vereis en dat geen persoon met toetrede tot die beroep oor al hierdie kennis gaan beskik nie. Die skrywers noem verder dat baie vaardighede aangeleer word deur direkte kontak met die kinders en ook deur waarneming van kollegas en ander professionele persone in die veld.

Die kinderversorger bevind hom- of haarself in 'n dinamiese veld en is ook deurgaans in die proses om nuwe vaardighede aan te leer om die unieke persoonlikheid en behoeftes van elke kind, sy gesin en die gemeenskap waar hy of sy vandaan kom, te kan akkomodeer.

Daar word tereg deur Gannon (2002:3) genoem dat een van die sorgbehoewende kind se grootste agterstande die gebrek is aan blootstelling aan verantwoordelike en goed aangepaste volwassenes wat as positiewe rolmodelle dien.

Die teendeel is eerder van toepassing. Die kinderversorger vervul hierdie rol vir die kind wat in inrigtingsorg verkeer en moet daarom 'n voorbeeld stel van konsekwentheid, regverdigheid, rasonale optrede, betroubaarheid en 'n gebalanseerde leefstyl waarvolgens die kind nuwe gedragspatrone kan aanleer wat tot positiewe identiteitsvorming bydra.

Die kinderversorger kan slegs hierdie doel bereik indien 'n deurgaans openheid gehandhaaf word. Daar moet insig getoon word in die kinderversorger se eie ontwikkelingsareas en leerbehoefte asook hoe hy/sy as persoon die kind en hul interaksie beïnvloed deur die toepassing van vaardighede en tegnieke.

Harvey (1994:9) stel dit duidelik dat die maatskaplike werker slegs kinders as sorgbehoewend bevind, uit ouers se sorg verwyder en in residensiële sorg plaas as 'n laaste uitweg. Barnes (1985:7) vestig ook die lesers aandag daarop dat daar 'n groot verandering plaasgevind het in die tradisionele doeleindes van inrigtingsversorging. Dit was aanvanklik grotendeels bedoel vir kinders wat afhanklik was vir versorging omdat hulle byvoorbeeld hulle ouers aan die dood afgestaan het. Tans word minder sulke kinders in inrigtings opgeneem, hulle word eerder in pleegsorg geplaas.

Die tipe kind wat tans in 'n inrigting opgeneem word, is een wat ernstig getraumatiseer is, maar die omstandighede vir die versorging bly dieselfde. Barnes (1985:7) stel die implikasie van die gebeure soos volg: "*As a result, institutions have had to choose to change their role or to provide what is at best a second-rate service.*" Om hierdie rede meen Harvey (1994:9) dat die kinderversorger, wat verantwoordelik is vir die versorging van hierdie kinders, opgelei en professioneel behoort te wees.

3.4 DIE ONDERSKEID TUSSEN NIE-TERAPEUTIESE EN ONTWIKKELINGSGERIGTE TERAPEUTIESE KINDER- EN JEUGSORGPRAKTYKE

Die wyse waarop die kinderversorger sy of haar take uitvoer, dra grootliks by tot die kwaliteit van sorg wat aan die kind gebied word. Maier (1981:1) tref 'n onderskeid tussen nie-terapeutiese kinderversorgingspraktyke teenoor die voordele en

eenskappe van 'n ware bemagtigende omgewing. Die bespreking berus op die werk gedoen deur Bettelheim en Sylvester (in Maier, 1981: 1 – 2).

3.4.1 Nie-terapeutiese kinder- en jeugsorgpraktyke

Baie van die praktyke wat in inrigtingsorg gehandhaaf word, raak volgens Bettelheim *et al* (in Maier, 1981: 1 – 2) geïnstusionaliseerd. Dit beteken dat die kinderversorger die volgende praktyke in hulle dagtake toepas:

- Onpersoonlike reëls waarby die kind op 'n passiewe wyse aanpas.
- Die kind word beskerm en geen onafhanklike besluitneming word verwag nie.
- Alle aktiwiteite word vir die kind beplan.
- Selfhandhawende gedrag word verwerp en die kind word as aangepas beskou wanneer hy of sy tot stereotipiese reëls van die inrigting kan konformeer.
- Die omgewing is grotendeels onveranderlik en bly ook so, daar is dus min realiteitstoetsing.
- Daar word eksterne kontrole op gedrag geplaas wat die totstandkoming van 'n interne lokus van kontrole by die kind inhibeer omdat die personeel die kind deur middel van reëls, roetine en stelsels binne die kinderhuis beheer. Die kind kry dus nooit die geleentheid om beheer en verantwoordelikheid oor sy/haar eie gedrag te ontwikkel nie.
- Konflik hou geen terapeutiese waarde in nie en kan nie as groeigeleentede gebruik word nie, want dit hou eerder verband met die onpersoonlike verwagtinge van die inrigting as met die kind se innerlike konflikte.
- Die kind is emosioneel en fisies gedistansieër van die volwassenes en waar daar wel fisiese nabyheid bestaan, is die fokus nie op persoonlike groei nie, maar eerder om die kind te beheer en te laat konformeer .
- Personeelomset verhoed die kind om intieme verhoudings te vestig en in stand te hou.

Deur die bogenoemde praktyke te handhaaf, vind geen groei plaas nie. Die kind word intendeel eerder geïnstusionaliseer en verplig om te konformeer tot reëls wat geen bydrae lewer tot die strewe na die bereiking van onafhanklike volwasse funksionering gegrond op kennis, insig en die benutting van unieke persoonlike potensiaal nie.

3.4.2 Ontwikkelingsgerigte, terapeutiese Kinder- en Jeugsorg praktyke

Indien 'n terapeutiese omgewing egter deur die kinderversorger geskep word, sal die volgende geleentede volgens Bettelheim *et al* (in Maier, 1981: 1 – 2) aan die kind gebied word:

- Die verwagting dat die kind sosiale en fisiese situasies sal bemeester.
- Die kind beleef 'n hiërargie van hegte en betekenisvolle verhoudinge.
- Daar word klem geplaas op buigbaarheid en spontaneïteit.
- Interpersoonlike verhoudings vier hoogty bo roetine en skedule.
- Die sisteem bied geleentheid vir die kind om 'n interne lokus van kontrole te ontwikkel op grond waarvan persoonlikheidsintegrasie uiteindelik plaasvind.

3.5 LEWENSRUIMTE BEHANDELING

Krueger (2000:4) maak tereg die stelling dat die getraumatiseerde kind deurlopend berading nodig het omdat hulle deurgaans angs, vrees, hartseer, aggressie en depressie beleef. Die implikasie is dat die onderliggende sielkundige funksionering van die kind 'n effek het op elke faset van sy lewe, naamlik slapenstyd, maaltye, televisiekyk-tye, skool, pouse, vryespeel, badtyd en opstaantyd.

Tradisioneel word die uitdrukking van hierdie gevoelens gefasiliteer tydens 'n terapeutiese sessie onder leiding van 'n opgeleide terapeut wat die emosies kan hanteer en ook gedragsverandering bewerkstellig deurdat nuwe vaardighede aangeleer word. Die emosies kom egter, veral by die kleuter, natuurlik na vore tydens spel en dus in die alledaagse funksionering van die kind. Die kinderversorger lei die sessies en is dus in die beste posisie om die kind se emosies te herken, aan te spreek en ook om alternatiewe hanteringstegnieke aan die kind te leer en in te oefen aangesien die gedrag weer na vore sal kom. Soos reeds genoem, vereis die verwagting noukeurige opleiding. Die navorser propageer nie dat die kinderversorger die rol van die terapeut oorneem nie, maar eerder dat daar nouer samewerking tussen die terapeut en die kinderversorger plaasvind. Op so 'n manier werk die terapeut nie agter geslote deure met die kind nie, maar betree hy/sy eerder die lewensruimte of huiseenheid van die kind sáám met die kinderversorger. Die terapeut tree dus as 'n rolmodel op vir die kinderversorger en modelleer sodoende kennis, vaardighede en die regte houding.

Wanneer die terapeut in 'n terapeutiese sessie met die kind betrokke is, huldig die navorser ook die standpunt dat die kinderversorger betrek kan word om sodoende die kind beter te leer ken asook van die terapeut te leer. Dit wat in terapie gedoen is, kan dan voortgesit word in die daaglikse funksionering van die kind. Hierdie werkswyse is koste-effektief en verleen meer konsekwentheid in die kind se lewe. Biologiese ouers, pleegouers, onderwysers en naweek- en vakansie-ouers sal ook by so 'n terapeutiese milieu betrek kan word en vaardighede kan aanleer.

In Maier (1981:1) word daar melding gemaak van 'n Amerikaanse psigiater, Fritz Redl, wat in 1940 gedurende sy dienslewering aan ernstig versteurde kinders tot die gevolgtrekking gekom het dat destruktiewe gedrag baie meer effektief hanteer word wanneer dit terwyl dit tot uiting kom aangespreek word, eerder as in 'n kliniese terapeutiese onderhoud.

Met die verloop van tyd het hierdie benadering van lewensruimte-behandeling onder leiding van 'n sielkundige Kurt Lewin (Maier, 1981:1) as 'n erkende en gedefinieerde metode van intervensie tot stand gekom. Dit berus daarop dat die persoon wat omsien na die kind op 'n planmatige en doelgerigte wyse gebruik maak van 'n dagprogram en gebeurtenisse in die kind se lewe ten einde ontwikkeling, groei en verandering in gedrag en funksionering te fasiliteer.

Maier (1981:1) beskryf "lewensruimte" in 'n meer algemene sin en verwys na die sosiale, emosionele, fisiese, eko-sistemiese en die organisasie-milieu waarbinne die kind in die residensiële opset funksioneer.

Daar word na drie aspekte van lewensruimte verwys, naamlik:

3.5.1 Fisiese spasie

Die fisiese area waarbinne die kind funksioneer, het 'n groot invloed op die kind se lewe. In die residensiële opset word daar verwys na alles wat binne die fisiese opset gebeur, of dit nou beplan of onbeplan geskied.

3.5.2 Sosiale spasie

Elke verhouding hou vir die mens die aanmoediging in om te groei en te ontwikkel, of die bedreiging om te stagneer en te regresseer. In die verloop van elke moment in die kind se lewe terwyl hy in residensiële sorg is, is die aard en kwaliteit van verhoudinge die bepalende faktor ten opsigte van die emosies wat die kind gaan beleef. Die emosies strek van kind tot kind, kind tot personeel en ook personeellid tot personeellid. Die sosiale omgewing waarin die kinders funksioneer, bepaal die atmosfeer wat heers.

3.5.3 Organisasie

Hier word daar verwys na die wyse waarop die kind se dag beplan word; die patrone van daaglikse lewe. Roetines in die kind se lewe kan kreatief en warm wees of dit kan onpersoonlik en koud wees en geen positiewe bydrae tot die kind se ontwikkeling en groei maak nie.

In die normale verloop van die lewe bestaan 'n persoon se lewensruimte uit 'n wye verskeidenheid van sisteme, maar vir die sorgbehoewende kind is die lewensruimte volgens Maier (1981:1) grotendeels geïsoleer tot die residensiële eenheid van funksionering. Om hierdie rede is dit belangrik dat personeel werksaam met kinders in residensiële sorg noukeurig beplan en organiseer aan alle besluite en beleidsaspekte. Dit moet strek tot by die beplanning van kontakte met die kind en sy of haar gesin aangesien hierdie aspekte die kwaliteit van die lewensruimte sal bepaal.

Die lewensruimte van die sorgbehoewende kind in residensiële sorg word geskep deur die personeel werksaam met die kind. Dit plaas dus 'n groot verantwoordelikheid op die kinderversorger en sy of haar ondersteuningstelsel om hulle werk so te beplan dat elke moment tot voordeel strek van die kind se groei en ontwikkeling.

Dit verg ook 'n groot mate van opleiding om die kinderversorger toe te rus met die nodige kennis omtrent die ontwikkeling van die kind en die implikasies van trauma op ontwikkeling. Verder moet die kinderversorger geleer word hoe om die emosioneel getraumatiseerde kind te hanteer, alvorens die motiewe en behoeftes rondom gedrag verstaan gaan word. Die navorser beleef vanuit praktykervaring dat kinderversorgers

tans deurgaans gekonfronteer word met kinders se uitreagerende gedrag en dat hulle ook onverskillig staan as gevolg van onkunde om hierdie gedrag te hanteer.

3.6 KENMERKE VAN KINDER- EN JEUGSORGWERK

Dit is volgens Kaffiak (2002:2) die taak van die kinderversorger om 'n terapeutiese verhouding met kinders te vestig. Die kinderversorger het volgens hierdie skrywer ook ten doel om die intimiteit van die "persoonlike" te kombineer met die doelgerigte optrede van die "professionele persoon". Kaffiak (2002:2) meld dat kinderversorging handel oor die daarstelling van 'n terapeutiese verhouding en nie 'n kliniese verhouding nie, want die kinderversorger het ten doel om die kind te bemagtig ten einde ontwikkelingsgerigte groei, heling en geïntegreerde funksionering te bewerkstellig. Die taak van die kinderversorger vereis dus die integrasie van 'n komplekse samestelling van kennis, vaardighede en elemente van die self. Dit impliseer dus in kort 'n hoë vlak van persoonlike en professionele ontwikkeling waarvolgens kinders gedurende hul alledaagse take nuwe vaardighede geleer word waardeur verbeterde funksionering bewerkstellig word.

Deur die regte omgewing vir die kind te vestig, kweek die kinderversorger veiligheid en sekuriteit in die kind se emosionele, fisiese en sosiale omgewing waardeur die kind dan vrymoedigheid kan openbaar om inisiatief en kreatiwiteit aan die dag te lê ten einde hul ontwikkelingskenmerke en mylpale te behaal. Dit is in essensie ook dieselfde proses as wat plaasvind tydens gewone effektiewe ouerskap.

Kaffiak (2002:1 – 2) lê die volgende 5 eienskappe van die kinderversorger uit:

- Die primêre fokus en hartklop van die kinderversorger is eerstens die groei en ontwikkeling van kinders en jeug. Die gemeenskap, familie en organisasie waarvan die kind afkomstig is of dalk ook na terugkeer, is ook belangrike aspekte wat in ag geneem word, maar die konteks van hulle taak is deurlopend gesetel in die fasilitering van groei en ontwikkeling van die kind.
- Groei en ontwikkeling word deurlopend vanuit 'n holistiese mensbeskouing benader. Dit impliseer dat elke faset van die kind se funksionering in ag geneem word waneer groei en ontwikkeling bewerkstellig word.
- Die fisioterapeut fokus byvoorbeeld op die grootmotoriese ontwikkeling, die arbeidsterapeut op die fynmotoriese ontwikkeling, die sielkundige op die emosionele ontwikkeling en die onderwyser op die kognitiewe ontwikkeling. Die kinderversorger moet egter deurgaans strewende om al die

ontwikkelingsareas van die kind aan te spreek op 'n gebalanseerde wyse. Hopelik beskik 'n organisasie oor genoeg hulpbronne om terapeute op die multi-terapeutiese span te kan hê, maar selfs in die afwesigheid van professionele terapeute bly dit steeds die taak van die kinderversorger om elke faset van die kind in ag te neem.

- Die kinder- en jeugsorgwerker handhaaf 'n ontwikkelingsperspektief vanuit 'n model wat sosiale bevoegheid impliseer. Die kinderversorger glo dat elke kind op enige gegewe oomblik sy beste gee. Hulle volg 'n sterktepuntbenadering en help kinders stap vir stap ontwikkel deur deurgans op hulle sterk punte en vaardighede te fokus.
- Kinder-en jeugsorgwerk is gebaseer op direkte (maar nie beperk tot) dag tot dag werk met die kind in sy of haar omgewing. Die kinderversorger gaan na waar ook al die kind hom of haarself bevind, of dit nou in die residensiële eenheid, die familie, gemeenskap, skool, pleegsorg, of selfs op die strate is. Dit is nie soos ander professionele persone wat die kind sien in die kliniese omgewing van 'n kantoor nie.
- Die kinderversorger is voortdurend besig om 'n binding sowel as 'n terapeutiese verhouding met die kind te vestig. Die professionele terapeutiese verhoudings is primêr gefokus op die kind, maar word, net soos ander professies, ook gebou met die familie en ander persone.

Gannon (2002:1 – 3) noem ook nog die volgende ses kenmerke van kinder- en jeugsorgwerk:

- **Dit gee hoop en heling aan getraumatiseerde kinders deur middel van omgee verhoudings**

Kinders word gewoonlik nie heel deur 'n sekere behandeling wat aan hul toegedien word nie, maar eerder binne die grense van 'n konsekwente en betroubare verhouding met 'n volwassene in harmonie met ander in hul dag-tot-dag funksionering.

Dit bied hoop vir die kind, want vanaf die eerste dag van opname in die inrigting is daar geleentheid om weer te vertrou op mense en om verwagtinge te hê van die wêreld waarin hul leef. Dit is eers wanneer die kind weer hoop in sy omgewing het dat blootstelling en verkenning van pyn sal plaasvind en suksesvol bemeester word.

➤ **Bepaal die oorsaak van emosionele en fisiese pyn en verstaan dit**

'n Belangrike sielkundige beginsel word hier gereflekteer naamlik dat dit dikwels genoeg is om slegs bewustheid en begrip van 'n probleem te hê om in staat te wees om gemaklik daarmee te kan saamleef. Dit is nie altyd nodig om die probleem op te los nie. Een van die mees destruktiewe emosies waaraan 'n kind ly, is angs. Angs is 'n onverklaarbare gevoel dat iets slegs gaan gebeur sonder dat die individu weet presies wat dit is. Dit is slegs wanneer daar 'n oorsaak ter bevestiging van die gevoel kom dat angs oorgaan in vrees, en dit is dan wanneer 'n mens vir 'n spesifieke objek of gebeurtenis bang is.

Sorgbehoewende kinders word reeds van vroeg in hulle lewe blootgestel aan stres wat angs veroorsaak. Die sorgbehoewende kinders se situasies is so onvoorspelbaar dat dit vir hulle relevant is om die ergste te verwag, maar steeds weet hulle nooit werklik wat met hulle gaan gebeur nie. Dit mag dalk geweld, verwerping, mishandeling, verwydering, dood of enigiets anders wees.

In die veilige ruimte van 'n voorspelbare vertrouensverhouding leer kinders om angs aan te spreek deurdat die oorsaak daarvan begryp word asook die impak daarvan op die individu se funksionering hanteer kan word.

➤ **Sien toe dat fisiese, emosionele, opvoedkundige, mediese en spirituele behoeftes van die kind voorsien word**

Onder hierdie punt word daar verwys na die wyse waarop Gannon (2002:1 – 3) Maslow se hiërargie van behoeftes van toepassing maak op kinderversorging. Maslow gaan van die standpunt af uit dat daar eers in 'n mens se fisiese- en veiligheidsbehoefte voorsien moet word alvorens aandag geskenk word aan ander behoeftes soos om te behoort aan 'n groep of om die self te aktualiseer. Voordat 'n kind vertrou in sy omgewing binne die inrigtingsopset sal ontwikkel, is dit nodig dat daar in sy of haar behoeftes van voeding, kleding, netheid en higiëne voorsien moet word, want dit is hierin dat die kind sal beleef dat die mense na sy welstand sal omsien.

Dit is dus juis deur middel van hierdie basiese daaglikse versorgingstake wat die kinderversorger die geleentheid het om weer by die kind vertoue in te boesem in die mens en plekke. Dan kan daar oorgegaan word na die ontwikkeling van ander areas van die persoon se persoonlikheid en potensiaal. Swak inrigtingversorging bestaan waar daar 'n pre-okkupasie is met daaglikse skoonheid en netheid en waar min of geen aandag aan die kind se verdere behoeftes geskenk word.

- **Die uitdagende en moeilike taak van die kinderversorger om getraumatiseerde kinders te begelei, begryp, versorg en op te voed, beloof bevredigend en pret te wees.**

Begeleiding van die kind beteken om hom te help om 'n einddoel vir hom- of haarself te stel en om die kind dan daagliks te motiveer om onafhanklik te funksioneer ten einde daardie doel te bereik.

Wanneer Gannon (2002:1 – 3) verwys na begrip vir die kind, word daar verwys na die ernstige werk om 'n kind se situasie saam met hom of haar te bepeins en te analiseer. Dit word gedoen deur die situasie ook te koppel aan teorie sodat die volle omvang van die kind se situasie en omstandighede uiteindelik begryp word. Dit is slegs onder hierdie omstandighede dat 'n volledige behandelingsplan vir die kind saamgestel kan word.

Dit is in die daaglikse versorging van die kind dat hy/sy die bevestiging kry dat daar 'n betroubare en konsekwente persoon is wat deur versorging aan hom/haar die versekering bied dat hy/sy as belangrik geag word. Dit is 'n kind se reg om met liefde en deernis versorg te word; dit is nie 'n voorreg nie.

Die werk van 'n kinderversorger behels ook opvoeding wat een van die belangrikste, maar dikwels een van die mins ontwikkelde vaardighede in die beroep is. Daar word 'n vergelyking getref met onderwysers wat werk volgens 'n nougesette plan, naamlik 'n kurrikulum en spesifieke metodes wat reeds sukses bewys het.

Die kinderversorger se klaskamer is minder formeel en kan die daaglikse lewensspasie van die kind genoem word. Die kinderversorger benodig egter

ook 'n eie kurrikulum, metodes, media, oefening en toetse wanneer hulle deur middel van die daaglikse roetine aan die kind lewensvaardighede leer.

- **Die versorging van kinders bied 'n geleentheid om hul te lei tot verantwoordelike volwasse wording**

Die kinderversorger het 'n "*window of opportunity*" in die kind se lewe om te probeer opmaak vir iets wat die kind verloor het of iets van die kind wat beskadig is. Om kinders te lei, impliseer 'n interessante beeld, naamlik dat die kinderversorger altyd 'n paar stappies voor die kind is en ten minste weet waarheen hulle op pad is. Die kinderversorgers moet nooit uit die oog verloor dit hulle taak is om verantwoordelike volwassenes te bou en nie net om kinders te beheer nie.

- **Die kinderversorger is 'n rolmodel vir die kind en respekteer die kind se reg om vir hulself te kies.**

Die meeste rolmodelle in die sorgbehoewende kind se lewe hanteer probleme soos armoede, alkoholisme, werkloosheid, siekte en verlies deur middel van angs, onvergenoegdheid, preokkupasie, depressie en ander verdedigingsmeganismes. Die sorgbehoewende kind het 'n dringende behoefte aan konsekwente, rasionele, veilige, en gebalanseerde volwassenes wat gedragpatrone aan hulle kan openbaar op grond waarvan hulle eie identiteit gevorm kan word. Die suksesvolle kinderversorger sal dus bloot deur die wyse waarop hy aan die kinders wys hoe hy of sy eie probleme hanteer, 'n rolmodel vir die kind word.

3.7 PERSOONLIKE EN PROFESSIONELE ONTWIKKELING VAN DIE KINDERVERSORGER

Anglin (2000:1) en Kaffiak (2002:1) stem ooreen dat die persoonlike en professionele ontwikkeling van die kinderversorger twee afsonderlike, maar ewe belangrike aspekte is wat ontwikkel moet word. Die areas waarbinne ontwikkeling moet plaasvind, is die kennis, vaardighede en die self en daar moet deurgaans balans ten opsigte hiervan gehandhaaf word.

3.7.1 Die self

'n Sentrale tema in die opleidingsproses van die kinderversorger is die ontwikkeling van die mens self en ook die verhoging van self-bewustheid. Beide Kaffiak (2002:1) en Anglin (2000:1) maak melding van 'n professor by die skool van kinder- en jeugsorg aan die Universiteit van Victoria, Frances Ricks, wat 'n model ontwikkel het waarvolgens selfbewustheid op 'n sistematiese manier aangespreek kan word.

Aan die een kant is die waardes, oortuigings en etiek van die mens. Die ander kant verteenwoordig die mens se denke, gevoelens en optredes wat altyd teenwoordig is in enige gedrag wat geopenbaar word. Hierdie aspekte saam konstitueer die mens se wêreldbeskouing en word ook 'n toonbeeld van die persoon se "styl" van handel. Die aspekte het alles 'n wedersydse invloed op mekaar.

Waardes, oortuigings en die etiek van die mens word soos volg deur Kaffiak (2002:4) beskryf:

➤ Waardes

Daardie aspekte in die lewe wat vir die mens belangrik en goed is. Dit is 'n reflektoring en 'n assessering van dit wat as waardevol, of nie, beskou word. Dit impliseer 'n persoon se implisiete oortuigings omtrent die wêreld.

➤ **Oortuigings**

‘n Konstruk of ‘n stel konstrukte waarvolgens die mens oordeel wat reg en verkeerd is. ‘n Konstruk is altyd subjektief en ondergeskik aan ‘n standaard soos deur ander bepaal oor wat waar of vals is. Die persoon bepaal dit self en leef daarvolgens.

➤ **Etiek**

Standaarde en reëls waarvolgens ‘n mens sy lewe lei en beplan. Dit rig ook die mens se verwagtinge van hoe hy of sy dink ander moet optree.

Hierdie model kan gebruik word as ‘n riglyn waarvolgens die mens aspekte van die self kan ontdek en eksplorieer deur te bepaal watter gedagtes en gevoelens deur die gebeurtenisse veroorsaak word en wat die onderliggende oortuigings, waardes en etiek is wat gehuldig word.

Kaffiak (2002:5) maak melding van 4 redes waarom self-bewustheid baie belangrik is vir ‘n kinderversorger:

- Dit help die mens om te oordeel hoe hy homself teenoor ander handhaaf, wat hom of haar uiteindelik help om te onderskei tussen ander en self.
- Deurdat ‘n persoon sy eie waardesistiem het, bied dit ‘n raamwerk waarvolgens daar omgegaan word met kollegas, familie, vriende en ook kinders en jeug waarmee daar gewerk word.
- Dit is belangrik dat ‘n mens sal weet hoe sy of haar waardesistiem persepsies beïnvloed.
- ‘n Mens se waardesistiem is die basis van alle optrede en daarom is bewustheid omtrent eie waardes, oortuigings en etiek belangrik.

3.7.2 Kennis

Kaffiak (2002:3) en Anglin (2000:1) stem saam dat kennis baie belangrik is vir die kinderversorger aangesien dit hom of haar in staat stel om die kind en sy eie se gedrag te verstaan, te beskryf en te kan verklaar in die terapeutiese ondervinding. Kennis bied die basis waarvolgens terapeutiese intervensie kan plaasvind. In Kanada se skool vir kinder-en jeugsorg, Victoria, word die volgende teoretiese kennis aan kinderversorgers geleer. (Vergelyk Kaffiak (2002:3) en Anglin (2000:1))

- Teoretiese benadering tot gedragsverandering
- Menslike groei en ontwikkeling
- Assesseringsbeginsels en –metodes
- 'n Raamwerk vir die beplanning en bestuur van gevalle
- Beginsels en modelle van intervensie
- Kommunikasie-teorie
- Professionele etiek en aangeleentheid van die praktyk wat relevant is
- Wetlike aspekte en beleidsaangeleenthede
- A-tipiese ontwikkeling en gedrag

3.7.3 Vaardighede

'n Vaardige kinderversorger beskik oor die vermoë om hul kennis met gemak en effektiwiteit in praktiese situasies toe te pas.

Die vlak van vaardighede waaroor die kinderversorger beskik, verhoog direk tot die mate van ondervinding waaroor hy of sy beskik. Ondervinding bied aan die kinderversorger 'n verwysingsraamwerk wat selfbewustheid en selfvertroue tot gevolg het in die besluitnemingsproses.

3.8 SAMEVATTING

Die tipe kinders wat tans in inrigtings opgeneem word, is ernstig getraumatiseer en hulle gedrag is uiters uitdagend. Die kinderversorger is die persoon wat in die beste posisie is om aan die kind 'n terapeutiese omgewing te skep waarbinne heling deurlopend kan plaasvind. Die kinderversorgers sal egter slegs hierdie uitdagende taak suksesvol kan uitvoer indien hulle voldoende opleiding asook ondersteuning en indiensopleiding ontvang.

'n Volwaardige terapeutiese omgewing sal slegs geskep kan word indien 'n paradigmaskuif by professionele persone gemaak word. Die werkswyse van die multi-terapeutiese span sal aangepas moet word met die fokus om die kinderversorger te bemagtig om 'n terapeutiese milieu te vestig.

Die sukses van terapie berus op die kinderversorger se vermoë om insette van die multi-terapeutiese span wat saamgevat is in 'n behandelingsplan, konsekwent toe te pas in die lewensruimte van die kind. Dit is slegs die kinderversorger wat in 'n posisie is om die taak uit te voer.

HOOFSTUK 4

‘n EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE OPLEIDINGSBEHOEFTE VAN DIE KINDERVERSORGER WAT OMSIEN NA DIE KLEUTER

4.1 INLEIDING

‘n Verkennende studie word volgens Grinnell en Williams (1990:140) gedoen wanneer ‘n relatief onbekende navorsingsarea ondersoek word. Die opleidingsbehoefte van die kinderversorger wat omsien na die kleuter is ‘n onbekende area waarvoor geen literatuur beskikbaar is nie en hierdie onderwerp is vervolgens ondersoek.

‘n Verkennende studie is gedoen met respondente wat deur middel van doelgerigte steekproefneming geselekteer is. ‘n Doelgerigte steekproef word volgens Huysamen (1993:46) geneem wanneer respondente verteenwoordigend is van ‘n sekere populasie. Die navorser is werksaam by ‘n kindersentrum van Badisa en het daarom besluit om die steekproef vanuit die populasie, naamlik kindersentrums wat deur Badisa bestuur word, te trek. Badisa se Direkteur vir Maatskaplike Dienste se toestemming is verkry om navorsing te doen in die vier kindersentrums van Badisa in die Weskaap. Slegs drie van die kindersentrums het toestemming verleen en die data is daarvandaan verkry.

Data is ingesamel deur middel van ‘n vraelys wat saamgestel is op grond van inligting wat vanuit ‘n literatuurstudie verkry is. ‘n Kwantitatiewe navorsingsbenadering word volgens Mouton en Marais (in De Vos, 1998:357) gevolg wanneer die omvang van die studie bekend is. Die benadering is ook formeel, duidelik, gekontroleerd en die veranderlikes word gekwantifiseer. Die data, soos ingesamel deur middel van die vraelys, word geanaliseer en in hierdie hoofstuk weergegee.

‘n Voorondersoek word volgens Huysamen (1993:205) uitgevoer vóór die werklike navorsing ten einde die doeltreffendheid en die effektiwiteit van die meetinstrument te toets. Twee senior kinderversorgers werksaam met kinderversorgers wat omsien na die jonger kind en die kleuter, is versoek om die vraelys te voltooi en hulle het dit as voldoende geëvalueer. Daar is gevolglik geen veranderinge aan die vraelys aangebring nie.


Vraelyste en ingeligte toestemmingsbriewe is in koeverte aan die respondente voorsien via die bestuur van daardie kinderhuis. Na afloop van die voltooiing van die vraelyste het die respondente dit toegeplak in die koevert en dit aan hul bestuur oorhandig wat dit weer aan die navorser oorhandig het.

4.2 RESULTATE VERKRY VANUIT DIE KWANTITATIEWE VRAELYS


4.2.1 Geslag en huistaal

Figure 1 en 2 gee 'n weergawe van die taalverspreiding van die respondente. Al 15, dus 100% van die respondente is Afrikaansprekende vrouens.

Figuur 1: Taal van die respondente



Figuur 2: Geslag van respondente




Die resultate vanuit die bogenoemde twee figure dui nie noodwendig op 'n tendens dat die meeste kinderversorgers Afrikaanssprekende vrouens is nie. Die meeste kinderversorgers in Suid Afrika is egter tans vrouens. Die taal kan toegeskryf word aan die feit dat al drie kinderhuise in tradisioneel Afrikaanssprekende gemeenskappe geleë is en verder is Badisa ook primêr Afrikaanssprekend.

4.2.2 Die tydperk wat die respondente reeds die beroep beoefen

Figuur 3 gee die tydperk weer wat die respondente die beroep beoefen. Die grootste persentasie respondente, naamlik 40%, beoefen die beroep reeds tussen 10 en 15 jaar. Daar is 27% van die respondente wat die beroep tussen twee en vier jaar beoefen. 'n Gelyke persentasie respondente van 13% beoefen die beroep onderskeidelik een en twee jaar en ses tot 10 jaar. Die afleiding kan gemaak word dat die meeste kinderversorgers die beroep vir 'n lang tydperk beoefen en verskeie redes kan hieraan toegeskryf word.

Figuur 3: Tydperk wat respondente die beroep beoefen




4.2.3 Ouderdomsverspreiding

Vanuit figuur 4 blyk dit dat die grootste aantal respondente, naamlik 33%, tussen die ouderdomsgroep 33 – 35 jaar is. Daar is egter 'n groter verspreiding van 60 % van die respondente in die ouderdomsgroep 40 – 55 jaar.

Daar is 20% van die respondente wat in die ouderdomsgroep 50 – 55 jaar resorteer. Daar blyk dus 'n tendens te wees dat die kinderversorgers oor die algemeen ouer is.

Figuur 4: Ouderdomsverspreiding van respondente



Die ouderdom van 'n kinderversorger wat direk met kinders werk, is 'n belangrike oorweging om in ag te neem ten opsigte van die ouderdomsgroep wat hulle versorg en die kwaliteit sorg wat aan daardie kinders gebied word.

By punt 2.2 is Smith (1981:14), Santrock (1997:216) en Bender (1999:7) dit almal eens dat die kleuter hoë aktiwiteitsvlakke het en gevolglik baie aktief is. Die fisiese ontwikkeling van die kleuter gaan gepaard met die ontwikkeling van die sensuweestelsel en die kleuter is baie nuuskierig en weetgierig ten opsigte van sy leefwêreld, wat weer noodsaaklik is vir die inwinning en vaslegging van nuwe inligting (Vgl. Porter, 1983:27 en Santrock, 1997:218). Hiermee saam noem Santrock (1997:216) ook nog dat die kleuter se waaghouding verhoog en hy toenemend na onafhanklikheid streef. Die sameloop van hierdie omstandighede stel die kleuter bloot aan gevaar en vereis dat die versorger die kind begelei.

Die kinderversorger van die kleuter moet aansluit by die hoë aktiwiteitsvlakke van die kleuter. Dit moet gedoen word deur aktief deel te neem aan speletjies. Die kleuter se weetgierigheid en verhoogde waaghouding moet ook gestimuleer word en die versorger moet in samevoeling met die kleuter se behoeftes beweeg, selfs al beteken dit om op die grond te speel.

Deelname aan spel en die benutting van die ontwikkelingsfase is van uiterste belang om die kind se leefwêreld te betree, om insette in die leefwêreld te maak en ook om ontwikkeling te stimuleer.

Wanneer die kinderversorgers ouer word, is hulle energievlakke nie noodwendig meer van so 'n aard dat hulle aktief kan of wil deelneem aan hierdie tipe aktiwiteite nie en ook nie met die intensiteit van 'n kleuter nie.

4.2.4 Opleidingsvlak van die respondente

Tabel 1 dien as 'n weergawe van die data wat ingesamel is. Sewe en veertig persent van die respondente het standerd sewe tot nege geslaag. Een respondent het standerd 10 geslaag. Ses van die respondente het naskoolse opleiding ontvang wat aandui dat hulle ook matriek geslaag het. Slegs drie respondente het opleiding ontvang wat relevant is tot kinderversorging. Geen respondente het naskoolse opleiding ontvang as kinder- en jeugsorgwerkers nie.

Tabel 1: Opleidingsvlak van respondente

OPLEIDINGSVLAK VAN RESPONDENTE		
Vlak van opleiding	Aantal Respondente	%
Standerd 5 – 6	0	0
Standerd 7 – 9	7	47
Standerd 10	1	7
Naskoolse opleiding:		
B.A Suiwer	1	7
P.O.D Kindertuin	1	7
Tegniese Kollege	1	7
Kinderevangelsing	1	7
Verplegingsassistent	1	6
Gasvryheidsdienste N6	1	6
Onderwysdiploma	1	6
Totale getal respondente	N = 15	100

4.2.5 Formele opleiding wat die respondente ontvang het om hulle toe te rus vir hulle taak as kinderversorger.

Tabel 2 is 'n weergawe van al die kursusse wat respondente as deel van opleiding in die werksplek onderneem het, soos deur hul gelys.

Tabel 2: Formele opleiding wat die respondente ontvang het om hulle toe te rus vir hul taak as kinderversorger.

Besonderhede van opleiding				
Kursusse soos gelys deur respondente	Aantal respondente [N = 15]			
	Kursus voltooi	%	Kursus nie voltooi	%
Basiese kwalifikasie in kinder- en jeugsorg soos aangebied deur die Nasionale Vereniging vir Kinder- en Jeugsorgwerkers.	8	53	7	47
Ontwikkelingsgerigte sterktepunt assessering, soos aangebied deur die Nasionale Vereniging vir Kinder- en Jeugsorgwerkers.	4	27	11	73
Ouerleidingskursus by Tygerberg Hospitaal	3	20	12	80
“Behaviour Management”, soos aangebied deur die Nasionale Vereniging vir Kinder- en Jeugsorgwerkers.	2	13	13	87
“Guidelines for Life Skills Training”, soos aangebied deur die Nasionale Vereniging vir Kinder- en Jeugsorgwerkers.	2	13	13	87
“Family Preservation Training”, soos aangebied deur die Nasionale Vereniging vir Kinder- en Jeugsorgwerkers.	2	13	13	87
“Core Concepts” , soos aangebied deur die Nasionale Vereniging vir Kinder- en Jeugsorgwerkers.	1	7	14	93
“Professional Foster Care”, soos aangebied deur die Nasionale Vereniging vir Kinder- en Jeugsorgwerkers.	1	7	14	93
“Restorative Justice”, soos aangebied deur die Nasionale Vereniging vir Kinder- en Jeugsorgwerkers.	1	7	14	93
Noodhulpkursus	1	7	14	93
Vigskursus	1	7	14	93
Hantering van getraumatiseerde kinders	1	7	14	93
Kinder-, Bejaarde- en Gestremdesorg	1	7	14	93
Selfgeldende kommunikasievaardighede	1	7	14	93
Drug Education Agency: Lay Counsellor Seminar	1	7	14	93
Motivering en selfbestuur	1	7	14	93
Luisterlyn: Inleiding tot berading	1	7	14	93
The Parent Centre. Assertive Parenting, Listening Skills	1	7	14	93
Micro – MBA: One - Up Business Training	1	7	14	93
Beste opleiding self in 'n kindersplek grootgeword	1	7	14	93
Geen blootstelling aan kursusse			1	7


Die meeste formele opleiding wat ontvang is, word deur die Nasionale Vereniging vir Kinder- en Jeugsorgwerkers aangebied (42%). Die vereniging word beskou as die grootste Kinder- en Jeugsorgopleidingsinstansie in Suid-Afrika (Gannon 1995:16). 'n Verskeidenheid van ander kursusse is gevolg, maar dit dra nie direk by tot die versorging van die kleuter nie.

Tydens 'n gesprek met Sandra Oosthuizen (30/10/03) het sy aangedui dat die Nasionale Vereniging vir Kinder- en Jeugsorgwerkers egter nie fokus op vroeë kinderontwikkeling nie, want daar is soveel ander organisasies wat opleiding hierin aanbied. Geen van die respondente het enige opleiding in dié verband gehad nie. .

Daar is egter 47 % van die respondente wat die beroep vir 'n kort tydperk van tussen een tot vier jaar beoefen en 40 % van die respondente val in die ouderdomskategorie van 26 – 35 jaar. Dit is 'n relatiewe groot persentasie wat potensieel meer gemotiveerd sal wees vir verdere studies.

In figuur 5 dui 73% van die respondente aan dat die opleiding wat hulle ontvang het wel hulle taak as kinderversorger vergemaklik het.

Figuur 5: Mate waartoe opleiding ontvang, die taak van die kinderversorger vergemaklik



vergemaklik

Een respondent het geen opleiding ontvang nie en een respondent het nie die vraag beantwoord nie.


Op grond van die data verkry in tabel twee word die afleiding gemaak dat daar 'n positiewe ingesteldheid is jeens opleiding, maar 'n passiewe houding jeens die verkryging van die opleiding. Kinderversorgers word deur hulle werkgewers versoek om die opleiding van die nasionale vereniging vir kinder- en jeugsorgwerkers of ander instansies mee te maak en dus geskied dit nie uit eie motivering nie.

Die werksomstandighede van die kinderversorger speel weereens hier 'n rol wat in ag geneem moet word.

4.2.6 Opleiding wat spesifiek die hantering van die kleuter aanspreek

In figuur 6 dui 60% van die respondente aan dat hul geen opleiding ontvang het wat spesifiek gefokus is op die hantering van die kleuter nie.

Figuur 6: Opleiding ontvang spesifiek oor die versorging van kleuters



Slegs ses (40%) van die respondente dui in figuur 6 aan dat hulle opleiding ontvang het, en baseer hul antwoord op die feite soos uiteengesit in tabel 3.

Tabel 3: Motivering van respondente ten opsigte van watter opleiding hul ontvang het om hul taak as kinderversorger uit te voer.

Motivering van respondente		
Redes verskaf	Aantal respondente [N = 6]	%
BQCC	3	50
Behaviour Management	2	33
Opvoeding van eie kinders	4	67
Ondervinding as dagmoeder vir babas tot ses-jarige kleuters	1	17
Wersaamhede in kleuterskool	1	17

Een respondent (7%) het aangedui dat meer opleiding verlang word.

Volgens figuur 7 dui slegs 20% van die respondente aan dat die opleiding hulle voldoende toegerus het om die kleuter te versorg.

By punt 4.2.5, Tabel 2 dui slegs 53% van die respondente aan dat hulle net die basiese kursus in kinderversorging onderneem het, wat slegs basiese konsepte in kinderversorging aanspreek. In Tabel 3 meld slegs 20% van die respondente dat die basiese kwalifikasie in kinderversorging hulle gehelp het om die kleuter te hanteer. Alhoewel die vraag nie direk gevra is nie, meld die respondente nie dat die basiese kwalifikasie in kinderversorging hulle gehelp het om die kleuter te hanteer nie. Die afleiding word dus gemaak dat die kursus nie in die opinie van die respondente voldoende is om hulle toe te rus vir die versorgingstaak van die kleuter nie. Hierdie bevinding strook met die bevindinge van Henn (2001:104).

Dertien persent van die respondente is van opinie dat die kursus in gedragsbeheer, soos aangebied deur die Nasionale Vereniging vir Kinder- en Jeugsorgwerkers hulle toerus vir hulle taak. Die mate waarin die respondente meen dat die spesifieke kursus hulle voldoende opgelei het om die kleuter te versorg, is nie ondersoek nie, maar die kursus op sy eie sal nie voldoende kennis en vaardighede bied om die kleuter te versorg nie.


By punt 4.2.5 (Tabel 2), noem 'n respondent dat sy die beste opleiding ontvang het, naamlik dat sy self in 'n kinderskool grootgeword het. By punt 4.2.6 (Tabel 3), noem 26% van die respondente dat die opvoeding van hul eie kinders hul voldoende toegerus het om na die kleuter om te sien. Dertien persent meen dat hul ondervinding as dagmoeder en werksaamhede in 'n kleuterskool dien as opleiding. Hierdie tipe ondervinding en opleiding is wel meer relevant tot die kennis en vaardigheidsvlak wat vereis word vir die versorging van die kleuter, maar is steeds nie voldoende nie.

By punt 3.5.2 maak Kaffiak (2002:3) en Anglin (2000:1) melding daarvan dat kennis krities is vir die kinderversorger aangesien dit die versorger instaat stel om gedrag te verstaan, te beskryf en te verklaar. Kennis word in die vorm van vaardighede toegepas in die praktiese situasie en die skrywers meld dat dit slegs effektief gedoen kan word wanneer die kinderversorger oor genoeg kennis en ook ondervinding beskik.

Die respondente beskik oor 'n lae vlak van opleiding met geen spesialiteitskennis in vroeë kinderontwikkeling nie. By punt 4.3, figuur 21 gee 93% van die respondente weer dat hul meer opleiding versoek ten opsigte van die kleuter.

Respondente is versoek om weer te gee tot watter mate die kursusse wat hul ontvang het hul toegerus het om na die kleuter om te sien. Die response word in figuur 7 en tabel 4 weergegee.

Figuur 7: Die mate waarin die opleiding ontvang die kinderversorger se versorgingstaak ten opsigte van die kleuter vergemaklik.



Tabel 4: Respondente se motivering omtrent die waarde wat opleiding tot hul werkverrigting ten opsigte van die kleuter toegevoeg het.

Motivering	Aantal respondente	%
◆ Heg nie waarde aan opleiding		
“Jy moet jou eie kind hê om 'n kind te verstaan en so leer jy die ontwikkelingsfases ken”.	1	11
“Al my kennis is opgedoen vanuit ondervinding”.	1	11
◆ Heg wel waarde aan opleiding		
“Ek werk met kleuters wat seergekry het en daarom is dit vir my baie belangrik om opleiding te ontvang”	1	11
“Opleiding help my om in die oomblik te kan werk”	1	11
“Self lees het baie gehelp maar opleiding en praktiese inoefening sou waardevol wees”.	1	11
◆ Geen antwoord	4	45
Totaal	9	100


Die ses respondente (40%) wat nie geantwoord het nie, is daardie respondente wat van opinie is dat hulle nie voldoende opleiding ontvang het nie.

Die houding van die kinderversorger ten opsigte van die verkryging van opleiding kom weer hier onder die soeklig. Die navorser sou graag dieper wou ondersoek instel na hierdie aspek en ook die respondente vra waarom hulle nie self opleiding omtrent die versorging van die kleuter bekom nie.


4.2.7 Indiensopleiding

Op die vraag of indiensopleiding ontvang word, het die respondente soos volg gereageer:

Figuur 8: Aantal respondente wat indiensopleiding ontvang



Figuur 9: Die waarde van indiensopleiding




Minder as die helfte van respondente ontvang indiensopleiding, maar die 47% wat dit wel ontvang, beskou dit as waardevol (figuur 9). Die afleiding word vervolgens gemaak dat indiensopleiding as waardevol beskou word deur die respondente. Werkgevers behoort 'n positiewe gesindheid jeens opleiding optimaal te benut en 'n effektiewe indiensopleidingsprogram saam te stel.

4.2.8 Supervisie


In figuur 10 word dit weergegee dat al die respondente supervisie ontvang.

Figuur 10: Aantal respondente wat supervisie ontvang




Volgens figuur 11 blyk dit dat 14 (93%) van die respondente supervisie op 'n weeklikse basis ontvang. Daar is slegs een persoon wat net nou en dan supervisie ontvang.

Figuur 11: Frekwensie van supervisie



Die waarde van supervisie, soos in figuur 12 uiteengesit, word hoog aangeskryf deur die respondente. Dertien (87%) meen dat supervisie hul beter toerus om die kleuter te kan hanteer. Slegs 2 (13%) gee weer dat supervisie hul slegs tot 'n mate toerus in hul versorgingstaak.


Figuur 12: Die mate waartoe supervisie respondente toerus om hul taak te verrig



Die afleiding word dus gemaak dat supervisie as 'n waardevolle hulpmiddel vir die respondente beskou word. Indien dit reg aangewend word, kan kinderversorgers ontwikkel en 'n diens van kwaliteit aan kinders gelewer word. Supervisie opsigself dien as 'n baie belangrike opleidingsgeleentheid waar inligting nie net aangeleer word nie, maar ook op 'n praktiese vlak ingeef en geëvalueer word.

Vanuit figuur 13 blyk dit dat die meeste kinderversorgers, naamlik 33%, supervisie ontvang van die senior kinderversorger (SKV). Die maatskaplike werker (MW) en die senior kinderversorger werk egter baie nou saam in die aanbieding van supervisie aan die kinderversorger en 54% van die respondente ontvang van beide supervisie. In slegs 13% van die gevalle voorsien die hoofkinderversorger (HKV) die kinderversorger van supervisie.

Figuur 13: Persone van wie supervisie ontvang word




4.2.9 Moeilikhedsgraad van kinders

4.2.9.1 Die invloed van die groepgrootte

Die respondente is versoek om hulle belewenis ten opsigte van die invloed van die groepgrootte op hulle werksomstandighede weer te gee.


Figuur 14 dien as 'n uiteensetting van die gemiddelde aantal kinders wat gemiddeld versorg word in 'n huiseenheid. Hierdie uiteensetting dien as 'n weerspieëling van die respondente se werksomstandighede.

Figuur 14: Groepgrootte van kinders wat versorg word



Die mate waarin die respondente beleef dat die moeilikheidsgraad verhoog soos wat die groeps grootte toeneem, word beskryf in figuur 15.

Figuur 15: Die mate waartoe die groeps grootte die moeilikheidsgraad van die versorgingstaak beïnvloed



Die respondente (40%) wat nie geantwoord het nie, is daardie respondente wat van opinie is dat hulle nie voldoende opleiding ontvang het nie.

Meer as die helfte van die respondente (53%) versorg kinders in groepe van 13 – 18 kinders. Die “Inter–Ministerial Committee on Young People at Risk” (Henn, 2001:67) dui aan dat die voorgestelde versorgingsratio twee kinderversorgers tot 10 kinders is, maar die befondsing wat ontvang word van die staat laat dit hoegenaamd nie toe nie. Daar is ook in ‘n studie, gedoen deur Henn (2001:66) bevestig dat die meerderheid respondente 13 – 18 kinders versorg. Dié aantal kinders blyk dus die norm te wees as ratio tussen kinderversorger en kind.

In die lig van die feit dat respondente weergee dat die moeilikheidsgraad van hul versorgingstaak met 80% verhoog as die groep groter raak, word die afleiding gemaak dat die werksomstandighede van die kinderversorger as moeilik beleef word.

Die respondente gee die volgende redes waarom die groeps grootte die moeilikheidsgraad van die werk verhoog.

Tabel 5: Respondente se redes waarom die moeilikheidsgraad van die versorgingstaak verhoog namate die groepgrootte toeneem

Redes	Aantal respondente [N = 12]	%
“Meer kinders is ‘n groter verantwoordelikheid.”	4	34
“Dit is makliker om met ‘n klein groepie te werk as met ‘n groot groep.”	2	18
Die groter kinders kan meer goed op hul eie doen terwyl kleiner kinders meer leiding en ondersteuning nodig het.”	1	8
“Jy word daaglik emosioneel, fisies en geestelik leeg getap kleuter of nie.”	1	8
“Kinders se persoonlikhede wissel en dit veroorsaak konflik onder mekaar.”	1	8
“Dit bemoeilik die taak om ewe veel aandag aan al my kinders te gee.”	1	8
“Die versorgingstaak raak moeiliker hoe groter die ouderdomsverskil is in die groep.”	1	8
“Die kleiner kind het baie meer individuele aandag nodig en voel maklik afgeskeep wat bydra dat hul onbeheerbaar word.”	1	8
Totaal	12	100

Die respondente gee die volgende redes waarom die groeps grootte die moeilikheidsgraad van die werk nie verhoog nie.


Tabel 6: Respondente se redes waarom die moeilikheidsgraad van die versorgingstaak nie verhoog namate die groepsgrootte toeneem nie

Redes	Aantal respondente [N = 3]	%
“Om vir vyf kinders kos te gee is dieselfde as om vir 15 kos te gee.”	1	33,33
“Die roetine is goed gevestig en hulle is meer selfstandig.”	1	33,33
“Die groter kinders help jou met die kleineres.”	1	33,34
Totaal	3	100


4.2.9.2 Die invloed van groepsamestelling

Vanuit figuur 16 blyk dit dat 80% van die respondente 'n gemengde ouderdomsgroep versorg en net 20 % van die respondente slegs kleuters versorg.

Figuur 16: Groepsamestelling ten opsigte van ouderdomsgroepe



Figuur 17: Respondente se keuse ten opsigte van groepsamestelling




Figuur 17 gee respondente se voorkeur weer ten opsigte van die ouderdomsamestelling van 'n groep en dit blyk dat daar beslis 'n voorkeur by respondente is om 'n gemengde ouderdomsgroep te versorg teenoor 'n groep kleuters.

4.2.9.3 Respondente se belewenis ten opsigte van die moeilikheidsgraad van kinders se gedrag.


Figuur 18 gee respondente se beskrywing van kinders se gedrag weer soos wat hul dit beleef.

Figuur 18: Beskrywing van kinders se gedrag



In figuur 19 is respondente versoek om weer te gee of hulle dink dat kinders se gedrag oor die afgelope paar jaar moeiliker hanteerbaar geword het.

Figuur 19: Mate waarin kinders se gedrag oor die afgelope paar jaar moeiliker hanteerbaar geword het




Tabel 7: Respondente se motivering van waarom kinders se gedrag oor die afgelope paar jaar moeiliker hanteerbaar geraak het.

Respons van respondente	Aantal respondente [N = 15]	%
“Leef in ‘n ander era.”	1	7%
“Toenemende getal Fetale Alkohol Sindroom kinders word opgeneem waarvan meeste hiperaktief is.”	1	7%
“Tipe kind is moeiliker soos bv. die Fetale Alkohol Sindroom kind en dissipline ook.”	1	7%
“Lyfstraf is afgeskaf en daarom is dissipline moeiliker.”	2	13%
“Kinders word op ‘n jong ouderdom te veel vryheid toegelaat. Roetine speel ‘n groot rol van ouerhuis.”	1	7%
“‘n Deel van die kind is weggevat omdat hy uit sy omstandighede verwyder is.”	1	7%
“Omstandighede by die huis dra by tot moeilike gedrag.”	1	7%
“Kinders bly te lank in kinderhuis en raak inrigtingversadig.”	2	12%
“Paar jaar gelede was die meerderheid kinders blank en later het kleuriges bygekom. Aanvanklik het ek die hantering van ander kleurige kinders baie moeilik gevind as blanke tannie. Dit was vir my baie swaar, maar met die tyd het dit stadig verbeter en dit gaan nou baie goed. Hulle vertrou en vorm nou ‘n baie beter band met die versorger. Hul het agtergekom dat ek ook ‘n tannie is wat vir hul wil help en baie liefde gee.”	1	7%
“Kleuters het ouer geword en boots ouer kind se gedrag na.”	1	7%
“Blootstelling aan die media en hedendaagse lewenstyl.”	1	7%
Geen rede verskaf	2	12%
Totaal	15	100%

4.2.9.4 Respondente se voorkeur ten opsigte van groepsamestelling met verwysing na ouderdom en die aantal kinders

Die respondente is geleentheid gegee om hul opinie uit te spreek omtrent hul voorkeur omtrent groepgrootte en samestelling en dit word in figuur 20 uiteengesit.

Figuur 20: Voorkeur van respondente ten opsigte van groepsamestelling met verwysing na ouderdom en die aantal kinders per groep



Tabel 8: Respondente se motivering vir hul keuse van groepsamestelling.

Respons van respondente	Aantal respondente [N = 15]	%
Slegs kleuters:		
“Hulle gedrag is makliker beheerbaar.”	2	13
“Kleuters is makliker beheerbaar in die lig van huidige wetgewing met betrekking tot dissipline en regte van kinders.”	1	7
“Baie makliker om met die kleintjies te werk (ek het in die verlede met tieners gewerk en dit was vir my baie moeilik) .”	1	7
Gemengde ouderdomsgroep:		
“Ek hou meer van die groter kind.”	1	7
“Geen normale ouerhuis het een ouderdomsgroep nie, die skool is een ouderdom.”	1	7
“Die ouer kind help die jonger kinders en is soms meer verstandig (alhoewel jy maar vir hulle ook moet dink) .”	1	7
“Dan kan jy maklik die kinders hanteer, en die ouer kinders is baie behulpsaam.”	1	7
“Ouer kinders is baie behulpsaam.”	1	7
“Ouer kind is makliker hanteerbaar.”	1	7
“Dit breek groepsdruk en balanseer die milieu. Die groter kinders dien as rolmodelle.”	1	7
Ander		
Geen respons	4	24
Totaal	15	100

Vanuit figuur 20 blyk dit duidelik dat die meeste respondente (25%) verkies om ses tot 10 kinders van gemengde ouderdomme te versorg bo dieselfde aantal kleuters in daardie ouderdomsgroep. Die respondente se voorkeur hou verband met die “Inter – Ministerial Committee on Young People at Risk” se voorstel ten opsigte van groeps grootte. Tweedens het 19% van die respondente ‘n voorkeur om een tot ses kleuters te versorg. Dieselfde aantal response, naamlik agt, is verkry vir die voorkeur vir kleuters en gemengde groepe. Dit blyk duidelik dat respondente verkies om minder kinders te versorg in ‘n groep indien hul slegs na kleuters omsien, want hierdie versorging is veel meer intens as die versorging van ‘n ouer groep kinders.

Hierdie vraag kon maklik verkeerd geïnterpreteer word deur respondente, wat die resultate kon beïnvloed. Een respondent het twee antwoorde gegee ten opsigte van kleuters en ‘n gemengde groep en dit verhoog die aantal response na 16.

Die huidige realiteit is dat daar ‘n hoë ratio bestaan tussen die kinderversorger en kinders naamlik een kinderversorger tot 13 – 18 kinders.

4.3 OPLEIDINGSBEHOEFTE VAN KINDERVERSORGERS

Op grond van die hoë persentasie opleidingsbehoefte soos deur die respondente gemeld, word die afleiding gemaak dat daar 'n onvoldoende basis van kennis bestaan. Dit het 'n direkte invloed op die aard en kwaliteit versorging wat kinders ontvang en ook op die houding waarmee die kinderversorger dit aanbied. Die opleidingsbehoefte wat bestaan moet dus in 'n ernstige lig beskou en aangespreek word, want dit is slegs dan wat die kinderversorgers se houding sal verander.

By punt 3.6 stem Anglin (2001:1) en Kaffiak (2002:1) saam dat persoonlike en professionele ontwikkeling twee afsonderlike aspekte is, maar dat albei ewe belangrik is in die kinderversorger se ontwikkeling. Die self is die enigste instrument waardeur die kinderversorger kennis in die vorm van vaardighede kan toepas. Daarom is die houding van die kinderversorger en sy/haar eie persoonlike funksionering 'n baie belangrike aspek wat die kwaliteit versorging aan 'n kind beïnvloed (sien punt 3.5.1).

Met die nodige kennis en vaardighede kweek die kinderversorger die regte houding teenoor die kind en kan hy/sy dit self positief aanwend (sien punt 3.6). Indien die regte kennis afwesig is, sal die kinderversorger egter nie oor die nodige vaardighede beskik of uiteindelik die regte houding ontwikkel ten einde 'n ontwikkelingsgerigte, terapeutiese omgewing te skep waarin kinders kan groei nie.

Vanuit die respondente se respons bestaan kommer omtrent hul houding teenoor die versorging van die kind en daar word spesifiek na die volgende response verwys:

- Die feit dat 'n respondent haar eie opvoeding in 'n kindershuis as voldoende opleiding beskou. Dit kan baie waardevol wees, maar is nie voldoende opleiding nie (tabel 2).
- Dat respondente hul eie moederskap as voldoende opleiding weergee (tabel 3 en tabel 4).
- Die feit dat die ouer kind gesien word as hulpmiddel in die versorging van die kleuter (tabel 5, tabel 8).
- 'n Respondent is van opinie dat al haar ondervinding voldoende opleiding is, "al my kennis is opgedoen vanuit ondervinding" (tabel 4). Die waarde van 'n teoretiese kennisbasis en vaardighede wat op grond hiervan aangeleer en toegepas word, is in die navorser se opinie deur hierdie stelling uitgesluit.


- “Jy word daaglik emosioneel, fisies en geestelik leeg getap, kleuter of nie” (tabel 5 en sien ook punt 3.3.1).
- ‘n Respondent is van opinie dat kinders meer selfstandig optree wanneer die roetine goed gevestig is (tabel 5). In die lig van hierdie respons sou roetine op ‘n nie-terapeutiese wyse gebruik kon word om kinders te beheer, want ‘n getraumatiseerde kind gaan uitreageer, maak nie saak watter roetine gevestig is nie (sien ook punt 3.3.1).
- Die voorkeur wat ten opsigte van kleuters of ouer kinders bestaan, want hulle is “makliker hanteerbaar”. ‘n Natuurlike voorkeur vir die jonger of ouer kind word ook weergegee deur respondente in tabel 8 en dit is ‘n natuurlike verskynsel. ‘n Gebrek aan kennis en vaardighede kan egter ook aanleiding gee tot hierdie stelling. Indien voldoende kennis en vaardighede egter bestaan, sou enige ouderdomsgroep hanteer kan word en sou die kinderversorger se houding jeens enige ouderdomsgroep moontlik anders gewees het. (Sien ook punt 3.3.1)
- ‘n Respondent is van opinie dat die moeilikheidsgraad nie verhoog met ‘n toename in die aantal kinders nie, want “om vir vyf kinders kos te gee is dieselfde as om vir 15 kinders kos te gee”. Kinderversorging bestaan egter uit meer aspekte as net kosgee (Tabel 5 en punt 3.3.1).

‘n Aantal vrae omtrent die kinderversorger se opleidingsbehoefte ten opsigte van die hantering van kleuters is aan hulle gestel. Vanuit die vrae blyk dit dat 93% (sien figuur 19) van die respondente ‘n behoefte aan opleiding het. Die afleiding word dus gemaak dat die respondente nie bevoeg voel om die sorgbehoewende kleuter se uitdagende gedrag te kan hanteer nie en ook nie oor tegnieke beskik wat in hulle opinie resultate meebring ten opsigte van gedragsverandering en die fasilitering van gesonde ontwikkeling nie. In figuur 22 word die spesifieke opleidingsbehoefte van die respondente weergegee ten opsigte van verskillende aspekte. Die hoë persentasie van respondente wat behoefte aan opleiding aangedui het, is weereens bevestiging dat die respondente nie voldoende opgelei is in die hantering van die kleuter nie.

Vanuit figuur 8 blyk dit dat 53% van die respondente indiensopleiding ontvang en 100% beskou dit as waardevol (figuur 9). In figuur 10 word aangedui dat 100% van die respondente supervisie ontvang en vir 93% geskied dit op ‘n weeklikse basis (figuur 11).


Hierdie supervisie is vir 87% van die respondente waardevol (figuur 12). Vanuit die data verkry van die respondente behoort indiensopleiding en supervisie daartoe by te dra dat opleidingsbehoefte aangespreek word, maar steeds dui 93% van die respondente aan dat hulle 'n behoefte het aan opleiding ten opsigte van die kleuter (figuur 21). Drie en negentig persent is 'n baie hoë persentasie van die respondente. Die afleiding word gemaak dat indiensopleiding en supervisie nie voldoende is om die opleidingsbehoefte van die respondente aan te spreek nie, maar dis wel opsigself waardevol.

Figuur 21: Respondente se behoefte aan opleiding in die hantering van die gedragsmoeilike kleuter



'n Voorstelling van die opleidingsbehoefte soos saamgestel vanuit die vraelys word weergegee in figuur 22.

Figuur 22: Opleidingsbehoefte soos bepaal vanuit vraelys



Respondente het sommige van hulle antwoorde gemotiveer ten opsigte van die opleidingsbehoefte en dit word soos volg weergegee:

4.3.1 Begrip en hantering van die effek van verwydering

By punt 2.5.2 word daar melding gemaak van die feit dat die sorgbehoewende kind reeds onvervulde behoeftes beleef vóór die verwydering. By punt 3.3 meld Barnes (1985:7) dat die tipe kind wat tans residensiële versorging benodig, ernstig getraumatiseer is. Met verwydering word meer stres geplaas op die kleuter se funksionering. Hierdie onvervulde emosionele funksionering van die kleuter inhibeer ontwikkeling op ander vlakke en stomp ontwikkeling selfs af.

Die kleuter se selfkonsepsontwikkeling berus op ander mense se evaluering van hom of haar (sien punt 2.8.2). By punt 3.6, maak Gannon (2002:1 – 3) melding daarvan dat die sorgbehoewende kind blootgestel is aan negatiewe rolmodelle wat hulself tot destruktiewe hanteringsmeganismes wend om probleme te hanteer. Die kleuter word direk hierdeur geaffekteer, want negatiewe gedragspatrone word aangeleer en die kenmerke van die negatiewe rolmodel word in die kleuter se identiteit geïntegreer. Hierdie negatiewe hanteringstrategieë en karaktereienskappe gaan in die kleuter se daaglikse funksionering en veral in spel na vore kom en dan moet die kinderversorger by magte wees om dit te kan hanteer (vergelyk punt 3.5 en 2.6).

Kennis en vaardighede van onder andere die bogenoemde is dus van kardinale belang om ontwikkelingsagterstande aan te spreek en ook om normale ontwikkeling te fasiliteer. Die feit dat 87% van die respondente opleiding in hierdie verband verlang en die drastiese implikasie van onvoldoende versorging in hierdie verband, getuig van die erns waarmee hierdie opleidingsbehoefte aangespreek behoort te word.

4.3.2 Kennis omtrent die rouproses en die hantering daarvan.

Elke kleuter wat vanuit sy versorgers se sorg verwyder word, beleef benewens die emosionele pyn van die effek van 'n disfunksionele gesinsisteem ook nog die rouproses. Die effek van herhaalde emosionele pyn sal uiteindelik lei tot emosionele afstomping en die verbreking van emosionele kontak om die self te beskerm (sien 2.5.2).

Dit is uiters belangrik dat die kinderversorger die rouproses sal verstaan en ook oor tegnieke sal beskik om die kleuter deur die proses te begelei om terselfdertyd ook daartoe by te dra dat die kleuter geleer word om gesonde emosionele kontak te maak met 'n betroubare volwasse persoon. Die kleuter sou ook kon vashaak by 'n spesifieke fase van die rouproses en moet hierdeur begelei word. Sonder kennis sal die kinderversorger egter nie die tekens hiervan kan bespeur of aanspreek nie.

Drie en negentig persent van die respondente het aangedui dat hulle nie oor genoeg kennis beskik van die rouproses of hanteringstegnieke nie.

Kennis rondom die hantering van die rouproses is ook baie relevant in die lig van die gevolge van HIV/Vigs en die hoë voorkoms daarvan veral onder lae sosio-ekonomiese omstandighede. Baie sorgbehoewende kinders moet geliefdes afstaan aan die dood en staar ook die moontlikheid in die gesig. Kinderversorgers moet by magte wees om die kind hierdeur te kan begelei.

Die respondente het hulle antwoorde soos volg gemotiveer.

Tabel 9: Motivering vir opleidingsbehoefte om die rouproses te verstaan en te kan hanteer ten opsigte van die kleuter.

“Nee, want die onderwerp is al tydens indiensopleiding hanteer.”
“Ja, dan is jy meer voorbereid wat om te verwag.”
“Meer kennis kan enige persoon tot voordeel strek.”
“Dit is vir my belangrik om meer kennis te mag bekom veral wanneer daar ernstige siekte in die familie is. Hoe moet ek met die kindjie werk en voorberei op die ergste.”
“Ken die verloop van die rouproses, maar nie die praktiese toepassing ten opsigte van die kleuter wat fisies begelei moet word nie.”

4.3.3 Begrip vir en hantering van uitdagende gedrag en die dissiplinerings van die sorgbehoewende kleuter.

Die krisis wat die kleuter volgens Erikson moet bemeester (sien punt 2.5.1), is inisiatief teenoor skaamte. Op 'n morele vlak word daar by punt 2.6.1 en 2.6.2 beskryf dat die kleuter op 'n goeie-seun-goeie-meisie stadium funksioneer. By punt 2.5.1 noem Bloem (1995:27) dat die versorger nie die kleuter se geneigdheid tot skuldgevoelens moet gebruik en gehoorsaamheid sodoende manipuleer nie, want dan sal die kind se optrede gerig wees op skuldgevoelens eerder as inisiatief. Hierdie aspek moet veral in die lig van die kleuter se egosentriese funksionering met sensitiwiteit hanteer word, want die kleuter kan reeds met 'n klomp skuldgevoelens en gevolglik irrasionele denkpatrone funksioneer. Die ouers van die sorgbehoewende kleuter se toepassing van dissipline is gewoonlik nie gegrond op gesonde beginsels nie en sodoende ontwikkel die kleuter 'n verwronge beeld van wat reg en verkeerd is asook van wanneer 'n mens 'n goeie seun of meisie is. Sodoende ontwikkel introjekte wat gesonde ontwikkeling inhibeer.

Louw (1990:303) maak die stelling dat die versorger altyd die kind se onderliggende motief vir gedrag moet bepaal, want die kind is steeds in 'n leerproses en benodig leiding. Die kinderversorger lei hierdie proses en benodig dus die nodige kennis en vaardighede. Daar is egter 73% van die respondente wat opleidingsbehoefte in hierdie verband openbaar wat 'n aanduiding is dat die dissipline van die kleuter nie reg hanteer word nie. Vanuit die respondente se motivering vir die opleidingsbehoefte soos weergegee in tabel 11, blyk dit duidelik dat opleiding in hierdie verband nodig is.

Die emosioneel en fisiese mishandelde kind se neiging om emosies af te stomp of te ontken, gee volgens Roberts (1988:34) en Venter, *et al.* (1998:325) by punt 2.5.1 daartoe aanleiding dat ontoepaslike gedrag na vore tree. Die rolmodel wat aan die kleuter voorgestel is (sien punt 2.6.1 en 2.6.2) en die gedrag wat die kleuter van die rolmodel aangeleer het, moet ook hierin ag geneem word.

Die versorger moet kennis dra van al die bogenoemde en beskik oor 'n onderliggende teoretiese kennisbasis alvorens die kleuter se gedrag toepaslik hanteer sal word. Kommer bestaan oor die feit dat 93% van die respondente opleidingsbehoefte in hierdie verband identifiseer. Die afleiding word dus gemaak dat die versorger nie by magte is om die kleuter se uitdagende gedrag effektief te kan aanspreek nie, wat direkte implikasies het op alle ontwikkelingsareas.

Die respondente se motivering vir hul behoefte aan opleiding word in tabel 10 weergegee. Dit blyk hieruit duidelik dat die versorger 'n ingesteldheid het om die kleuter beter te wil verstaan, maar dat 'n gebrek aan kennis in die verband bestaan.

Tabel 10: Motivering vir opleidingsbehoefte om uitdagende gedrag van 'n kleuter te hanteer.

"Dan kan die kind beter verstaan word."
"Onderwerpe is al tydens indiensopleiding hanteer."
"Jy sal meer voorbereid wees."
"Dan weet jy hoe om die kleuter te hanteer."
"Dit is nie altyd maklik om te aanvaar en te verstaan hoekom dit vir die kleuter so moeilik is om af te leer nie. Meer inligting sal my baie help en my beter laat verstaan."
"Indien gedrag op 'n vroeë ouderdom hanteer word, kan 'n kleuter beter ontwikkel, sy potensiaal bereik en selfbeeld ontwikkel meer positief."

Tabel 11: Motivering vir opleidingsbehoefte omtrent die dissiplinering van die kleuter.

“Hulle kan nie alles doen nie en lyfstraf, wat hulle nodig het, is uit.”
“In die gang staan help nie”.
“Jy kan dink die een manier werk, dan werk dit net ‘n tydjie.”
“Dit sal goed wees”.
“Nie almal doen dit op dieselfde wyse nie. As ek iewers kan verbeter, kan dit wonderlik wees.”
“Ek wil net meer leer sodat ek my taak kan verbeter en foute heeltemal uitgeskakel kan word.”
“Die kleuter verstaan die kolle stelsel.”
“’n Kind moet weet wat die grense is. Dissipline verskaf sekuriteit en die kind leer selfbeheer uitoefen.”

4.3.4 Hantering van ontwikkelingsagterstande

By punt 2.3.1 meld Kruger en Du Toit (1996: 76 – 78) dat die kleuter se fisiese ontwikkeling vir die kind angswekkend kan wees, omdat dit gepaard gaan daarmee dat die kind in totaliteit verander. Die kleuter moet begelei word deur hierdie fase, want daar bestaan ‘n behoefte aan sekuriteit en geborgenheid. Santrock (1997: 248) stel dit duidelik by punt 2.3.1 dat die kleuter in hierdie tydperk ‘n intense behoefte openbaar aan fisiese aanraking en by ontbering hiervan word die opvoedingsituasie geinhibeer. Hy meld ook dat die versorging by hierdie ontwikkelingsvlak moet kan aanpas. By punt 2.3.2 maak Le Roux (1994: 29) en Santrock (1997: 249) melding van die armoedekultuur en die invloed hiervan op die kleuter se funksionering wat ook in ag geneem moet word.

Die kognitiewe ontwikkelingsagterstande wat die sorgbehoewende kleuter ervaar en die implikasies daarvan sal in punt 4.3.5 bespreek word.

Die sorgbehoewende kleuter se normatiewe en sedelik-religieuse ontwikkeling en die vereistes wat dit aan die kinderversorger stel, word in punt 4.3.1 bespreek.

By punt 2.7.1 maak Louw (1990: 299) die standpunt dat sosiale ontwikkeling een van die belangrikste fasette in die kleuter se lewe is.

Kruger en Du Toit (1991: 94) noem ook dat dit die proses is waardeur die kleuter morele standaarde, rolverwagtinge en eise vir aanvaarbare gedrag aanleer.

Die sosiale ontwikkeling van die kleuter behoort planmatig aangespreek te word en die interne en eksterne faktore soos gemeld by punt 2.7.1 moet in ag geneem word. Die kleuter se vermoë tot pro-sosiale gedrag, die afname van egosentrisme en die kleuter se vermoë om in groepe te kan saamwerk, is afhanklik van die kleuter se sosiale ontwikkeling. Hierdie vaardighede is alles belangrik sodat die kleuter as 'n volwaardige volwassene kan funksioneer.

Die sorgbehoewende kleuter se sosiale ontwikkeling ly geweldig skade as gevolg van die gedepriveerde en negatiewe gesinsomstandighede asook gemeenskapslewe waaraan hulle blootgestel is.

Kennis omtrent die kleuter se sosiale ontwikkeling sal insig by die kinderversorger bewerkstellig, wat pro-sosiale gedrag deur modellering, gesprekvoering en berading kan bewerkstellig.

Die sorgbehoewende kleuter beleef ontwikkelingsagterstande ten opsigte van al die ontwikkelingsareas. Die aard en omvang asook die interafhanklikheid tussen die verskillende ontwikkelingsareas sal nie deur die kinderversorger verstaan word, alvorens 'n goed gefundeerde teoretiese kennisbasis bestaan nie. Die kinderversorger sal in die afwesigheid van 'n kennisbasis nie eers by magte wees om die ontwikkelingsagterstande te identifiseer nie. Die vaslegging van 'n teoretiese kennisbasis is egter ook nie genoeg nie, want kennis moet toegepas kan word deur die benutting van vaardighede en tegnieke om die agterstande aan te spreek.

Daar is 100% van die respondente wat 'n behoefte aan opleiding identifiseer omtrent die aanspreek van ontwikkelingsagterstande. Die impak op die kleuter is vanselfsprekend en Fouche, *et al.* (1991:165 – 167) se bevinding dat 'n kinderhuis slegs daarin slaag om in 'n kind se fisiologiese behoeftes te voorsien, maar nie in die veiligheid-, affiliasie-, liefde-, aanvaarding-, selfagting- en selfaktualiseringsbehoefte nie, word bevestig.

By punt 1.3 meld Van der Merwe (1996: 6) dat kliniese werk met kinders binne maatskaplike werk 'n spesialiteitsveld is. Die kinderversorger doen nie kliniese werk nie, maar effektiewe kinderversorging sluit volgens Bettelheim *et al* (in Maier, 1981:1) die vestiging van 'n ontwikkelingsgerigte terapeutiese verhouding en omgewing in, waarbinne persoonlikheidsintegrasie plaasvind (sien punt 3.3.2 en 3.6).

Steenberg (1995: 36) en Van der Merwe (1987: 3) het gevind dat die trauma van verwydering groter raak hoe jonger die kind is. Die sorgbehoewende kind se primêre behoeftebevrediging word volgens Steenberg (1995:35) geïnhibeer en vervolgens word die persoonlikheidsontwikkeling ook geïnhibeer (sien punt 1.3).

Die ontwikkelingsagterstande wat die sorgbehoewende kleuter beleef, is omvattend. Soos reeds gemeld, kom hierdie gedrag na vore tydens die alledaagse funksionering van die kleuter. Die kinderversorger wat omsien na die kleuter kan verandering in hierdie verband bewerkstellig, maar benodig die regte kennis, vaardighede en houding. Die versorging van die kleuter is volgens die navorser ook 'n spesialiteitsveld binne kinderversorging en hierdie stelling word beklemtoon deur die feit dat die Nasionale Vereniging vir Kinder- en Jeugsorgwerkers nie eers kursusse in vroeë kinderontwikkeling aanbied nie.

Die finansiële tekorte en eise wat residensiële versorgingseenhede in die gesig staar, word deur skrywers soos Van der Merwe (1987: 30), Moss-Morris (1989:6 – 7) en Fouche, *et al.* (1991: 167) erken. Die implikasie hiervan is dat personeel nie voldoende salarisse betaal kan word nie en as gevolg hiervan word kundigheid nie ingekoop nie. Nog 'n uitvloeisel is dat die hoë kind-tot-versorger-ratios gehandhaaf word omdat meer personeel nie bekostig kan word nie. Hierdie omstandighede is een van die primêre faktore wat die kwaliteitsorg wat aan kinders gebied word, beïnvloed. Te midde van hierdie omstandighede is die navorser egter van mening dat opleiding die kwaliteit sorg wel sal verbeter ten spyte van ander beperkinge.

4.3.5 Konkrete aanbieding van gedragshanteringsmeganismes.

Die kleuter ontdek sy of haar leefwêreld deur middel van sensoriese eksplorاسie (2.3.1 en 2.4.1) en hierdeur vind kognitiewe ontwikkeling plaas binne 'n sosiale en

kulturele konteks. Die belangrikheid van sensoriese spel en die verskeidenheid daarvan moet dus deur die kinderversorger begryp en toegepas word.

Die ontwikkeling van taal is volgens Porter (1983:28) en Louw (1990:254) die manier waarvolgens 'n kleuter se kognitiewe ontwikkelingsproses gevolg kan word, maar dit is ondergeskik aan eksperimentering onder leiding van 'n goeie identifikasie-model wat die kleuter lei en aanmoedig. Die kinderversorger dien as die sorgbehoewende kleuter se identifikasie-model en benodig dus kennis omtrent die kognitiewe ontwikkelingsteorieë ten einde die ontwikkelingsgerigte prosesse te fasiliteer.

Die kleuter se kognisies is transduktief en vervolgens onlogies, want dit neem nie die geheel in ag nie, slegs die detail. Dit hou 'n bepaalde implikasie in vir hoe aspekte aan die kleuter verduidelik word, want 'n konsep soos tyd en hoeveelheid word nog nie deur die kleuter verstaan nie.

Die wedersydse invloed van byvoorbeeld die kleuters se egosentriese-, transduktiewe- en konservasiedenke asook hul wanbegrip vir tyd, impliseer dat hulle dink die verwydering is 'n finale skeiding. Die kleuter voel gevolglik hopeloos, skuldig en geweldig angstig en dit het weer 'n impak op die emosionele funksionering en ontwikkeling. Praktiese tegnieke soos byvoorbeeld 'n horlosie met die hoeveelheid slabies wat elke dag afgetel kan word voordat die kleuter weer huis toe gaan, moet toegepas word om die realiteit van die omstandighede aan die kleuter te verduidelik.

Egosentrisme en selfspraak kom in spel en taal na vore en dit moet deur die kinderversorger geïdentifiseer kan word, aangesien dit direkte toegang is tot die kleuter se emosionele beredenering. Deur middel van speltegnieke kan die kinderversorger verandering en groei bewerkstellig. Dit kan slegs gebeur indien die kinderversorger kennis hieroor het en saam met die kleuter speel. Die kleuter is ook geneig tot selfspraak veral wanneer wiskunde gedoen word en dit moenie afgeraai word nie.

In die pre-operasionele fase is die kleuter baie nuuskierig en weetgierig en word die omgewing ontdek. Dit maak deel uit van kognitiewe ontwikkeling wat deur die kinderversorger aangemoedig en ondersteun word. Dit is 'n belangrike aspek om in ag te neem vir die aard van programme wat die versorger aanbied. Die kleuter benodig eiesoortige tipe programme en aktiwiteite wat die beste resultate sal lewer onder begeleiding van 'n versorger.

Die navorser is van mening dat 'n gemengde ouderdomsgroep optimale versorging van die kleuter inhibeer, want die kinderversorger se aandag is verdeel.

Die kleuter vra deurlopend denkvrae soos: "Hoekom?". Hierdie vrae moet met sensitiviteit hanteer word. Dit bevorder kognitiewe ontwikkeling en die beweging na induktiewe en deduktiewe denke, want die geheel word beter verstaan deurdat die kleuter verbande ondersoek. Die omstandighede met 'n groot groep kinders laat dikwels nie toe dat die kinderversorger tyd of energie het om al die "hoekom" vrae van die kleuter te beantwoord nie en dit het negatiewe gevolge. Die benutting van vrywilligers wat individuele aandag aan kinders bied en ingelig is omtrent die ontwikkelingsplan van 'n spesifieke kleuter kan as 'n waardevolle hulpmiddel dien om die leemte aan te spreek, maar die kinderversorger moet die proses bestuur en sal dit nie met 'n gebrek aan kennis kan doen nie.

Deur middel van taal begin die kleuter simboliese spel en denke openbaar. Fantasia vier ook hoogty in hierdie fase. Hierdie aspekte moet benut word om aan die kleuter deur middel van pret geleentheid te gee om hul vermoëns uit te toets. Fantasia is ook 'n wonderlike geleentheid om aan kleuters alternatiewe en kreatiewe probleemoplossingsvaardighede te leer, maar dan moet dit oordeelkundig en planmatig aangebied word. Dié aspek moet in ag geneem word tydens die beplanning en aanbieding van programme en aktiwiteite.

By punt 2.4.2 word melding gemaak van die swak stimulasie waaraan die kleuter blootgestel is voordat verwydering plaasvind. Die gevolg hiervan is dat die kleuter reeds met 'n bepaalde aantal agterstande na residensiële sorg kom wat benewens die normale ontwikkelingsagterstande ook nog aangespreek moet word.

Indien perspektief binne 'n onvoorwaardelike warm verhouding waarbinne hy veiligheid en geborgenheid kan vind nie vir die kleuter geskep word nie hou dit bepaalde implikasies in vir die persoonlikheidsfunksionering van die sorgbehoewende kleuter.

Daar is 93% van die respondente wat opleidingsbehoefte in hierdie kategorie geïdentifiseer het en die afleiding word ook hier gemaak dat die kindersorgers nie by magte is om die bogenoemde aspekte oordeelkundig aan te wend ten einde ontwikkeling en herstel by die kind te kan bewerkstellig nie. Vanuit die response van respondente in tabel 10 blyk daar egter insig omtrent die noodsaaklikheid van opleiding in hierdie verband. Insig bestaan verder by 93% van die respondente dat dieselfde tegnieke wat vir die groter kind gebruik word, nie vir die kleuter gebruik kan word nie (sien figuur 23 en tabel 14).

Die respondente het hul antwoorde soos volg gemotiveer.

Tabel 12: Motivering vir opleidingsbehoefte omtrent konkrete aanbieding van gedragshanteringsmeganismes.

“Insette rondom hierdie onderwerp sal verwelkom word.”
“Dit sal net bydra tot beter werksverband met die kleuter.”
“Hoe meer kennis jy kan bekom, hoe beter vir jou en die kind.”
“Sal my instaat stel om my taak as kindersorgers beter te kan verrig.”
“Dis al manier hoe ek die kleuter positief kan benader en nie skade aanrig nie.”

Respondente is ook geleentheid gegee om spesifieke opleidingsbehoefte weer te gee. Tabel 13 gee ‘n uiteensetting hiervan.


Tabel 13: Spesifieke opleidingsbehoefte soos deur respondente weergegee.

“Beter begrip van die kleuter en hoe om op sy vlak af te daal.”
“Nie van toepassing reeds drie jaar besig met kleuters.”
“Alles omtrent ‘n kleuter.”
“Hoe om spesifieke gedrag te identifiseer en aan te spreek.”
“Tantrums”
“Intellektuele ontwikkeling”
“Steel”
“Gewillig om enige opleiding by te woon veral oor rouproses en hantering van skeidingsangs.”
“Aggressie”
“Vernielsugtigheid”
“Bedbenatting” (enuresis)
“Bevuiling” (enkropese)
“Slaapsteurnisse”
“Vertel van leuens”
“Spesifieke hanteringsmeganismes / tegnieke gerig op ontwikkelingsfase”

Die aard van die opleidingsbehoefte soos gelys in tabel 13 is van die basiese gedragverskynsels van die getraumatiseerde kleuter.

Die hoë voorkoms van opleidingsbehoefte bestaan ten spyte van indiensopleiding en supervisie wat deur senior kindersorgers en maatskaplike werkers aangebied word. Daar blyk dus duidelik 'n leemte in die opleiding van die kindersorgers, wat omsien na die kleuter, te wees. Dit word direk aangedui deur die respondente en kan ook afgelei word vanuit die aard van die opleidingsbehoefte wat gelys word.

Figuur 23: Respondente se vermoë om 'n onderskeid te kan tref in die hantering van die kleuter en die ouer kind.



Respondente se insig omtrent die onderskeid wat getref moet word in die hantering van die kleuter en die ouer kind is verder ondersoek deurdat hulle versoek is om hulle antwoorde te motiveer (sien tabel 14).


Tabel 14: Spesifieke opleidingsbehoefte ten opsigte van die hantering van die kleuter teenoor die ouer kind.

"Vanweë die feit dat die kleuter nie abstrak kan dink nie, is dit nodig om baie praktiese te bly in jou benadering."
"Die kleuter kan nie alles doen wat die groter kind kan doen nie en die konsentrasievlak is korter."
"Dit hang af van die kind se verstandelike vermoë."
"Nee, daar moet te alle tye aanpassings gemaak word ten opsigte van die kind se ouderdom en vaardighede."
"Jy kan nie 'n kleuter by 'n ouer kind tel nie."
"Moet baie makliker tegnieke of maniere gebruik om die kleuter te help."
"Hulle verstand is nog nie so goed ontwikkel nie."
"'n Kleuter benodig meer fisiese en sintuiglike hantering asook voorbeelde van vertroue. Die vorming van 'n band met moederfiguur is belangrik en vrese moet in ag geneem word."

4.4 AANBIEDING VAN PROGRAMME

Die aantal respondente wat betrokke is by die aanbieding van programme word in figuur 24 weergegee.

Figuur 24: Aantal respondente wat programme aanbied



Die tipe programme/ aktiwiteite wat respondente aanbied, word in tabel 15 uiteengesit.

Tabel 15: Tipe programme/aktiwiteite wat deur respondente aangebied word

"Konserte, speletjies, poppekas ens."
"Daaglikse opvoedkundige stimulasie van kleuters wat nie skool bywoon nie."
"Bied aktiwiteite aan wat wissel van sokkie, swemgala, buitespele, netbal en ander sportsoorte."
"Verskeie opvoedkundige programme."
"Verskeie programme."
"Gebruik inisiatief tot ek weet waartoe die kind instaat is."
"Geestelike ontspanningsaktiwiteite. Doen danse met kinders en oefen hul fisiese, intellektuele en emosionele dele."
"Huiswerk, besluitneming, kommunikasievaardighede."
"Het idees ontvang by senior kinderversorger aangaande binne- en buite-aktiwiteite, onder andere: Die tema "ken myself" met oefening wat fyn-motoriese-, kognitiewe- en ouditiewe persepsie, hand-oog koördinasie, balansering, sensoriese en grootmotoriese ontwikkeling aanspreek."
"Lewensvaardighede, rituele, fisiese ontwikkeling, kuns, ontspanning, huiswerk, kommunikaie- en besluitnemingsvaardighede."

Dit blyk vanuit die bogenoemde response dat die kinderversorger baie nou betrokke is by die aanbieding van programme en aktiwiteite.

Dit is deel van die kinderversorger se take en is daarom ook goed dat dit aangebied word. Vanuit die aard en omvang van die opleidingsbehoefte soos weergegee in punt 4.3 word die effektiwiteit waarmee dit aangebied word ten einde ontwikkelingsgerigte groei te bewerkstellig, betwyfel.

4.5 SAMEVATTING

Die kwaliteitversorging wat aan die kleuter gebied word, hou direk verband met die vlak van opleiding ten opsigte van kennis en vaardighede asook die kinderversorger se houding waarvolgens daar te werk gegaan word. Die sorgbehoewende kleuter bevind hom of haarself in 'n netelige posisie juis vanweë hul ouderdom en hul afhanklikheid van individue om hul te versorg. Die skade wat ontoereikende ouerskap, emosionele, fisiese en seksuele mishandeling aanrig, is omvattend en benewens die fasilitering van normale ontwikkeling is die kinderversorger ook deel van 'n proses om herstel te laat plaasvind by die sorgbehoewende kletuer.

Lewensruimtebehandeling blyk 'n werkbare en aanvaarde model te wees waarvolgens kinderversorgers hul praktyk rig en hiervolgens behoort hulle instaat te wees om ontwikkelingsgerigte terapeutiese sorg aan 'n kind te bied. Vanuit die omvang van die opleidingsbehoefte, soos bepaal in hierdie studie, word die afleiding gemaak dat die respondente nie oor die nodige kennis en vaardigheidsbasis beskik om toepaslike sorg, wat ontwikkeling binne 'n terapeutiese milieu bewerkstellig, te verleen nie. Die opleidingsbehoefte is omvattend ten spyte van indiensopleiding en supervisie wat voorsien word (en gevolglik word die effektiwiteit hiervan bevraagteken en verdien dit verdere navorsing) en wat ook as waardevol beskou word. Die samestelling van 'n opleidingsprogram blyk dus 'n noodsaaklikheid te wees.

HOOFSTUK 5

ALGEMENE SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS

5.1 INLEIDING

Die aard en kwaliteit van die versorging wat die sorgbehoewende kind ontvang, is bepalend van daardie kind se persoonlikheidsontwikkeling. Die sorgbehoewende kleuter wat in 'n inrigting geplaas word, is vir die grootste gedeelte van sy of haar dag afhanklik van die sorg wat vanaf die kinderversorger ontvang word. Die versorgingstaak is egter weens die omstandighede waaraan die kleuter blootgestel is 'n baie gekompliseerde taak waarvoor gespesialiseerde vaardighede benodig word.

5.2 DOELSTELLING

Die veld van kinder-en jeugsorg ondergaan tans snelle ontwikkeling en word ook by die Suid-Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoep geregistreer. Die beoefening van die beroep sal dus voortaan as 'n professie beskou word. Die probleem is egter dat geen vereistes tot op hede gestel is ten opsigte van bepaalde opleidingsvlakke in die veld nie en dat daar ook nie spesialiteitsvelde gespesifiseer is nie.

In hierdie navorsing is 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek gedoen na die eise wat die versorging van 'n kleuter aan die kinderversorger stel en die mate waarin die kinderversorgers wat na die kleuter omsien van mening is dat hulle voldoende toegerus is vir hulle taak. Die uiteindelige doelstelling was om die aard van opleidingsbehoefes te bepaal.

5.3 KLEUTERONTWIKKELING EN DIE INVLOED VAN PLASING IN 'N KINDERHUIS

5.3.1 Algemene Samevatting

'n Literatuurstudie is gedoen omtrent die ontwikkelingsfases van die kleuter en die impak van plasing in 'n kinderkuis. Daar is aan die volgende aspekte aandag gegee:

- Fisiese ontwikkeling
- Kognitiewe ontwikkeling

- Emosionele ontwikkeling
- Normatiewe en sedelik-religieuse ontwikkeling
- Sosiale ontwikkeling
- Selfkonsep ontwikkeling

5.3.2 Gevolgtrekkings

- Die kleuterfase is 'n belangrike ontwikkelingsfase wat dien as die basis vir verdere gesonde menslike ontwikkeling. Gesonde psigo-sosiale ontwikkeling is afhanklik van die tipe gesinsstruktuur en die kwaliteit van gesinsverhoudinge en opvoedingspraktyke.
- Weens die swak gesins- en gemeenskapsomstandighede van die sorgbehoewende kind, word agterstande nie net ten opsigte van enkele ontwikkelingsareas beleef nie, maar in al die fases. Daar is dus 'n wedersydse beïnvloeding ten opsigte van agterstande in die verskillende ontwikkelingsareas wat wanbalans in die ontwikkeling van die kleuter versterk. Indien die kleuter se ontwikkelingsareas nie aangespreek word nie, kan dit tot persoonlikheidsversteuring aanleiding gee.
- Gespesialiseerde kennis omtrent elke ontwikkelingsarea en die ontwikkelingsteorie wat hiermee gepaard gaan, word benodig ten einde normale ontwikkeling te fasiliteer en ontwikkelingsagterstande aan te spreek.
- Gespesialiseerde kennis word benodig omtrent die omstandighede van die sorgbehoewende kleuter asook tegnieke / vaardighede wat benut kan word om elke kleuter se ontwikkelingsagterstande te assesser en daarvolgens 'n geïndividualiseerde intervensieplan op 'n konkrete vlak saam te stel.
- Die versorging van die kleuter vereis geduld en die regte houding jeens die kleuter. Die kleuter se selfbeeldontwikkeling hou baie nou verband met die insette en terugvoer wat vanuit sy omgewing verkry word.
- Gesonde lewenstylroetines ten opsigte van eet, slaap en oefening word tydens die kleuterfase vasgelê. Die afwesigheid hiervan kan toegeskryf word aan die eise wat 'n armoedekultuur stel en die swak ouerskapsvaardighede wat hiermee gepaard gaan.
- Die kleutertyd word gekenmerk deur pre-operasionele denke en die kleuter word deur die versorger na die operasionele fase begelei.
- Weens die swak omstandighede en ouerskapsvaardighede waaraan die sorgbehoewende kleuters blootgestel is, funksioneer hulle dikwels onder die verbale emosionele grens, wat negatiewe implikasies op hulle ontwikkeling

het. Kennis hieromtrent is onontbeerlik om die kleuter tot gesonde emosionele funksionering te begelei.

- Die sorgbehoewende kleuter internaliseer dikwels 'n verwronge beeld van wat reg en verkeerd is as gevolg van die voorbeeld wat deur swak rolmodelle aan hulle gestel is. Die versorger van die kleuter moet egter toepaslike gedrag modelleer en verkeerde waardes en norme afleer sonder om onnodige skuldgevoelens by die kleuter te kweek.
- Die kleuter moet tot die aanleer van pro-sosiale gedrag begelei word.

5.3.3 Aanbevelings

- Die versorging van die kleuter moet as 'n spesialiteitsveld binne kinder- en jeugsorg beskou word en gespesialiseerde opleiding moet aan kinderversorgers verskaf word as voorvereiste vir dienslewering aan die kleuter.
- Opleiding omtrent die ontwikkelingsteorie moet aan die kinderversorger gebied word.
- Opleiding omtrent die sorgbehoewende kleuter se omstandighede moet aan die kinderversorger gebied word.
- Die kinderversorger moet geleer word om ontwikkelingsagterstande en die invloed daarvan op die kleuter se funksionering eerstens te verstaan en daarna te identifiseer.
- Opleiding moet gebied word omtrent vaardighede en tegnieke wat benut kan word om die ontwikkelingsagterstande van die kleuter aan te spreek.
- Die kinderversorger moet geleer word om 'n behandelingsplan vir die individuele kleuter, maar ook vir die kleuter in groepsverband, te ontwerp.
- Die kinderversorgers moet insig ontwikkel in die belangrike funksie wat hulle as rolmodel in die kleuter se lewe vertolk sodat hulle houding daarvolgens aangepas kan word.

5.4 DIE ROL EN TAAK VAN DIE KINDERVERSORGER IN 'N RESIDENSIËLE OPSET

5.4.1. Inleiding

Die kinderversorger vertolk 'n primêre rol in die versorging van die sorgbehoewende kleuter en moet by magte wees om aan die eise van die taak te kan voldoen.

'n Literatuurstudie is gedoen omtrent die verwagtinge van 'n kinderversorger in praktyk en die volgende aspekte het aandag geniet:

- Die kinderversorger as persoon
- Die onderskeid tussen nie-terapeutiese en ontwikkelingsgerigte terapeutiese kinder- en jeugsorgpraktyke
- Lewensruimtebehandeling
- Kenmerke van kinder- en jeugsorgwerk
- Persoonlike en professionele ontwikkeling van die kinderversorger

5.4.2 Gevolgtrekkings

- Die veld van kinder- en jeugsorg is besig om in Suid-Afrika met rasse skrede te ontwikkel en te "professionaliseer". Die Nasionale Vereniging vir Kinder-en Jeugsorgwerkers speel 'n baie groot rol in hierdie proses. Goedkeuring is reeds verkry dat kinder-en jeugsorgwerkers as professionele persone by die Suid-Afrikaanse Raad van Maatskaplike Diensberoepes kan registreer. Dit impliseer dat die eise wat aan die kinderversorger gestel word, sal verander en verhoog. Kinderversorgers sal hulself moet toerus met die nodige opleiding en praktykervaring om aan die eise van 'n professie te voldoen, aangesien hulle nie meer bloot daar is om in die fisiologiese behoeftes van die kind te voorsien nie.
- Kinders en kleuters word deesdae as laaste uitweg in residensiële sorg geplaas. Normale kinders word eerder in pleegsorg geplaas en die uiters getraumatiseerde kind wat uitdagende gedrag openbaar, word in residensiële sorg geplaas. Die eise wat dus aan die kinderversorger gestel word, is omvattend en sowel kinders as kleuters met verskeie ontwikkelingsagterstande en persoonlikheidsversteurings word versorg.
- Die kinderversorger moet oor 'n omvattende, teoreties gefundeerde kennis- en vaardigheidsbasis beskik ten einde die taak te kan vervul.
- Die enigste instrument van intervensie is die kinderversorger self. Die kinderversorger moet dus oor die regte houding beskik waarvolgens kennis en vaardighede op 'n buigbare en nie-veroordelende wyse toegepas word om aan die behoeftes van die kind te voorsien en waarvolgens ontwikkeling bewerkstellig word.
- As instrument van intervensie tree die kinderversorger in interaksie met die kind om verandering te bewerkstellig. Die kinderversorger is dus 'n rolmodel. Introspeksie ten opsigte van die impak van die self, eie motivering, houding,

leerbehoefte en ontwikkelingsareas moet deurgaans deur die kinderversorger gedoen word.

- Die kinderversorger moet deurgaans 'n holistiese mensbeskouing handhaaf en is verantwoordelik daarvoor om die ontwikkelingsareas van die kind op 'n gebalanseerde wyse aan te spreek.
- Die vlak van professionele optrede van die kinderversorger bepaal of 'n nie-terapeutiese / geïnstitutionaliseerde omgewing geskep word, waarbinne die kind geen groei en ontwikkeling beleef nie en of 'n ontwikkelingsgerigte terapeutiese omgewing geskep word.
- Die getraumatiseerde kind beleef deurgaans angs, vrees, hartseer en depressie wat 'n impak op elke faset van die kind se lewe het. Die kinderversorger begelei bykans elke faset van die kind se lewe en moet hierdie lewensruimte tot so 'n mate benut dat heling en ontwikkeling tydens elke faset van die kind se dag gefasiliteer word.
- Die kinderversorger se optrede is dus deurgaans doelgerig en planmatig. Indien hierdie uitkoms nie bereik word nie, sal daar in residensiële sorg slegs in die kind se fisiologiese behoeftes voorsien word en sal geen heling of ontwikkeling plaasvind nie.
- Hoogs professionele optrede waarvoor die kinderversorger verantwoording kan doen, word vereis ten einde effektiewe groei en ontwikkeling van 'n kind in residensiële sorg te bewerkstellig.

5.4.3 Aanbevelings

- Elke organisasie betrokke by kinder- en jeugsorg moet toesien dat kinderversorgers by die Nasionale Vereniging vir Kinder- en Jeugsorgwerkers en die Suid Afrikaanse Raad vir Maatskaplike Diensberoepes registreer en dat kinderversorgers verbind word tot die etiese kode van die profesie. Kinderversorgers se werksure moet so ingeruim word dat hulle (in hulle eie tyd) na forums en ander vergaderings kan gaan en hulself sodoende op hoogte kan hou van die ontwikkeling in die veld.
- Organisasies en individuele kinderversorgers moet op hoogte bly van die ontwikkelinge in die dinamiese veld van kinder- en jeugsorg.
- Organisasies moet met die nodige onderhandelinge beleid opstel waarvolgens personeel verplig word om die nodige opleiding te bekom om hulle voldoende toe te rus vir hulle taak.

- Organisasies moet 'n beleid opstel waarvolgens een van die vereistes vir indiensneming van kinder-en jeugsorgwerkers 'n sekere vlak van opleiding is asook verdere formele opleiding waarvoor die kinderversorger self verantwoordelikheid moet neem.
- Waar organisasies vir die kinderversorgers geleentheid skep tot blootstelling aan verdere opleiding, moet 'n ooreenkoms gesluit word omtrent maniere waarop die werknemer die werkgever kan terugbetaal deur byvoorbeeld 'n aantal diensjare vir die organisasie terug te werk. Sodoende word kontinuïteit en volhoubaarheid in 'n organisasie behou.
- Elke organisasie moet bekwame bestuurders en supervisors in diens neem en/of oplei wat die toepassing van die filosofie, beginsels en teorieë van kinder- en jeugsorg kan fasiliteer en toesien dat die nodige opleiding in die verband geskied.
- Elke organisasie moet prosedures en werkswyses aan die hand van die professie, minimumstandaarde en wetgewing ontwerp wat aanspreeklikheid vereis ten opsigte van die toepassing van die beginsels en praktyke van die beroep asook hulle optrede teenoor 'n kind.
- Elke organisasie moet 'n opleidingsprogram opstel wat elke individuele kinderversorger se opleidingsbehoefte aanspreek, en wat toesien dat sowel kinderversorgers as maatskaplike werkers toegerus word om aan die eise te voldoen om 'n ontwikkelingsgerigte en terapeutiese omgewing te skep waarbinne lewensruimtebehandeling kan plaasvind.

5.5 'n EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE OPLEIDINGSBEHOEFTE VAN DIE KINDERVERSORGER WAT OMSIEN NA DIE KLEUTER

5.5.1 Algemene samevatting

'n Empiriese ondersoek is geloods omtrent die opleidingsbehoefte van die kinderversorger wat na die kleuter omsien. Die ondersoek is geloods ten opsigte van alle kinderversorgers wat met kleuters werk in drie kindertehuise van BADISA, in die Wes-Kaap. Vyftien respondente het aan die ondersoek deelgeneem. 'n Vraelys waarvolgens data ingesamel is, is op grond van 'n literatuurstudie saamgestel. Kwantitatiewe data is op hierdie manier verkry.

5.5.2 Gevolgtrekkings

- Die meeste kinderversorgers (100%) is Afrikaanssprekende dames en 60% is tussen die ouderdom 40 – 55 jaar. Die manlike rolmodel ontbreek dus in 'n belangrike lewensfase van die kleuter wat 'n negatiewe effek het op die geslagsrolidentiteit van die kleuter.
- Daar bestaan 'n gebrek aan kinderversorgers wat formeel opgelei is in kinder- en jeugsorg met toetrede tot die beroep. Die veld is besig om te professionaliseer en eise sal aan personeel wat tans in diens is, gestel moet word om hulle te motiveer om tred te hou met die huidige ontwikkeling in die veld
- Die meeste formele opleiding van toepassing op kinderversorging is deur die werkgewer geïnisieer en slegs 53% van die respondente het die basiese kursus in kinder- en jeugsorg, soos aangebied deur die Nasionale Vereniging vir Kinder-en Jeugsorgwerkers, voltooi. Die vereniging is die grootste opleidingsinstansie vir kinderversorgers. Die kursus word egter nie as voldoende beskou deur respondente nie aangesien slegs 20% van die respondente aandui dat die kursus hulle in hulle taak as kinderversorger toegerus het. Hierdie liggaam bied nie 'n kursus aan in die hantering van die kleuter nie.
- Kinderversorgers het 'n positiewe houding ten opsigte van deelname aan opleiding, maar 'n passiewe houding teenoor die verkryging van opleiding. Dit impliseer dat kinderversorgers geredelik opleiding meemaak indien die werkgewer dit voorsien, maar weinig vanuit eie motivering en optrede.
- Redes waarom kinderversorgers nie studies onderneem nie mag eerstens 'n gebrek aan finansies wees. Kinderversorgers word 'n klein salaris betaal wat verdere studies kan inhibeer. Tweedens werk kinderversorgers oor die algemeen skofstelsels en 'n gemiddeld van 55 werksure per week wat hoofsaaklik in die middag, saans en oor naweke gewerk word. Daar is dus min tyd tot hul beskikking om studies te onderneem en "af tye" moet benut word om te rus.
- Daar bestaan 'n gebrek ten opsigte van opleiding wat spesifiek gerig is op die versorging van die kleuter en slegs 20% van die respondente meld dat die opleiding wat hulle ontvang het hulle voldoende toerus vir hulle versorging van die kleuter.
- In die afwesigheid van 'n teoreties gefundeerde kennis- en vaardigheidsbasis baseer die kinderversorger interaksie met die kind op sy of haar eie

subjektiewe verwysings/ervaringswêreld. In hierdie omstandighede bestaan die gevaar dat oordrag vanaf die kinderversorger na die kind kan plaasvind. Sou die verskynsel bestaan, word disfunksionele denke, emosies, sosiale en morele funksionering in stand gehou en vererger deur dieselfde kinderversorger wat ontwikkeling en herstel by die kind moet bewerkstellig.

- Indiensopleiding word nie konsekwent aangebied nie, maar waar dit wel aangebied word, is dit as waardevol geëvalueer en kan dit as 'n waardevolle hulpmiddel gebruik word om die groei en ontwikkeling van kinderversorgers te bewerkstellig. Indiensopleidingsprogramme slaag egter nie daarin om die opleidingsbehoefte ten opsigte van die versorging van die kleuter aan te spreek nie, want 87 % van die respondente het steeds 'n behoefte hieraan.
- Supervisie word deur al die respondente ontvang en word grotendeels weekliks aangebied. Dit word as waardevol beskou en word in spanverband aangebied, maar dit word ook nie as voldoende beskou om die ontwikkelingsbehoefte ten opsigte van die versorging van die kleuter aan te spreek nie aangesien 87% van die respondente steeds 'n behoefte in die verband het.
- Kinderversorgers werk in moeilike omstandighede en met groot groepe wat 'n direkte invloed het op hulle vermoë om ontwikkelingsgerigte terapeutiese insette ten opsigte van die kleuter of enige kind in hulle sorg te lewer.
- Dit blyk dat daar 'n voorkeur is vir die versorging van 'n gemengde groep kinders eerder as 'n homogene kleutergroep. Die kwaliteit van ontwikkelingswerk wat dan op die kleuter gefokus kan word, verminder.
- Die oorgrootte meerderheid van kinderversorgers, naamlik 87%, het 'n behoefte aan opleiding oor die hantering van die kleuter, met verwysing na belangrike aspekte van ontwikkeling.
- 'n Voldoende vlak van opleiding om toepaslike en relevante sorg aan die kleuter te bied, ontbreek. Die vlak van dienslewering aan die kleuter deur kinderversorgers is nie op standaard nie en die afleiding word gemaak dat daar nie daarin geslaag word om die ontwikkelingsagterstande van die kleuter aan te spreek nie. Optimale ontwikkeling en heling deur middel van interaksie tussen die kind en die kinderversorger vind nie plaas nie. Die geborgenheid wat egter deur die versorgingsituasie geskep word, is opsigself positief.
- Kinderversorgers is nie by magte om lewensruimtebehandeling op kleuters of ander kinders in residensiële versorging toe te pas nie.

- In die lig van die feit dat 'n gebrekkige vlak van opleiding bestaan ten opsigte van die versorging van die kleuter, kan die afleiding gemaak word dat die kinderversorger ook nie oor voldoende kennis beskik om toepaslike vaardighede toe te pas of aan te pas nie. Die houding jeens die versorging van die kleuter is negatief en dit kan direk toegeskryf word aan 'n gebrek aan kennis en vaardighede. Kinderversorgers se professionele optrede is nie op standaard nie en word op eie subjektiewe verwysingsraamwerk gebaseer.
- Die gebrek aan toepaslike kennisvlakke en vervolgens ook vaardighede en tegnieke om gedrag doelgerig ten opsigte van ontwikkeling aan te spreek, dra by tot nie-terapeutiese versorgingspraktyke wat institusionalisering by kinders fasiliteer.
- Kwaliteit residensiële versorging is 'n duur diens, maar kan baie voordele inhou. Terwyl voldoende befondsing nie voorsien word nie, kan die bestuur van residensiële fasiliteite nie voldoende daarin slaag om die kwaliteit van versorging te verhoog nie, tensy volhoubare fondsinsamelingsprogramme geloods word waarvolgens langtermynbeplanning gedoen kan word. Die staat sanksioneer die instelling van residensiële fasiliteite en indien hulle waarde vir hulle geld wil hê, moet voldoende befondsing voorsien word. Die groot verskil in befondsing en gevolglik ook die versorgingsratio tussen privaat- en staatsinstansies, is onaanvaarbaar.

5.5.3 Aanbevelings

- Die hantering van die kleuter in residensiële sorg moet as 'n spesialiteitsveld beskou word. Opleiding wat hierop fokus, moet ontwerp word en beskikbaar gestel word as 'n indiensopleidingsprogram.
- Die Minister van Arbeid, Mnr. M.M.S. Mdladlana het op 20 Maart 2000, 25 SETA's (*Services Sector Education and Training Authority*) gestig. Hierdie instelling bied aan nie-regeringsorganisasies gratis toegang tot opleiding. Die "*Education, Training and Development practices*" Seta bied opleiding in vroeë-kinderontwikkeling en kan as hulpbron genader word.
- Technikon S.A. bied tans 'n diplomakursus in kinder- en jeugontwikkeling asook 'n B Tech graadkursus aan. Kinderversorgers moet tot deelname aan hierdie kursus gemotiveer word aangesien dit ook vroeë kinderontwikkeling aanspreek.

- Werkgewers moet die relevansie van opleiding evalueer aan die hand van die eise wat lewensruimtebehandeling vanuit 'n ontwikkelingsgerigte terapeutiese benadering binne residensiële versorging vereis.
- 'n Prestasiebestuursistiem moet ten opsigte van kinderversorgers in 'n residensiële fasiliteit bedryf word, waarvolgens individuele ontwikkelingsplanne vir elke kinderversorger asook 'n indiensopleidingsprogram saamgestel word wat gereeld geëvalueer word.
- Maatskaplike werkers en supervisors moet ook opleiding in die hantering van die kleuter ondergaan om die toepassing van kennis ten opsigte van elke individuele kind én in groepsverband te bestuur.
- Indiensopleiding en supervisie wat aan die kinderversorger voorsien word, moet fokus op die praktiese toepassing van vaardighede op 'n planmatige en doelgerigte wyse.
- Respondente verkies die versorging van gemengde ouderdomsgroepe, maar oorweging moet geskenk word aan die versorging van homogene kleutergroepe aangesien die toepassing van 'n intervensiemodel binne 'n homogene ontwikkelingsfase meer effektief is. Korttermynbehandeling ten opsigte van die jonger kind is meer realisties aangesien pleegsorgplasinge makliker realiseer. Die inkorporering van potensiële pleegouers by indiensopleiding binne 'n huiseenheid waar kleuters versorg word, kan waarde toevoeg tot die sukses van 'n pleegsorgplasing.
- Kinderversorgers met 'n passie vir die versorging van kleuters moet geïdentifiseer word aangesien dit 'n bepaalde houding vereis.
- Die jonger kinderversorger moet oorweeg word vir aanstelling om na die kleuter om te sien sodat daar aan die eise van hierdie lewensfase voldoen kan word.
- Verdere navorsing kan gedoen word omtrent 'n model vir die hantering van die kleuter in residensiële sorg wat spesifiek fokus op die teoretiese grondslag en die toepassing van intervensie en speltegnieke op individuele vlak en in groepsverband binne die lewensruimte van die kleuter.
- Die studie kan herhaal word ten opsigte van ander residensiële fasiliteite om meer verteenwoordigende data in te samel.

5.6 TOETSING VAN DOELSTELLINGS EN DOELWITTE

5.6.1 Doelstellings

Die doelstelling van hierdie ondersoek was om die aard en omvang van die opleidingsbehoefte van kinderversorgers wat na die kleuter omsien in kinderhuise van BADISA in die Wes-Kaap, te bepaal.

Die navorser het in hierdie doel geslaag. Voldoende inligting is ingesamel deur middel van 'n literatuurstudie en 'n empiriese ondersoek na die opleidingsbehoefte van die kinderversorger wat na die kleuter omsien.

5.6.2 Doelwitte

5.6.2.1 Doelwit 1

Om ondersoek in te stel na kleuterontwikkeling en die effek van plasing in 'n kindershuis op die kleuter se ontwikkeling en gedrag.

Deur middel van 'n deeglike literatuurstudie is die ontwikkeling van die kleuter volledig beskryf. Die effek van die sorgbehoewende kleuter se gesins- en gemeenskaps-omstandighede asook die verwydering en plasing in 'n kindershuis op sy of haar funksionering is beskryf.

5.6.2.2 Doelwit 2

Om ondersoek in te stel na die aard van die opleidingsbehoefte van kinderversorgers wat omsien na kleuters in kinderhuise.

Op grond van 'n deeglike literatuurstudie oor die verwagtinge van kinderversorgers in die praktyk is 'n vraelys saamgestel om te bepaal of kinderversorgers aan hierdie verwagtinge voldoen. Vanuit die data ingesamel deur die voltooiing van die vraelys, blyk dit duidelik dat kinderversorgers nie aan hierdie verwagtinge voldoen nie.

5.6.2.3 Doelwit 3

Om aan die hand van die ondersoek gevolgtrekkings en aanbevelings te maak vir verdere optrede ten opsigte van opleiding aan die kinderversorger werksaam met die kleuter in die kinderhuis.

Gevolgtrekkings en aanbevelings is gemaak op grond van die empiriese studie wat aan die onderskeie instansies betrokke by die studie asook die nasionale vereniging vir kinder-en jeugsorgwerkers oorhandig sal word.

5.7 NAVORSINGSVRAAG

Wat is die aard van die opleidingsbehoefte van die kinderversorger wat na kleuters in 'n kinderhuis omsien?

Die navorsingsvraag is beantwoord aangesien dit vanuit die empiriese studie blyk dat daar beslis opleidingsbehoefte by kinderversorgers omtrent die versorging van die kleuter in die kinderhuis bestaan. Opleiding word as waardevol beskou, maar die huidige opleidingsvlak ten opsigte van die kleuter is onvoldoende.

5.8 SLOTOPMERKINGS

Dit blyk uit die ondersoek dat die versorging van die kleuter 'n spesialiteitsveld is wat bepaalde kennis en vaardigheidsvlakke vereis asook 'n juiste houding om met hierdie ouderdomsgroep te werk.

Die opleidingsbehoefte ten opsigte van die hantering van die kleuter is omvattend. Aandag behoort hieraan geskenk te word aangesien dit direk verband hou met die kwaliteit van ontwikkeling en groei wat by die kleuter plaasvind. Die kleuterfase is 'n kritiese lewensfase en die korrekte hantering hiervan is 'n voorvereiste vir suksesvolle bemeestering van die ontwikkelingsmylpale. Die kinderversorger is in die beste posisie om drastiese gedragsingryping by die kleuter te bewerkstellig, maar sal slegs die taak optimaal kan uitvoer en 'n volwaardige lid van die multi-terapeutiese span kan word indien hulle oor die nodige kennis en vaardighede beskik.

6. BIBLIOGRAFIE

Anglin, J. 2000. *What exactly is Child and Youth Care work?* Available: <http://www.cyc-net.org>. [Mei 2002]

Barnes, F.H. 1985. The Child Care Worker as a Primary Practitioner. *Die Kinderversorger / The Child Care Worker*. 3(2). Februarie, 6 – 12.

Bender, C.J.G. 1999. *Kinderontwikkeling vanuit 'n opvoedkundige perspektief vir MA (MW) speltherapie*. Universiteit van Pretoria: Pretoria.

Bettelheim, B. and Sylvester, E. 1948. A Therapeutic Milieu. *American Journal of Orthopsychiatry*. 18(2): 191 – 206. Available:<http://www.cyc-net.org>., Helpful and unhelpful environments. [Mei 2002]

Bezuidenhout, A. 2001. *Onderhoud met A Bezuidenhout, Hoof van Durbanville Kinderhuis*. 21 Maart, Durbanville Kinderhuis: Kaapstad.

Bigner, J.J. 1994. *Parent-child relations. An introduction to parenting*. 4th edition. New York: Macmillan College Publishing Company.

Bloem, C.H.M. 1995. *Kontakbegeleiding vanuit 'n Gestaltterapeutiese benadering vir ouers en voorskoolse kinders: 'n Maatskaplikewerk perspektief*. Ongepubliseerde MA-verhandeling. Pretoria: Universiteit van Pretoria.

Carson, R.C. & Butcher, J. N. 1992. *Abnormal Psychology and Modern Life*. Ninth edition. New York: Harper Collins Publishers.

Child Care Act, 1983 (Act No. 74 of 1983.) Government gazette. No 4030 of Pretoria: Government Printers.

De Lange, E. 1996. *'n Ouerbegeleidingsprogram vir moeders met kleuters*. Pretoria: Universiteit van Pretoria. (M.A. – verhandeling)

De Vos, A.S. 1998. Combined quantitative and qualitative approach. In de Vos, A. S. (Editor) *Research at Grass Roots: A Primer for the Caring Professions*. Pretoria: J.L. van Schaik Publishers.

De Vos, A.S., Schurink, E.M. & Strydom, H. 1998. The nature of research in the caring profession. In De Vos, A. S. (Editor) *Research at Grass Roots A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. Van Schaik Publishers.

De Vos, A.S. & Van Zyl, C.G 1998. The grounded theory methodology. In De Vos, A.S. (Editor) 1998. *Research at grassroots. A primer for the caring professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Du Toit, S.J. & Kruger, N. 1991. *Die Kind: 'n Opvoedkundige Perspektief*. Durban: Butterworths.

Fouche, C.B. & De Vos. A.S. 1998a. Problem formulation. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grassroots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J. L. Van Schaik Publishers.

Fouche, C.B. & De Vos. A.S. 1998b. Selection of a research design. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grassroots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J. L. Van Schaik Publishers.

Fouche, C.B. 1998. Data collection methods. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grassroots. A primer for the caring professions*. Pretoria: Van Schaik Publishers.

Fouche, H.A. & Nieuwoudt, J.M. 1991. Selfaktualisering binne die Kinderhuis. *Maatskaplike werk / Social Work*, 27(2), 165 – 174.

Gannon, B. 2002. Do-it-yourself definitions of Child Care Work. Available: <http://www.cyc-net.org>. [Mei 2002]

Gerber, R & Slavin, B. *Care worker and social worker compare jobs*. <http://www.cyc-net.org/cyc-online/cycol/0300-gerber-slavin.html> (14 March 2000).

Graham, P.; Turk, J. & Verhulst, F. 1999. *Child Psychiatry: A developmental approach*. Third edition. New York: Oxford University Press.

Grinnell, R.M. & Williams, M. 1990. *Research in Social Work A primer*. Illinois: S.E. Peacock Publications.

Harvey, E.W. 1994. Service conditions and status of Child Care Staff. *Die kinderversorger / The Child Care Worker*, 4(2).

Henn, S.M. 2001. *Die Basiese Kursus in Kinderversorging: 'n Ondersoek na die integrasie van teorie en praktyk*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling. Vrystaat: Universiteit van die Vrystaat.

Huysamen, G.K. 1993. *Metodologie vir die sosiale en gedragwetenskappe*. Pretoria: Sigma Pers.

Jennings, S. 1993. *Playtherapy with children. A practitioner's guide*. Blackwell Scientific Publications: London.

Kaffiak, L. 2002. *KISS AND TELL: A Canadian perspective on the Training of Child an youth Care Workers*. Available: <http://www.cyc-net.org>. [Mei 2002]

Kroon, S. 1993. *Biblioterapie in die behandeling van die Kinderhuiskind*. Ongepuliseerde M.A. – verhandeling. Potchefstroomse Unversiteit vir Christelike Hoër Onderwys: Potchefstroom.

Krueger, M.A. 2000. Central Themes in Child and Youth care. Available: <http://www.cyc-net.org>. [Mei 2002]

Kruger, N. & Du Toit, S.J. 1991 *Die kind. 'n Opvoedkundige perspektief*. Butterworth: Durban.

Le Roux, J. 1994. *The black child in crisis: A socio-educational perspective*. Pretoria: Sigma Press.

Linde, A. 2001. Onderhoud met Pre-primêre onderwyseres van Pampoenkraal Pre-primêre skool. 22 Maart, Durbanville Kindehuis: Kaapstad.

Llyons, L. 1993. *Child and Youth Care. Study guide*. Pretoria: University of South Africa.

Louw, A. 2001. Onderhoud met Opvoedkundige sielkundige, A Louw. 22 Maart, Durbanville Kinderhuis: Kaapstad.

Louw, D.A. 1990. *Menslike ontwikkeling*. Tweede uitgawe. Durban: Haum Tersiêr.

Louw, K.L. 2001. Onderhoud met K.L. Louw, Praktyk Supervisor by Durbanville Kinderhuis. 21 Maart 2001, Durbanville Kinderhuis: Kaapstad

Maier, H.W. 1981. Essential Components in Care and Treatment Environments for Children, Chapter 2 in Ainsworth, F. and Fulcher, L.C. (Eds) *Group Care for Children: Concepts and Issues*. London and New York, Tavistock Publications. Available:<http://www.cyc-net.co.za>., Thinking about the Life Space. [Mei 2002]

Marks, L & De Bruyn, M. 1992. *Social Work. Study guide for MWK 201 A*. Pretoria: University of South Africa.

Murray Thomas, R. 1996. *Comparing Theories of Child Development*. Fourth edition. New York : Brooks / Cole Publishing Company.

Oosthuizen, S. 2003. Onderhoud met werknemer van NACCW. 30/10/03, Telefonies: Kaapstad.

Porter, C. 1983. *Terapie met die sorgbehoewende kind*. Ongepubliseerde D. Phil – proefskrif. Universiteit van Pretoria: Pretoria.

Roberts, J.I. 1990. The Feelings of Emotionally Abused Children. *Maatskaplike werk / Social Work*, 26(1), Maart: 33 – 45.

Rose, L. 2001. *On being a child and youth care worker*. Available: <http://www.cyc-net.org>. [Mei 2002]

Santrock, J. W. 1997. *Life-Span Development* Sixth edition. London: Broom: Benchmark Publishers.

Schoeman, J.P. & Van Der Merwe, M. 1996. *Entering the child's world – a play therapy approach*. Pretoria: Kagiso.

Schoeman, S. 2001. *Onderhoud met opvoedkundige sielkundige, S. Schoeman*. 23 Maart, Durbanville Kinderhuis: Kaapstad.

Smith, R. 1981. *Leer die Kind Ken: Riglyne vir die Maatskaplike Werker*. Goodwood: Nasionale Boedrukkery.

South African National Council for Child and Family Welfare. 1987. *A guide to foster care practice in South Africa*. Johannesburg. The Natal Witness (PTY) Ltd.

Steenberg, E. 1995. *Die effek van 'n kreatiewe kunsterapeutiese program op die psigologiese funksionering van Kinderhuiskinders*. Ongepubliseerde M.A.-verhandeling in Kliniese Psigologie. Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër onderwys: Potchefstroom.

Strydom, H. 1998. Ethical aspects of research in the caring professions. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grassroots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. Van Schaik Publishers.

Strydom, H. & De Vos, A.S. 1998. Sampling and sampling methods. In De Vos, A.S. (Ed.) 1998. *Research at grassroots. A primer for the caring professions*. Pretoria: J.L. Van Schaik Publishers.

Trieschman, A. E. 1969. Understanding the Nature of a Therapeutic milieu. In Trieschman, A.E.; Whittaker, J.K. & Brendtro, L.K. (Student Edition) 1969. *The Other 23 hours*. Aldine De Gruyter: New York.

Vaktaalkomitee vir Maatskaplike Werk. 1995. *Nuwe Woordeboek vir Maatskaplike Werk*. Kaapstad. CTB Bock Printeys.

Van Niekerk, A. 2001. Onderhoud met speelskool onderwyseres, A Van Niekerk van Karnallies Speelskool. 22 Maart, Durbanville Kinderhuis: Kaapstad.

Van der Merwe, M. 1996. Basic components of play therapy. In Schoeman, J.P. & Van der Merwe, M. 1996. *Entering the Childs world – a play therapy approach* Pretoria: Kagiso.

Van der Merwe, R. 1987. Die Emosionele Ervaringswêreld van die Kinderhuiskind. *Die Kinderversorger / The Child Care Worker*. 5(4). April, 3 – 5.

Venter, E.H. & Schoeman, J.P. 1999. 'n Riglyn vir Ouers Ten Opsigte van die Verhoging van die Kind se Emosionele Bewussynsvlakke. *Maatskaplike werk / Social Work*, 35(4), 322 – 332.

Verklarende Handwoordeboek van die Afrikaanse Taal. 1994. Perskor Uitgewery: Midrand.

Witskrif vir Maatskaplike Welsyn. 1997. *Staatskoerant*, 8 Augustus: 59.